**BRAINGAIN:**
A REPORT ON SMART DRUGS

Naked Lunch 37 ✓
Slagplaas, 26

5 - 12 MAART 1993 R3,00 (BTW INGESLUIT)

# vrye weekblad



## charlie chaplin

**david frost**

**koos prinsloo**


**gay pare, kinders en die wet**

**ng kerk steeds buite**

# INHOUD N° 212

5 - 11 Maart 1993

**16 & 17 Kinders, homoseksuele en die reg...** Regsgeleerdes sê al hoe meer sake beland in die egskeidingshowe waarin een van die ouers homoseksueel is en waarby kinders betrokke is. Wat doen die Suid-Afrikaanse reg met die kinders van gay ouers?



**18 & 19** Interviewing the interviewer... **STEVE WEINMAN** interviews **sir David Frost** on the art of making people speak out

**20 - 24 Charlie Chaplin,** die universele nar. Richard Attenborough se biografiese rolprent oor die speler wat Hollywood help skep het, word vandag uitgereik. Die waardering wat **ANDREA VINASSA** vandag vir Chaplin koester, is nie aan die regisseur te danke nie...



**26 & 27 Koos Prinsloo** praat openhartig oor *Slagplaas*

**29 & 30** The pharmaceutical market is slowly being infiltrated by legal drugs that can, say users, boost human intelligence and increase memory. **CHARL BLIGNAUT** reports


Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/4016806).


**WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:**
Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.
**POSADRES:** Posbus 177, Newtown 2113.
**TELEFOON:** (011) 836-2151
**FAKS:** 838- 5901

**PRETORIA-KANTOOR** (012) 83-4879

**REDAKTEUR:** Max du Preez
**ASSISTENT-REDAKTEURS:** Andrea Vinassa (kuns), Ina van der Linde
**POLITIEKE KORRESPONDENT:** Hennie Serfontein
**SUB-REDAKTEUR:** Ryk Hattingh
**KOPIEREDAKTEUR:** Johannes Bruwer
**ONTWERP:** Anton Sassenberg
**VERSLAGGEWERS:** Christelle Terreblanche, Esma Anderson, Wally Mbhele, Charl Blignaut, Christi van der Westhuizen, Virginia Keppler
**OMGEWINGSKONSULTANT:** Tienie du Plessis
**REDAKSIE-ASSISTENT:** Nicolette Viljoen
**FOTOREDAKTEUR:** Sally Shorkend

**FINANSIËLE BESTUURDER:** Mark Beare
**BESTUURDER (BEMARKING):** Lille van der Walt

**KANTOOR-ASSISTENTE:** Joseph Moetaesi, Vernon Zulu


## AKTUEEL


4 DIÉ WEEK
8 DIE NG KERK STEEDS IN DIE KOUE
9 IEWERS TUSSEN HOOP EN WANHOOP
13 DIE ERFENIS VAN CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS


## OMGEWING


12 RENOSTERS HET BEWAARDERS OP HORINGS


## RUBRIEKE & MENINGS


3 VRYDAGOGGEND SAAM MET INA VAN DER LINDE
10 BRIEWE VAN ONS LESERS
11 REGSPRAATJIES DEUR JURIE DE WET
28 NETTIE PIKEUR EN PLANT 'N BOOM
33 KLIPOOG OOR DIÉ WEEK SE TV


## BOEKE


25 LIBERTYN OOR DIE EISTEDFODD-JUFFROU EN DIE DIGTERS


## KUNS EN VERMAAK


31 JOHANNES BRUWER KYK NA *EASING THE PASSING (OF THE HOURS)*
34 *THE SHOW'S NOT OVER 'TIL THE FAT LADY SINGS*
35 RESENSIES VAN DIE DANSSAMBREEL EN DIE CHINESE AKROBATIESE SIRKUS
36 'N PROFIEL VAN CINDY SAMPSON
37 *NAKED LUNCH*


## GIDSE


38 WATTER MOVIE WYS WAAR
40 VRYE KEUSE

# so sê hulle

"Ek hou nie van die wêreld daar buite nie. Ek is gelukkig hier tussen my 'bome van lewe'. Dit is my Eden."
**COLIN SEFTEL,** *29, wat dié week in hegtenis geneem is nadat hy poedelnakend deur Sandton se strate geloop en viool speel het. Daar is afgekom op sowat 30 daggaplante rondom die rondawel waarin hy woon*

"Before, we were happy. We welcomed the Americans. Now we say: go if you don't help us. We don't want any Morgan. Morgan is not for Somalia."
*A Somalian who believes US troops have not done enough to thwart the territorial ambitions of warlord. Mohammed Said Hersi is better known as Morgan*

"Ons gaan die Polisie só aanpas dat hy die respek en vertroue van die allergrootste deel van die bevolking geniet. Ons gaan van die Polisie 'n dinamiese organisasie maak wat die uitdagings van die tyd met vertroue en sukses die hoof kan bied."
**GENL JOHAN VAN DER MERWE,** *Komissaris van Polisie*

"Die doodstraf gaan nie respek vir die Polisie kweek nie. Dit gaan slegs gedoen word met die instelling van 'n goed opgeleide, goed gedissiplineerde en professionele mag in 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika."
**ANDRIES NEL** *van Regslui vir Menseregte in reaksie op genl Johan van der Merwe se beroep op die herinstelling van die doodstraf vir mense wat polisiemanne vermoor*

"We're a brand new underclass."
**DAVE BENTON,** *head of the United Smokers Association of America, on government efforts to eliminate cigarette smoking in public places*

"Hy het triomfantelik sy wit onderbroek soos 'n vlag in sy regterhand bo sy kop gehou..."
**ALLAN BARNARD,** aankondiger van die Tatoe by die Kaapse Skou waar 'n kaal ruiter die geleentheid onderbreek het

"I feel strongly that society needs to condemn a little more and understand a little less."
British Prime Minister **JOHN MAJOR,** *reacting to the murder of a 2-year old boy in Liverpool with a call for tougher anti-crime measures*




Dov Fedler in *The Star*

# het jy geweet?

**In navorsing oor tydbesteding in die VSA is bevind dat die gemiddelde burger in 'n leeftyd sowat ses jaar bestee aan eet, vier jaar aan skoonmaak, twee jaar aan pogings om mense terug te bel wat hulle gebel het, ses maande aan wagtyd by verkeersligte, een jaar aan 'n gesoek na dinge wat hulle iewers neergesit het, en agt maande aan die oopmaak van rommelpos.**
**In 'n peiling van duisend getroude mense is verder bevind dat egpare gemiddeld sowat vier minute per dag emstig met mekaar gesels en dat werkende ouers gemiddeld sowat 30 sekondes per dag met hul kinders gesels.**

# vrydagoggend

## MET **INA VAN DER LINDE**



## Op soek na 'n brug oor ons kloof

**DIE** kwessie van *Roots*. Tot reg aan die einde van sy lewe het Alex Haley volgehou dat dié boek die ware genealogie van sy familie weergee. 'n Familiegeskiedenis wat hy deur jare van noukeurige navorsing kon terugvoer tot die dag en datum toe 'n jong Wes-Afrikaan met die naam Kunta Kinte deur slawehandelaars gevang en in 1767 op 'n skip na Amerika gelaai is.

Nou, ná sy dood, blyk dit dat die Pulitzer-pryswenner se aansprake dat *Roots* op historiese - en nie net literêre nie - feite berus, onwaar is. *The Village Voice,* 'n linksgesinde New Yorkse weekblad, het dit veel sterker gestel. Hulle noem die boek 'n "elaborate end carefully nutured hoax".

'n Hele geslag swart Amerikaners meen Haley het hulle vir die gek gehou. Dokumente wat ná sy dood beskikbaar gestel is, het onthul dat die feitelike geskiedenis van sy oervoorsaat wat as slaaf in Amerika aangekom het, 'n verdigsel is.

Roots het swart Amerikaners hul eerste ware besef gegee van wortels wat dieper lê as 'n vernederende slawerny. Dit gaan oor 'n identiteit in die verre Afrika met voorouers met trotse stamtradisies, heeltemal vry en onafhanklik.

Dit gaan terug na die voorgeslagte van die slaaf Toby, ofte wel Kunta Kinte, na die Mandinka-stam in Gambië, Afrika.

**DIE OOMBLIK WAAR** Haley in sy lang soektog na sy voorgeslagte uiteindelik by die dorpie in Gambië aankom en die dorpswysgeer, Fofana, hom die oorgedraagte mondelinge geskiedenis vertel van die dag toe Kunta Kinte verdwyn het, is aangrypende leesstof. Hier is dié man wat ná 'n leeftyd van soek uitgekom het by sy oorsprong, sy beginpunt.

Haley is nie verniet die skrywer van *The Autobiography of Malcolm X* nie. Roots was deel van die groot Swart Bewuswording, wat vandag nog voortwoed in die hele debat rondom "Afrocentrism".

Die ontnugtering rondom die ontdekking dat daar dalk nooit 'n Kunta Kinte was nie, of ten minste dat Kinte nie Toby was nie, is te begrype. Maar mense wat daarmee die hele boek wil afskryf, verstaan bloot nie waaroor Roots ten diepste gaan nie.

Dit gaan oor die patos van ontworteling, van die soeke na identiteit, van 'n man wat sal lieg, bedrieg of leen ter wille van wortels waarop hy en sy geslag trots kan wees.

En die debat duur steeds voort. Salim Muwakkil stel dit laasweek in VWB so: "This new vogue (Afrocentricity) is simply the latest manifestations of African-Americans' ongoing search to discover what was lost between the African homeland and the American plantation. The search for the lost cultural connection to Africa has fueled our historical attraction to nationalism and is a legitimate, perhaps even necessary, quest. Afrocentrist theories contend, and I agree, that the epidemic of violent crime currently rocking so many black communities and exacerbating racial tensions is rooted in that loss."

**VIR ONS IN SUID-AFRIKA** behoort hierdie soeke na kulturele wortels heeltemal sin te hê. Dit geld die Afrikaner, dit verklaar die vrese van Inkatha, en dit verklaar die debat rondom die bruin stem.

Die vraag waar bruinmense in 'n verkiesing gaan stem, is die laaste paar weke op die voorgrond. Dis nou eenvoudig so dat die politiek in die land met etniese lyne langs loop, soos ons verkiesingsartikels van die laaste tyd duidelik sê. Die meerderheid Afrikaners stem Nasionaal of KP, die meerderheid Engelse stem DP of NP, die meerderheid Zoeloes vir Inkatha, Xhosas vir die ANC of die PAC, die Sotho's oor die algemeen ANC.

Die enigste groot groep waar niemand met te veel sekerheid kan sê nie is die bruines. En die rede hiervoor het te make met wortels - en die soeke na wortels.

Die geskiedenis van die bruinmense in die land is van 'n groep mense wat etnies by die wittes en meer spesifiek die Afrikaners sou tuishoort. Maar die Afrikaners wou hulle nie hê nie - en al vry die NP nou kliphard na hulle, sny apartheid nog te na aan die been om dit sommer so af te skud.

**UIT VERLEDE SONDAG** se *Agenda* was dit maar alte duidelik dat hulle ook nie heeltemal gemaklik voel by die ANC nie. Die oorgrote meerderheid is vrek bang vir swart oorheersing. Vraestellers op *Agenda* het onder meer gesê onder 'n unitêre stelsel sal die bruinmense net wéér onderdruk word; die ANC praat van bruinmense as "a discredited nation" (dis weliswaar later ontken); daar is gewys op die groot kultuurverskille (tussen bruin en swart).

Wanneer dan gekyk word na bruin wortels wat diep in die Suid-Afrikaanse grond lê, wil 'n mens met Allan Hendrickse saamstem dat daar gesoek moet word na 'n nuwe identiteit. Die fout wat gemaak is in die land is om identiteit met wortels te verwar. Dis juis wanneer jy weet wat jou wortels is dat jy kan begin soek na 'n identiteit en in dié geval een wat nie deterministies-etnies is nie maar bepaal word deur waardes soos demokrasie en doodgewone ordentlikheid. 'n Mens wil hoop dat die bruin gemeenskap vir ons dié brug kan slaan; 'n brug waaroor wit en swart kan opgaan in 'n identiteit wat lê in Suid-Afrikanerskap.

# dié week

## ANGOLA EN SUID-AFRIKA TAKEL MEKAAR

**'N OORLOG** van woorde tussen Angola en Suid-Afrika wat lankal dreig, het dié week losgebars.

Ná maande waarin die MPLA-regering in Luanda Suid-Afrika beskuldig het van voortgesette hulpverlening aan Unita-rebelle en ongemagtigde vlugte oor sy grondgebied, het teenaantygings dié week van Suid-Afrika gekom. Beskuldigings word nou oor en weer geslinger - gepaard met die gebruiklike amptelike ontkennings.

- 'n Berig in die *Weekly Mail* verlede week het die SAKP se bewerings oënskynlik gestaaf dat Russiese vliegtuie deur Suid-Afrika gehuur word om hulp aan Unita van Bophuthatswana te vervoer. Die gerugte is uit alle oorde ontken en daar word nou gesê die vliegtuie word gebruik vir noodleniging. Die koerant het intussen verskoning aangeteken.
- Daarna is beweer dat die Angolese regering in die beleërde Sentraal-Angolese stad Huambo, twee wit Suid-Afrikaanse soldate gevang wat Unita bygestaan het. Hulle kon egter nie die name verstrek nie, weens kommunikasieprobleme met Huambo.
- Dié nuus was skaars koud toe Suid-Afrikaanse Sondagkoerante bekendmaak dat die MPLA-regering huursoldate in Suid-Afrika werf. Militêre Inligting (MI) het glo foto's geneem van die Angolese saakgelastigde in Pretoria, Manuel Augusto, wat besig was om soldate te werf. Van hulle is moontlik nog lede van die weermag, terwyl ander oud-lede van 32 Bataljon of MI se Direktoraat van Koverte Insameling kan wees.

  Gene Louw, minister van Verdediging, het gewaarsku dat weermaglede wat hulle as huursoldate beskikbaar stel, die wet oortree en gestraf sal word.
- Vir die eerste keer sedert Angola se bewerings van hulpverlening in Desember begin het, het die regering gesê hy sal streng optree teen enige onwettige vlugte vanuit sy grondgebied, asook die werwing van huursoldate deur óf Unita óf die MPLA-regering van Angola. Die Direktoraat van Burgerlike Lugvaart gaan lughawens, burgerlike vliegtuie en vlugplanne strenger dophou. Die SAKP het verlede week gevra dat internasionale monitors toegang kry tot radarstasies in Transvaal.
- Ook die ANC het dié week met etensuurbetogings gereageer teen SA se vermeende betrokkenheid in Angola. 'n Brief is aan pres Bill Clinton van Amerika gestuur, waarin die ANC hom vra om te verseker dat alle hulp aan Unita, veral van SA en Zaïre gestaak word. Die brief vra ook die diplomatieke erkenning van die MPLA-regering se oorwinning in verlede jaar se verkiesings.
- Intussen het die VVO alle pogings om die strydende partye in Angola om die onderhandelingstafel te kry, afgelas nadat Unita dit tot dusver geboikot het.
- Die gevegte rondom Huambo, waar minstens 15 000 mense sedert Januarie gesterf het, duur voort. Die VVO se Kinderfonds (Unicef) het dié week bekendgemaak dat Angola die hoogste sterftesyfer vir kinders onder vyf jaar ter wêreld het. In Luanda word tot 300 kinders per dag begrawe;
- Sowat drie miljoen Angolese ly honger. In Luanda, waar die watertoevoer 'n maand gelede gesaboteer is, het 'n cholera-epidemie uitgebreek. Sowat 300 000 mense moes al wegtrek en sommige vlug nou na Namibia en Zaïre.
- Die VVO se Sekretaris-generaal, Boutros Bougros-Ghali, sê dis 'n "menslike tragedie van ontsaglike omvang" en kan vererger. Daar word nou verwag dat die gesamentlike span waarnemers van Amerika, Rusland en Portugal in Angola Unita amptelik vir die toestand aanspreeklik sal hou en ingrypende stappe sal doen om dit te beredder. Hulle oorweeg reeds die lewering van wapens aan die MPLA ondanks die bepalinge van die Bicesse-vredesooreenkoms wat tot die verkiesing gelei het.

- CHRISTELLE TERREBLANCHE

## EEN SE DOOD, ANDER SE BROOD

**DIE** handelsrand se waarde het dié week 'n laagtepunt bereik en dis maar net die begin, sê finansiële kenners. Die rand se wisselkoers teenoor die dollar het Dinsdag tot R3,15 gesak, teenoor Vrydag se sluitingsvlak van R3,145.

Die skerp daling het glo niks met plaaslike ekonomiese faktore te maak nie, maar is uitsluitlik aan 'n sterker dollar in die internasionale markte toe te skryf. Die dollar het verstewig op grond van verwagtinge dat Duitsland vandeesweek aan internasionale druk gaan toegee en sy rentekoerse sal verlaag.

Dis dus koebaai aan oorsese reise en slegte nuus vir invoerders. Die verwagting is dat invoergoedere se pryse gaan styg - en daarmee saam die inflasiekoers. Uitvoerders en veral goudmyne juig daarenteen. Die randprys vir goud het onmiddellik ná ontvangs van die nuus tot R1 037 per ons verstewig en dié neiging gaan na verwagting voortduur.

- Intussen het die Johannesburgse Effektebeurs al meer as R14 000 miljoen in drie weke verloor - veral weens die "donker prentjie" wat oor die ekonomie en die komende begroting geskilder is. Die nywerheidsindeks het in dié tydperk met byna 10 persent gedaal.

Verhogings in persoonlike en maatskappybelasting, BTW en die petrolprys word verwag.

## GONIWE-MOORD: KOM DIE WAARHEID NOU UIT?



Matthew Goniwe... ondersoek na sy dood word hervat

**DIE** hoop het opgevlam dat ons uiteindelik gaan uitvind wie die Oos-Kaapse aktivis Matthew Goniwe en sy drie vriende agt jaar gelede vermoor het. Die geregtelike ondersoek na hul geheimsinnige dood is dié week in die Hooggeregshof in Port Elizabeth hervat.

Die vermoordes se lyke is destyds in 'n uitgebrande motorwrak gevind. Die aanvanklike doodsondersoek is in 1989 afgelas nadat bevind is dat daar geen bewyse is dat hul dood veroorsaak is deur " 'n persoon of persone wat uitgeken kon word" nie. Die saak het egter bly spook namate meer inligting oor die veiligheidsmagte se klandestiene operateurs soos die BSB aan die lig gekom het.

In Mei verlede jaar het genl Bantu Holomisa, Transkei se militêre leier, 'n dokument aan die media gegee wat bewys lewer van 'n militêre sein wat kort voor hul dood "die permanente verwydering uit die gemeenskap" van Goniwe gelas het. Drie Weermag-offisiere - kol Lourens du Plessis, "Joffel" van der Westhuizen (vermeende stigter van die berugte "Hammer"-eenheid), en genl-maj JFJ van Rensburg - word in die dokument genoem. Hulle is al drie gelas om te getuig.

In Maandag se heropening het Van der Westhuizen, hoof van Staf Inligting van die Weermag, "ten sterkste" ontken dat hy ooit die moorde van Goniwe, Fort Calata, Sparrow Mkonto en Sicelo Mhalauli "beplan of goedgekeur" het.

Maar in een van die stapels beëdigde verklarings wat Maandag deur Mike Hodgen, prokureur-generaal van die Oos-Kaapse prok-genl ingehandig is, word gesê dat Goniwe in die maande voor sy dood so 'n kopseer vir die staat geword het dat die destydse minister van polisie, Louis le Grange, gevra is om moontlike optrede teen hom te oorweeg.

In nog 'n verklaring, sê genl PJ Coetzee, 'n voormalige bevelvoerder van die SAP veiligheidstak in die Oos-Kaap, en lid van die ontbinde Staatsekuriteitsraad, 'n hoogsgeheime dokument is voorberei vir moontlike optrede teen Goniwe, vir oorweging deur Le Grange.

Genl Van Rensburg erken hy het 'n boodskap ontvang wat die "permanente verwydering uit die samelewing" van Goniwe aanbeveel het en dat die bewoording hom "gepla" het. Volgens hom is die sein deur Van der Westhuizen gestuur. 'n Seinman van Oostelike Provinsie Kommandement het erken dat hy persoonlik verantwoordelik was vir die stuur van die sein en dat dit deur kol Du Plessis geteken was.

Du Plessis het erken dat die sein gestuur is. Die saak is tot 8 Maart verdaag om die partye kans te gee om moontlike getuies te dagvaar.

- CHRISTELLE TERREBLANCHE

## NOU BEGIN DIE GROOTSTE INDABA OOIT

**DIE** beplanningskonferensie wat Vrydag 5 Maart (vandag) en Saterdag in die World Trade Centre by Kempton Park gehou word, is die produk van die mees intensiewe onderhandelingsproses in die Suid-Afrikaanse geskiedenis - en daar is hoop.

Ondanks talle moontlike struikelblokke, is die mense betrokke by die onderhandelinge vol moed dat wat ookal dié twee dae mag gebeur, dit uiteindelik die weg sal baan vir die hervatting van veelparty-onderhandelinge - miskien selfs al dié maand.

Dit is die mees omvattende en verteenwoordigende konferensie tot dusver in die land. Partye na links en regs soos die PAC en Azapo en die KP, die Afrikaner Volksunie (AVU) en moontlik ook die Afrikaner Vryheidstigting (Avstig) sal vir die eerste keer by die onderhandelingstafel aansit.

Dit is steeds 'n ope vraag of al die partye inderdaad by die hervatting van Kodesa of sy opvolger sal opdaag. Veral oor die PAC en die KP is daar nog twyfel.

Op die beplanningskonferensie sal veral die KP fyn dopgehou word. VWB verneem die KP is vas van plan om die beoogde VPK te saboteer as dit neerkom op 'n hervatting van Kodesa - wat inderdaad die geval gaan wees.

Die KP hoop blykbaar om oor een of ander saak 'n konfrontasie af te dwing. Kry hy nie sy sin nie, waarskynlik oor sake soos partisie en 'n blanke staat, dan kan die party uitstap.


Die KP se strategie is blykbaar gegrond op die hoop dat sy medevennote in Cosag (Concerned South Africans Group) sáám met hulle die saal sal verlaat. VWB verneem egter dit is hoogs onwaarskynlik dat die IVP die KP sal volg. "Ons gaan binne bly en daar baklei om ons saak te stel," sê 'n IVP-leier.

Bophuthatswana en Ciskei word in dié stadium as moontlike ondersteuners van 'n KP-uitloopaksie gesien.

Die bespreking Vrydag sal gaan oor die stand van onderhandelinge, terwyl Saterdag aan die toekoms daarvan gewy sal word.

'n Senior onderhandelaar sê aan VWB vier belangrike sake moet opgeklaar word:

- Wat is die status van die Kodesa-ooreenkomste? En in watter mate bind dit die beplande VPK?
- Watter meganismes kan geskep word om skaakmat-situasies tydens die VPK te ontlont? By die ou Kodesa was daar 'n konsep bekend as "sufficient consensus" wat daarop neerkom dat as die ANC en NP oor 'n saak ooreenstem, dit aanvaar word. Die IVP gaan in dié verband voorstel dat 'n raad van leiers van al die partye geskep word waar die VPK kan appelleer as sake vasbrand;
- Wie gaan in beheer wees van die praktiese organiseerwerk van die VPK? Dit behels die sekretariaat en ander verwante sake. By Kodesa is dit beheer deur die Concerned Business Movement (CBM), maar daar is besware van die IVP dat die notules nie altyd onpartydig was nie en dat die NP en die ANC deur die sekretariaat bevoordeel is.
- Die agenda van die komende VPK. 'n Kernvraag is watter saak eerste op die sakelys moet kom. Die IVP dring daarop aan dat die eerste twee sake moet gaan oor die ontbinding van MK en die vorm en struktuur van die toekomstige staat. Dit is hier waar die eise van Buthelezi dat daar reg aan die begin besluit moet word of die nuwe Suid-Afrika 'n unitêre of federale staat gaan wees, ter sprake kom.-HENNIE SERFONTEIN




## BOSHOFF LAAT KP BLOOS

**DIE** ontmoeting dié week tussen Nelson Mandela, president van die ANC, en Carel Boshoff, leier van die Afrikaner Vryheidstigting (Avstig), is simbolies van groot belang in die politiek.

Boshoff was die heel eerste regse politikus en leier wat ooit met die ANC gepraat het - skaars drie weke ná die Groote Schuur-beraad in Kaapstad in Mei 1990.

Boshoff se ontmoeting met Mandela op die vooraand van dié naweek se beplanningskonferensie vir 'n veelpartyberaad, skep verdere verleentheid vir die KP-leierskap. Die ontmoeting en Boshoff se uitsprake daarna maak dit duidelik dat hy glo sy ideale vir 'n eie Afrikanerstaat gaan slegs deur onderhandelinge verwesentlik word.

Boshoff sê aan VWB: "Mandela het spesiaal sy siekbed verlaat omdat hy 'n gesprek met ons as van besondere belang beskou het. Hy was voorsitter van die gesprek, was uiters hoflik, sonder enige venyn. Ons was beïndruk met die manier waarop hy die gesprek hanteer het."




## PAC/APLA DEADLOCK REMAINS

**APLA'S** upper hand over the PAC became more evident this week when talks between the government and the combined PAC and Apla delegations in Gaborone, Botswana, failed to reach agreement on the suspension of the armed struggle.

It became clear that talks were already hanging by a gunstrap when the meeting was disrupted by news of a telephone call by an alleged Apla operative to the news agency Sapa.

In the phone call "Carl Zimbiri" - a man claiming to be the highest commander of Apla operatives inside the country - bluntly made it clear that "Apla cadres" were not going to be part of whatever deal came out of the meeting to suspend the armed struggle, "either from the PAC or Apla's exiled high command".

The meeting, described by the government as "difficult and discouraging", ended in deadlock as the PAC refused to suspend the armed struggle.

Law and Order Minister Hernus Kriel, who headed the government's delegation, said the PAC refused to accept a three-phased proposal to suspend armed hostilities.

The government's proposal suggested that the PAC place a moratorium on its armed activity, that the moratorium be reviewed by the PAC congress when it meets later this year and that the future of all armed forces in South Africa be given top priority in discussions within a multiparty forum.

Though the PAC rejected the proposals, saying they will be discussed by the organisation's NEC later this month, it did not clearly spell out whether it would take part in future constitutional negotiations.

It has become an open secret that the PAC is keen to be part of negotiations for a "new South Africa" - but the organisation finds it difficult to take part in the face of heavy pressure from Apla, which by all indications operates independent of its mother body and refuses to suspend of the armed struggle.

Since the government and the PAC began a series of bilateral discussions in 1991, the two sides have never reached any agreement and the PAC has refused to clarify its relationship with Apla except to say it's their military wing.

It is possible the PAC, which was accompanied by Apla to the meeting, knew that nothing fruitful was going to emerge from it. So it seems it was yet another round of just talking for the sake of talking. - WALLY MBHELE



Frederik van Zyl Slabbert en Alex Boraine

## NUWE WAGHOND VIR SA

**DIE** beoogde "Demokratiese Forum" wat as 'n waghond vir die liberale demokrasie in Suid-Afrika gaan optree, sal waarskynlik ook terselfdertyd die grondslag vorm van 'n nuwe politieke party wat moontlik na die eerste algemene verkiesing in April volgende jaar geloods gaan word.

Dit blyk uit verskeie gesprekke met persone in die politiek en Idasa na afloop van die onlangse konferensie in Sintra, Portugal, wat deur die Friedrich Neumann Stiftung befonds is. Sleutelfigure in die konferensie was dr Frederik Van Zyl Slabbert en Alex Boraine, mede-direkteure van Idasa.

Na afloop daarvan is aangekondig dat Boraine en Oscar Dhlomo, direkteur van die Instituut vir 'n Veelparty Demokrasie, gevra is om 'n nuwe forum te loods sodat demokratiese waardes in die politiek en die breë burgerlike sameleweing bevorder kan word.

Dit is betekenisvol dat Boraine in verskeie onderhoude met die media en ook aan VWB beklemtoon het dat daar "nie plek vir 'n politieke party in die stadium is nie", met ander woorde die deur word oopgehou. Slabbert se naam word gereeld in dié verband genoem as die leier van so 'n nuwe party. Slabbert sê aan VWB: "Ek raak hoogs geïriteerd oor dié spekulasie. Daar is geen sprake van partystigting wat nou beoog word nie."

Maar hy benadruk dat na 'n algemene verkiesing die politieke situasie baie vloeibaar gaan wees. "Ons het 'n politieke situasie beërwe waar mense in partye soos die ANC en NP sit wat meer van hul partygenote verskil as van hul sogenaamde opponente in die ander party.

"Almal aanvaar daar gaan 'n politieke heroriëntering kom. Jy sal verbaas wees hoeveel mense daar in verskillende partye is wat hieroor saamstem en glo dat basiese liberale demokratiese waardes die grondslag van so 'n nuwe party moet vorm."

-HENNIE SERFONTEIN


**PRIVATE INTERNATIONAL INVESTIGATIONS**

Experts in commercial, civil and matrimonial investigations.

Specializing in telephone monitoring and electronic surveillance.

All work highly confidential.

**TEL (011) 477-6038 ALL HOURS**




Israeliese soldate waak oor twee inwoners van die besette Gaza-strook wat gevang en vir ondervraging aangehou is nadat 'n Israeliese burger Dinsdag in dié gebied vermoor is. Die Israeliese weermag het die Gaza-strook afgekordon nadat 'n inwoner van dié gebied Maandag mense in Tel Aviv met 'n mes aangeval het. Hy het twee doodgesteek en nege verwond. (Foto: AP)

## 'THIRD FORCE' SPECTRE IN SPOTLIGHT

**THE** Goldstone-appointed committee to hear submissions on whether there are any other causes for violence than the rivalry between the ANC and the IFP, started sitting in Port Shepstone this week amid strong claims of a third force involvement in the Natal violence.

It follows this week's outrage over the ambush of a bakkie carrying school children in which six teenagers were killed and another six injured. Most organisations, including the government, questioned the motive and noted the timing of the attack.

The attack came at a time when most political parties and organisations were gearing themselves up for today's preparatory meeting for the resumption of constitutional negotiations which are expected to lead South Africa into a democracy.

While violence has escalated in most Natal regions - with no end to it in sight - the Table Mountain area near Pietermaritzburg where the killings took place, has been relatively calm for a long period. Three of the six children killed were the sons of IFP Midlands chairman Bernard Mkhize.

According to ANC Natal Midlands chairman Harry Gwala, the ANC could not have been responsible as Table Mountain has long been evacuated by ANC members.

While the IFP's Transvaal leadership blamed the ANC for the attack, the organisation's president, Chief Mangosuthu Buthelezi, cautiously warned that negotiations could not proceed in a climate of violence.

Expressing shock at the killing, Law and Order Minister Hernus Kriel on Wednesday offered a reward of R250 000 for information that could lead to the arrest and conviction of the killers.

The Table Mountain incident comes hard on the heels of a public dispute between the police and human rights monitors over what the police calls "exaggerated" fatality figures in Natal.

Jenny Irish of the Human Rights Commission says it seems "women and children have come to be seen as legitimate targets in the Natal killing fields. Last year there was a dramatic increase in the number of women and children killed in political violence".

This year alone 391 women and children have been killed in Natal.

Irish blames "certain" elements for frequently frustrating peace efforts by arresting key individuals to the peace process even after meetings. This made people disillusioned about the police's committment to peace, she said.

"Security forces are equally responsible and they can't be absolved from all blame for the violence," said Irish.

Most organisations this week expressed shock and sympathy and said the attack was yet another crude attempt to derail today's conference.

The Star noted that government sources acknowledged that "before each major event in the negotiation process, there was a massacre."

An example is the massacre of 23 Inkatha supporters in 1991 before the signing of the National Peace Accord. It later turned out that the attack was carried out by a police spy. The Natal regions of the ANC, who accuse the police of active engagement in violence, have called for a neutral force under the UN to take charge of keeping the peace in the province.

Much depends on whether the Goldstone Committee, chaired by advocate Malcolm Wallis, will clear up the question of whether a third force is indeed behind the violence in Natal.

- WALLY MBHELE

## GEEN KOMPROMIS OOR NGK SE KETTERY

**DIE** kanse dat die uitvoerende komitee van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) in Julie vanjaar sal besluit om die skorsing van die lidmaatskap van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) op te hef, lyk in dié stadium hoogs onwaarskynlik - feitlik nul.

Die vernaamste rede is dat sowel die NG Kerk in Afrika (NGKA) as die NG Sendingkerk (NGSK) in hul verslae aan die organisasie ná die konferensie oor kerkeenheid tussen die kerke twee weke gelede in Bloemfontein, die hertoelating van die NGK teengestaan het. Hulle beklemtoon dat hulle glo die NGK nog nie werklik skuld oor hul aandeel aan apartheid nie bely het nie.

Dié belangrike verwikkeling blyk uit gesprekke met lede van die NG Kerke tydens die driedaagse konsultasie van die WBGK dié week agter geslote deure in Johannesburg.

Die konsultasie is bygewoon deur die vier susterkerke, ander lede van die NG Kerk-familie in Suider-Afrika, en lede van die Presbiteriaanse en Kongregasionalistiese Kerke - almal lede van die WBGK.

In 1982 het die Nasionale Vergadering van die WBGK in Ottowa die teologiese regverdiging van apartheid tot kettery verklaar. 'n *Status Confessionis* is afgekondig en lidmate van die NG Kerk is geskors weens dié kerk se rol in die opstel en toepassing van die beleid van apartheid.

Die enigste punt op die agenda dié week was om vas te stel wat die standpunt van die NGK is oor die volgende sake:

- Het die NGK apartheid ten volle verwerp en hoe reageer die Kerk op die *Status Confessionis*?
- Die kwessie van eenwording met die susterkerke.
- Wat doen die NGK daadwerklik om hulle met die armes en verdruktes - die slagoffers van apartheid - te vereenselwig in dié tyd van heropbouing van die land?

'n Amptelike aankondiging oor die bevindinge van die konsultasie word vandag (Vrydag) verwag. Maar die amptelike besluit oor die hertoelating van die NGK-lidmaatskap kan eers later vanjaar deur die volle uitvoerende bestuur geneem word.

Die kern van die probleem vir die NGK is blykbaar dat die NGKA, die NGSK en die WBGK glo dat die NGK nog nie volledig skuld erken het nie.

Ná die vergadering op Bloemfontein het die twee kerke in 'n brief aan die NGK dit betreur dat die NGK "nie die historiese moment van 'n eerste vergadering van hierdie aard in ons kerk-familie sedert 1881" aangegryp het om onomwonde sy skuld en aandeel in apartheid te bely nie. "U blote teruggryp op *Kerk en Samelewing* en die dokument se gebrek aan pastorale bewoënheid oor die leed wat deur u aandeel aan apartheid veroorsaak is, het ons met 'n diepe gevoel van teleurstelling gelaat," sê hulle.

In *Kerk en Samelewing* sê die NGK hulle het "fouteer" deur apartheid teologies te steun. In Athene verlede jaar op 'n byeenkoms van die Gereformeerde Ekumeniese Raad het die NGK-afvaardiging wel toegegee dat die teologiese regverdiging van apartheid 'n "heresy" is, maar dat hulle dit met "leerdwaling" en nie met "kettery" nie wil vertaal. Die NGSK en die NGKA sê albei die twee terme is heeltemal verskillende teologiese begrippe.

Milan Opocensky, die algemene sekretaris van die WBGK, het op 'n nuuskonferensie dié week ditonomwonde gestel dat die WBGK die regverdiging van apartheid as veel méér as "fouteer" of "leerdwaling" beskou.

Die 1982-besluit van Ottowa bedoel dat "heresy" 'n "kettery" is. Opocensky sê: "Vir ons gaan dit ten diepste oor belydenis en geloof. Dit is 'n kwessie van lewe en dood, en hieroor is geen kompromis moontlik nie."

- HENNIE SERFONTEIN

## BLY UIT DIE TOWNSHIPS, DREIG SANCO, AZAPO

**NADAT** die DP al telkemale sy rieme styfgeloop het op politieke vergaderings in swart woonbuurte, is dreigemente dié week gemaak dat "wit" partye soos die NP en DP nie toegelaat sal word om lede in swart townships te werf nie.

Dié dreigemente kom van die South African National Civics Organisation (Sanco) en Azapo.

In die jongste voorvalle is swart NP-lede in Bella-Bella by Warmbad en in Pretoria se townships geïntimideer. Sowel die NP as die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het hulle ernstig teen dié verwikkeling uitgespreek. Pik Botha, Transvaalse leier van die NP, het 'n beroep op internasionale waarnemers gedoen om aandag aan die saak te gee.

Moses Mayekiso, president van Sanco, het intussen op 'n nuuskonferensie gesê sy organisasie sal nie die DP en NP keer om vergaderings te hou nie, maar sy lede gaan wel 'n veldtog in die swart gebiede begin om mense te oorreed om nie die vergaderings by te woon nie.

Azapo se publisiteit-sekretaris, dr Gomolemo Mokae, het ook dié week gesê sy party gaan alle verkiesingsveldtogte deur wit partye in townships teenstaan. Volgens hom is dit skynheilig van wit partye om te verwag dat swartmense wat deur hulle onderdruk is, nou vir hulle sal stem. Een van sy hoofbesware is dat die "wit" partye meer geld het om stemme te "koop" en groter toegang tot die media het.

## KRINGE IN DIE KORING

**DALK** is daar 'n verklaring vir die geheimsinnige sirkels in koringlande in Engeland wat gewoonlik aan vreemde vlieënde voorwerpe, ruimtewesens, spoke of buitengewone weerpatrone toegeskryf word. Maar dis net miskien.

In 'n onlangse wedstryd in Engeland, geborg deur Duitse en Britse publikasies, is 12 spanne van een tot ses mense gevra om in die nag en in stilte groot simmetriese patrone in koringlande te maak. Hulle kon enige gereedskap gebruik.

Volgens die Amerikaanse tydskrif *Omni* het die wenspan toue, lere en pype gebruik om 'n sirkel te maak.

Die organiseerder, Christine Rhone, sê hoewel almal se werk geloofwaardig was, kon hulle nie die ware jakob naboots nie. In die geheimsinnige sirkels, wat gewoonlik oornag verskyn, word die graanstingels net gebuig terwyl die deelnemers die stingels gebreek het.

Dieselfde nag waarin die kompetisie plaasgevind het, het drie nuwe graansirkels elders in Engeland verskyn.

## AK47-FONDS VIR VERMINKTES

**SOOS** Alfred Nobel, die uitvinder van dinamiet, met die instelling van die jaarlikse Nobelprys - onder meer vir vrede - wou vergoed vir die verwoestende gevolge van sy uitvindsel op die mensdom, so probeer die ontwerper van die AK47 nou ook sy gewete sus oor sy handewerk.

Michael Timofejewitsj Kalasjnikof sê in die jongste uitgawe van *Jane's Defence Weekly* hy wil 'n fonds stig om die slagoffers van sy wapen te help. Hy doen ook 'n beroep op alle wapenvervaardigers om 'n internasionale fonds vir gewondes te stig.

Kalasjnikof het as lid van die Rooi Leër in die Tweede Wêreldoorlog op die gedagte gekom van 'n goedkoop, liggewig en eenvoudige wapen, wat 600 koeëls per minuut kon vuur. Sedertdien is 55 miljoen AK47's wêreldwyd vervaardig. Een van die AK47 se beroemdste slagoffers was pres Anwar Sadat van Egipte, en Amerika se neerlaag in Viëtnam word deels aan dié wapen toegeskryf.



## THE SNOW IN SPAIN...

Swaar sneeu het dié week in noordelike Spanje geval en die hele gebied met 'n wit kombers bedek. Hier geniet 'n wandelaar die fantastiese dekor in Olot (Foto: AP)

# dié week

## VROUE VAT VERMEENDE VERKRAGTER VAS

**ANNE*** en 'n groep vriende het Woensdagoggend 'n man aan 'n paal in Yeoville met kettings en slotte vasgemaak. Die man het haar na bewering vroeg in Februarie aangeval en probeer verkrag. Sy vertel self verder:

"Ek het kortpad deur die bome gekies. Hy't my gegroet en voor my uitgeloop. Skielik was hy weer voor my. Hy't gestaan en bewe en toe gesê hy's lief vir my. Voor ek 'n oog kon knip was hy op my. Hy't my aan die kop gegryp en op die grond gegooi. Ek het my mond onder sy hand uitgekry en begin gil. Hy't my probeer verwurg, my geskop en geslaan. Ons was op ongelyke klipperige grond en dit het te moeilik geraak vir hom om voort te gaan met wat hy wou doen. Hy't weggehardloop." vertel Anne.

Sy en 'n groep vriende was dié week in die nuus ná hulle 'n man aan 'n paal vasgemaak het met kettings en plakkate waarop staan "Danger: Rapist" en "Women don't like rape. Men don't like rape. Children don't like rape. What can we do if the cops don't help us?". 'n Klag van aanranding teen haar en haar vriende is deur die man ingedien. Hy word deur die polisie aangehou.

Volgens Anne is dié optrede genoodsaak deur die polisie se onwilligheid om 'n saak van poging tot verkragting ná bogenoemde insident te ondersoek. "Ek het na die Yeoville-polisiekantoor gegaan en wou 'n klag van poging tot verkragting lê. Hulle het my toe vertel daar is nie so iets nie - ook dat hulle nie met sulke sake werk nie en dat ek eerder na die Hillbrow-polisiekantoor moet gaan. Daar is dieselfde vir my gesê en ook dat ek net 'n klag van onsedelike aanranding kan lê. Hulle het 'n verklaring afgeneem.

"Ek het hulle vertel dat ek die man die vorige dag op dieselfde plek gesien het, ek weet waar hy is en waar hulle hom kan gaan kry. Die polisieman het nie eens my beskrywing van die aanvaller afgeneem nie. Ek het gevra om met iemand anders te praat - ek is vertel daar is niemand anders daar met 'n hoër rang nie. Ek het vir hom gevra hoekom hy nie die beskrywing van die man wil hê nie - hy't gesê hulle wil nie hul tyd mors nie.

**"MY GEVOEL WAS** dat solank die man daarbuite is, is dit gevaarlik. Baie mense het voorgestel dat ek 'n burgerlike inhegtenisneming maak. Ek wou hom nie terugkry nie, ek wou hom nie seermaak nie. Vir ons was die belangrikste om hom te kry, om mense te waarsku dat die man 'n verkragter is en om aan die polisie te wys hier is hy. Ons het bespreek wat ons sou doen indien hy 'n wapen aan hom het - indien die situasie gevaarlik raak vir hom of enigiemand anders, sou ons dit los en hom laat gaan."

Hoewel sy bewus is van die gevare verbonde aan die soort optrede, hou sy vol vol dat hulle nie die wet in eie hande geneem het nie. "Ek voel ons het die wet 'teruggeneem' om vir die polisie te sê *hier is hy, kom kry hom*. Die polisie weet hulle het niks gedoen nie. Hulle het my verklaring opgediep en niémand het die saak ondersoek nie. Dít is die bewys.

"Ek wil net sê wat ons gedoen het is moontlik nie die beste manier om 'n probleem op te los nie - as die wet dit kon doen en ons vertroue in hulle gehad het, was dit nie nodig nie. Waaroor ek my in elk geval meer bekommer het, is dat daar 'n gevaarlike man op straat is.

"Verkragting in Suid-Afrika het heeltemal handuit geruk. Wat ons probeer wys, is dat ons iets kan doen - 'n soort magsverskuiwing, kan mens sê. Dit gee die burgers van 'n land geloof in hulself as hulle kan uitgaan - en nie mense se koppe afskiet of hulle kastreer nie - maar die aanvallers te kry. Want wat moes ek doen? Eers verkrag word voor die aanvaller gevang word?"

Anne is skepties oor die vraag of hul optrede werklik iets verander het. Tog glo sy dat die polisie nou wel die nodige aandag aan haar saak sal skenk. "Hulle is hierdeur gedwing om die betrokke polisiemanne voor stok te kry. Die media hou hulle dop - iets sal nou gedoen moet word."

Vreemd genoeg koester Anne nie wrokgevoelens jeens haar vermeende aanvaller nie: "Ek het baie oor my aanvaller gedink - ek het nie werklik empatie met hom nie maar glo tog dat dit horror vat om horror te maak. Alle mense word in geweld gebore en bevorder dit. Die samelewing moet verander.

"Vroue verstaan die aard van verkragting beter as mans want óns word aangeval. Ons verstaan die weerloosheid, die engtevrees, die frustrasie. Mans word aangeval, aangerand en besteel, maar omdat seks die assosiasie het van liefde en intimiteit, is verkragting een van die gruwelikste misdade.

"Toe hy my aangeval het, het ek eers om my lewe gepleit. Ek wou dit net oorleef - toe dring dit skielik tot my deur: ek wil nie hier wees nie en ek hoef nie hier te wees nie. Ek wil nie sy sielkundige probleme myne maak nie. Ek voel nie soos 'n slagoffer nie en is nie bereid om een te wees nie. Terwyl mens 'n kans staan om te veg, moet jy."

- CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

* Anne is 'n skuilnaam ter beskerming van die slagoffer.

## MATTHEWS LEIER VAN IVP-AFVAARDIGING

**JOE MATTHEWS**, 'n veteraan van die bevrydingspolitiek in die jare 40, 50 en 60, is die leier van die IVP se afvaardiging by die beplanningskonferensie dié naweek.

Matthews se vader was die bekende ZK Matthews, op sy tyd professor en vooraanstaande lid van die ANC en later as balling die eerste verteenwoordiger van Botswana by die VVO.

Joe Matthews was saam met Nelson Mandela en andere leiers van die Jeugliga van die ANC en het ook belangrike poste in dié organisasie in die buiteland beklee totdat hy in die vroeër jare sewentig uit die politiek getree het en in 'n stadium Prokureur-generaal van Botswana geword het.


Hy is sedert sy universiteitsjare 'n persoonlike vriend van Mangosuthu Buthelezi.

## WIECHERS GEE RAAD VIR IVP



**MARINUS WIECHERS**, die bekende Volkeregkenner en grondwetlike deskundige van Unisa se regsdepartement, is een van die twee tegniese raadgewers van die IVP op die naweek se beplanningskonferensie.

Wiechers het oor die jare bekendheid verwerf vir sy bydraes tot die grondwette van onder meer Namibia en Bophuthatswana. Hy was ook sedert die sestigerjare betrokke by die uitgerekte regsgeskil oor Namibia en hy was 'n adviseur van die Demokratiese Turnhalle Alliansie (DTA) in talle konferensie sedert 1975.



## VSA SE KOSPAKKE LÊ BUITE BEREIK

Twee kinders met houtgewere gesels met 'n soldaat in Sarajevo...

Van die kos en medisyne wat die VSA in uiters gevaarlike omstandighede per valskerm afgelewer het in Moslem-enklawes in Bosnië het die meeste nog nie uitgekom by die mense wat dit nodig het nie.

Weens swaar gevegte met Serbiese magte is 40 000 mense daar vasgekeer en hulle het dringend voedsel en mediese hulp nodig.


Van die 20 ton kratte met voorrade wat deur vier Amerikaanse militêre vliegtuie uit die lug afgegooi is, het 21 in die gebied geval - maar 18 kon weens die hewige gevegte tot dusver nie bereik word nie.

President Bill Clinton moet nou kies tussen onttrekking en dieper betrokkenheid. Brittanje, Rusland en selfs sy eie weermag was van die begin af gekant teen die gevaarlike hulpprogram - die eerste deur Amerika in die eskalerende konflik in Joego-Slawië. Die VVO en Europese lande se pogings het tot dusver grootliks misluk.

Intussen het Serbiese magte die Moslem-enklawe Cerska in Oos-Bosnië ingeneem en meer as 300 burgerlikes is glo om die lewe gebring. Sowat 20 000 mense het uit die gebied gevlug terwyl Serbiese magte gedurig op hulle geskiet het. (Foto: AP)

# IEWERS TUSSEN HOOP EN WANHOOP

**HENNIE SERFONTEIN** kyk hoe word Suid-Afrika in die aanloop na die verkiesing weerspieël deur die SAUK se openbare politieke debatte - en ervaar gemengde gevoelens


PIETER POTGIETER


KEN OWEN

**NIKS** kon die groeipyne op pad na die sogenaamde "nuwe" Suid-Afrika meer treffend of realisties illustreer nie as vier uiters boeiende besprekingsprogramme oor die radio en TV verlede Sondagaand.

Dié programme het 'n mens se emosies en gewaarwordinge soos 'n horlosiependulum laat swaai tussen hoop en teleurstelling. Daarin is - soos vorentoe al hoe meer sal gebeur - gepraat oor probleme wat elke lid van die publiek raak.

Die vier programme het elk 'n eie storie vertel oor hoe diep verdeeld Suid-Afrika nog is, en hoe mense mekaar nog steeds verkeerd verstaan (soms doelbewus, soms onwetend). Die aandag ook opnuut gevestig op haakplekke in die SAUK se hantering van debatte.

Op Afrikaans Stereo was daar 'n debat tussen Carl Niehaus van die ANC, Pieter Potgieter, moderator van die NGK, en Bertie Wort van die AGS; in *Slabbert on Sunday* op TSS het Dennis Beckett vir Van Zyl Slabbert ingestaan as aanbieder van 'n gesprek tussen Ken Owen van die *Sunday Times*, Mike Mohohlo, 'n uitvoerende amptenaar van Boumet, en Dawn Moklobo, 'n senior amptenaar van Eskom, oor regstellende optrede (affirmative action); op *Agenda* kon 'n gehoor van sowat duisend mense vrae stel aan vyf politieke leiers; en in Felicia Mabuza-Suttle se *Top Level* op CCV het 150 jong mense die kans gekry om 'n groep politieke leiers met vrae te takel.

**DIE DEBAT TUSSEN** Niehaus, Potgieter en Wort het gegaan oor kerk- en geloofsvryheid - en veral oor die vraag of Christene met kommuniste kan saamwerk. In antwoord op indringende vrae deur Potgieter en Wort het Niehaus suiwer uit 'n Christelike perspektief sy saak oortuigend gestel: Die ANC se alliansie met die SAKP was tydelik en het 'n historiese agtergrond, soos die Westerse alliansie met Rusland teen Nazi-Duitsland. Niehaus sê hy kan sy Christelike oortuigings oortuigend uitleef en dit wat die ANC voorstaan, voldoen aan die Christelike eise van geregtigheid.

Baie insiggewend was die verskil tussen Wort en Potgieter. Wort het hom gehou by kerklike en geloofsvrae en die posisie van die kerk onder 'n ANC-regering.

Maar Potgieter het duidelik ook 'n politieke agenda gehad en op een punt bly hamer: in die nuwe grondwet, soos die huidige, moet die staat hom duidelik verbind tot die aanvaarding van Jesus Christus en die Drie-eenheid.

Niehaus - soos talle Christenleiers, waaronder Desmond Tutu - beskou die voortbestaan en handhawing van die Cristelike geloof as iets wat heeltemal apart van die staat staan.

Niehaus was egter deurgaans te beleef om Potgieter met 'n eenvoudige werklikheid te konfronteer: dit was onder 'n "Christelike" regering en 'n "Christelike" grondwet dat die mees onchristelike dade in die naam van apartheid die laaste 40 jaar teen mede Suid-Afrikaners gedoen is.

**DIE DEBAT OOR** regstellende optrede het gewys hoe diep die kloof van misverstande en onbegrip lê tussen talle swartmense en goedbedoelende liberale wit Engelssprekendes wat werklik die onregte van die verlede wil regstel.

Tydens die debat het Mohohlo dit beklemtoon dat regstellende optrede en die oopstelling van geleenthede op sigself nie genoeg is nie. Daar moet vir eers opgeleide en bekwame mense wees - maar nog belangriker: daar moet verdere optrede wees om te verseker dat bevoegde swartmense wat wel in bepaalde posisies geplaas is, daar bly.

Hy het verwys na sy ervaring van 'n soms subtiele, soms duidelike weersin by die wit sakewêreld in die indiensneming van swartmense, al word lippediens aan regstellende optrede betoon.

Maar 'n blykbaar verbaasde Beckett het geweier om die geldigheid van dié ervaring te aanvaar. Hy het gesaghebbend verklaar dat die korporatiewe sakewêreld hulle volslae verbind het tot regstellende optrede. Beckett - wat as 'n regverdige mens beskou kan word - het gesuggereer dat Mohohlo eintlik 'n kompleks het en nie weet waarvan hy praat nie.

Dawn Mokhobo het egter Mohohlo se standpunt gesteun. As swartmense het hulle duidelik gepraat oor 'n realiteit wat 'n liberaal soos Beckett óf nie van weet nie, óf nie ernstig opneem nie.

Selfs al word swartmense na verdienste bevorder, het hulle onderstreep, bly die die sosiale klieke van wit liberale Engelse onvriendelik geslote vir hulle. Niks sal werklik verander voordat dié kwessie eerlik aangespreek word nie.

Dit was nogal verbasend dat Beckett nie die belangrikheid van dié kwessie as 'n struikelblok in die weg van swartmense se vordering wou aanvaar nie.

## Die massa-debat op *Agenda* oor die sogenaamde bruin politiek was 'n belewenis en 'n deurbraak op die weg na demokratiese gesprekvoering

**DIE MASSA-DEBAT** op *Agenda* oor die sogenaamde bruin politiek was 'n belewenis en 'n deurbraak op die weg na demokratiese gesprekvoering. Maar dat daar slaggate vir sowel die politici as die SAUK is, is seker. Die samestelling van die gehoor was volgens die kamera oorwegend pro-ANC en anti-NP. Tog wys alle meningspeilings - ook dié deur die ANC - dat daar min steun vir die ANC onder bruinmense is. Wek die TV-kamera die verkeerde indruk, kan party-politici dit natuurlik uitbuit om 'n oordrewe beeld van hul steun te skep. ANC-leiers met wie ek gesels het, is egter deeglik bewus hiervan, en waak om nie daardeur mislei te word nie. Dit is erken: "Ons weet ons mense het spesiaal georganiseer om 'n propaganda-oorwinning te behaal."

Jac Rabie, wat as NP-leier die hele tyd onder skoot was, het in sy hantering van vrae dit duidelik gemaak dat hy vrede het met die vyandige gehoor voor hom - hy praat eintlik met die honderde duisende kykers voor hul TV-stelle wat die NP glo gaan dié party ondersteun.

Die debat het 'n belangrike beginselvraag ter sprake gebring: Is dit uit die oogpunt van joernalistieke etiek behoorlik dat Elna Boesak, die vrou van die Wes-Kaapse leier Alan Boesak, die program se produksiehoof was? Haar persoonlike integriteit is nie ter sake nie. Dit gaan oor persepsies sowel as objektiwiteit: in 'n nuwe Suid-Afrika mag die SAUK nie as 'n politieke instrument gebruik of beskou word nie. "Justice must be seen to be done."

Openbare debatte oor politieke kwessies behoort nie gehanteer te word deur joernaliste, hetsy van die pers of die elektroniese media, wat noue bande het met óf 'n openbare persoonlikheid óf 'n politieke party nie.

Die omstredenheid van dié betrokke program en die kritiek uit die NP se geledere, geregverdig of ongeregverdig, word net verder gekompliseer deur Elna Boesak se rol.

**WAT DIE PERSEPSIE** van objektiwiteit betref, was daar in Mabuza-Suttle se program ook 'n probleem met die jeug se bespreking van die politiek. Dit het gelyk asof die gehoor meestal bestaan het uit studente en leerlinge van gegoede skole in Johannesburg. Op die einde is 'n verkiesing gehou. Die syfers kan ek nie meer presies onthou nie, maar FW de Klerk het Mandela met iets soos 30 teen 20 geklop en die NP die ANC met iets soos 40 teen 25.

Almal wat die politiek ken, weet dat dié uitslag 'n volslae wanvoorstelling van die politieke werklikhede in Suid-Afrika is. Daardeur word valse indrukke die wêreld ingestuur. Een swart lid van die gehoor het tereg opgestaan en die beswaar gemaak dat die gehoor nie verteenwoordigend is van die breë bevolking nie. Mabuza-Suttle, wat lank uit die land was, behoort meer versigtig te werk te gaan met sulke nuanserings.

Wat egter heerlik was om te aanskou, was die twee jeugdiges se nabootsings van leiers soos Mandela, De Klerk, Buthelezi en Mangope. Dit sal help om die mite te vernietig dat politieke leiers as gode beskou moet word.

# briewe

## DIE GROOT GELYKMAKING

**HJ GREVELINK VAN FAERIE GLEN SKRYF:**

Daar word algemeen aanvaar dat 'n weermag wat weet wie sy vyand is, beter in staat is om weerstand teen hom op te bou as wat die geval is wanneer die vyand ongeïdentifiseer is. Dan is die moraal hoog, maar sodra dit onseker word wie die vyand is, verswak die moraal. Nou is dit vir my opvallend hoe die politiek in ons land presies so verloop het. Dinge wat op 'n tyd eenvoudig net nie aanvaarbaar was nie, word nou algemeen toegelaat.

Kyk maar hoe die media en die publiek in die algemeen só kant kies dat die skurk se misdade regverdig word. Dink maar daaraan hoe misdadigers, selfs moordenaars wat deur die hof ter dood veroordeel is, op die gemeenskap losgelaat is en hoe hul misdrywe goedgepraat word. Ook hoedat alle gode (en afgode) met ons drie-enige God stapsgewyse gelykgestel word.

Ons word stelselmatig sag gemaak in dié spel. Eers word daarop gewys dat daar immers 'n ander kant van enige gebeure is. Daarna volg 'n betoog dat daardie ander kant wel meriete het. Intussen word dit wat reg is aan die slagoffer se kant verswyg en netnou is daar simpatie vir die skurk. Dit is hoe die "sindroom van die onvermydelike" eers net genoem is, daarna meer dikwels en so word daarmee volgehou tot dit eindelik ondenkbaar geword het om daarmee te verskil.

Ander voorbeelde hiervan is dat ons eers wysgemaak is dat apartheid nie werk nie, daarna dat apartheid nie kán werk nie en uiteindelik dat apartheid nie net onaanvaarbaar is nie, maar as iets boos beskou moet word.

Hierna volg dat "demokrasie" onvermydelik is, dat almal moet kan stem, wat daartoe sal lei dat die witman nie meer oor homself sal kan regeer nie. Tans word ons gelei om te glo dat "die bose witbase" nooit ooit weer aan die bewind mag kom nie! Die swartman word dus wysgemaak dat die witman sy eintlike vyand is, maar vir die witman mag daar geen vyande wat 'n sweem van kleur inhou, wees nie. Die swartman het die witman as sy vyand geïdentifiseer, maar vir die witman is so-iets ongeoorloof. Met ander woorde die swartman kan sistematies weerstand teen die witman opbou - iets wat uit die bose sou wees as die witman so-iets sou waag.

## BOSE APARTHEID

**BEN COETZEE VAN ROODEPOORT SKRYF:**

Indien Staatspresident FW de Klerk apartheid dadelik afgesweer het toe hy besef het dit is onwerkbaar, het dit hom vrek lank geneem om tot dié besef te kom? In elk geval sou apartheid nie, soos hy opgee, eers immoreel geraak het indien hy daarmee sou volhard nadat hy besef het dit is onwerkbaar nie.

Laat ons dit dus vir hom en diegene wat sy storie koop, vinniger en meer knaend uitspel as wat hul daaglikse breinbad dit kan afspoel:

Apartheid was al die jare boos. Die NP-politici wat steeds dié punt omseil, die staatsveiligheidsiekte wat steeds ons samelewing deurspek, die Broederbond wat steeds broederlik konkel, die NG Kerk wat steeds volhard met "eie" en "gemeenskaplike" kerkbelange, koerante, die SAUK, die hele kaboedel se optrede teen diegene wat hulle teen apartheid verset het, was immoreel, laakbaar, onmenslik, wreed, moorddadig en boos.

## ONVERANTWOORDELIKE BROERS

**JM SMALBERGER VAN GEORGE SKRYF:**

Broederbonders is betrokke by die meerderheid van gevalle van wanbestuur en korrupsie wat nou deel van ons samelewing is.

Die beleid is blykbaar dat alle fondse van die belastingbetalers gestroop moet word voor die ANC oorneem. Die belastingbetalers moet die bankrot staatspensioenfondse, ens met verhoogde belastings beredder.

Die Broeders aanvaar geen verantwoordelikheid nie en word nie vervolg nie.

In die toekoms moet alle persone wat beheer het oor publieke fondse of op openbare rade wil dien, insluitende die parlement, skriftelik sê dat hulle nie 'n lid van die Broederbond is of was nie. As hulle daarna gekies word, kan hulle gemoniteer word.

Belastingbetalers kan die wanbestuur en korrupsie van so 'n geheime organisasie nie bekostig nie.

## STEREOTYPICAL ATTITUDES

**CLAUDIA BRAUDE AND KIM SEGEL OF JOHANNESBURG WRITE:**

Gerry Davidson (*VWB* 19 - 25 Feb) succeeds in affirming the prejudices she would need to transcend if she is, indeed, to deserve the role model status she "dares" to grant herself. Her stereotypical attitudes to human sexuality and Old Testamentary theology are equally jarring.

In her attempt to reconcile Christianity and homosexuality, she distinguishes between the Old Testament's rejection of homosexuality and Jesus' love of his neighbour. She chooses over the word of "a minor prophet" that of "the Son of God". In this relation, the New Testament supercedes the Old Testament and Davidson keys into a theological discourse that renders the revealed redundant, archaic and irrelevant.

The point here is about cultural perception rather than religious belief. It's ironic that while Davidson sets out to critique discriminatory perceptions prevailing within Christianity, she affirms - unintentionally, no doubt - another set of discriminatory perceptions, now pertaining to not so much Old Testamentary attitudes to sexuality as to Jewish history, culture and religious tradition.

Moreover, Davidson considers all men, irrespective of their sexual orientation, to be "promiscious", "biologically programmed to fuck as many people as possible"; where women are programmed to "build a nest and rear children".

Again, Davidson affirms a series of social stereotypes, those of the biological divide between the genders which determine their respective social and sexual roles, even while attempting to subvert the patriarchal assumptions underlying this divide.

Davidson affirms both the theology and patriarchy that have frequently functioned as the ideological underpinnings for the marginalisation of those perceived as a threat to social decency and morality, including Jews, gays and blacks. (The latter find no mention in the interview. So for whom precisely does Gerry Davidson, as editor of the only local gay publications, act as role model?)

Is this Davidson's understanding of what it means to be a "role model" in a society trying to recreate itself to accommodate diverse sexual practices, lifestyles, cultural traditions and intellectual histories?

## WAT VAN 'N BIETJIE IDEOLOGIE

**FRANCOIS WESSELS VAN BELLVILLE SKRYF:**

Ek waardeer *VWB* se artikels oor die politiek van die dag. Ek sal egter graag ook artikels daarin wil sien wat nie net oor politieke strategie handel nie, maar ook oor politieke ideologie.

Die eerste saak wat ek graag bespreek wil sien, is die verhouding tussen demokrasie, sosialisme en kapitalisme. *VWB* kan ons hier 'n guns doen deur die politici wat dié begrippe hanteer, te forseer om dié begrippe duidelik-er te formuleer. Wat is die verskil tussen sosiaal-demokrasie en demokratiese sosialisme? Kan sosialisme demokraties wees? Of is daar 'n latente geneigdheid in die sosialisme tot 'n party-diktatuur? Is die liberale, vrye mark-staat die enigste demokratiese opsie?

Dié saak hoef nie filosofies-teoreties behandel te word nie, maar konkreet. Plaas debatte, onderhoude met voorstanders van verskillende politieke rigtings.

Die staatsosialisme is deur die mense van Oos-Europa verwerp. Is die kapitalisme die enigste demokratiese alternatief? *VWB* moet ons help om dié vraag te beantwoord.

## BAD NEWS?

**DS RUBEN ENSLIN VAN NORKEMPARK SKRYF:**

In ons gemeente sit ons met ongeveer 30 werklose mense van alle stande. My betrokkenheid by dié probleem het nie gekom vanweë persoonlike belangstelling nie, maar eerder omdat die dilemma van die mense homself aan my opgedring het. Ek skryf na aanleiding van die kommentaar op die artikel oor werkloosheid waarin Carel Steyn aangehaal is.

Moontlike scenario's na aanleiding van die brief van JCM Hood (WB Briewe, 5 - 12 Feb 1993). Hierin waarsku die briefskrywer protensiële hulpverleners van Steyn en sê "...he is very bad news".

Dat die skrywer en sy organisasie dalk groot verliese gelei het, betwyfel ek nie. Daarvoor kry ek hulle werklik jammer. Maar is Steyn werklik "bad news"?

Scenario 1: Gestel Steyn, soos vele ander met wie ek daagliks te doen het, het 'n onderneming begin met die opset om 'n winsgewende bedryf daar te stel. Weens faktore soos 'n kwynende mark, ens het dit nie so uitgewerk nie. Skuld het sleg geword en die opsie om wettiglik vrywillig gelikwideer te word, het onvermydelik geword. Maak dit só 'n mens "bad news"?

Scenario 2: Gestel Hood sou byvoeg detail soos hóé hulle die aangeleentheid hanteer het. Wat was hulle gesindheid jeens dié mens gewees? Wat was dié mense se optrede jeens Hood? Gestel Hood sou meer inligting kon verskaf ten opsigte van die dienste wat hulle gelewer het, of dit byvoorbeeld goed was, alles na wense gefunksioneer het, ens.

En tog sien ons as gemeenskap daarvoor kans om op grond van so min inligting van Hood - of enige ander persoon - te aanvaar dat dié persoon, of enige soos hy, "bad news" is.

Scenario 3: Gestel Hood sou byvoorbeeld kon gesê het wie Joubert Scholtz en Vennote is. Gestel 'n mens sou ook kon verneem wie of wat TS Business Brokers is. As dié mense of instansies se kant van die saak saam met Hood s'n kon verskyn het, sou die prentjie van Steyn nog dieselfde gelyk het?

Tog aanvaar ons as gemeenskap byna klakkeloos dit wat ons voor ons het as die werklikheid en is ons bereid om ons persepsies van mense daardeur te laat vorm, ongeag of dit dalk verkeerd mag wees.

Hoe langer ons gaan vat om krities na onsself, ons waardes en norme te kyk, hoe langer gaan dit neem om die werkloosheidskwessie sinvol aan te spreek. Hoe langer dit neem, hoe duurder gaan dit ons land, ons kultuur, onsself kos!

Mag bogenoemde oefening daarin slaag om die leser bewus te maak van hoe maklik ander se woorde, ens, ons persepsies (goeies en slegtes) beaam, onderskryf of versterk. En dis juis dié dinge wat ons in ons oorlewingskrisis kan sterk of kniehalter.

**Briewe korter as 300 woorde geniet voorkeur.**

Rig briewe aan:

Die Brieweredakteur VWB Posbus 177

Newtown 2113

# die moordkultuur

## In Suid-Afrika is die aanranding van en moord op verdagtes deur polisiemanne 'n alledaagse verskynsel, skryf JURIE DE WET. En tensy ons regstelsel en polisiekultuur ingrypend gewysig word, sal dié situasie voortduur

**DIE** pataloog dr Jonathan Gluckman se bewerings dat verdagtes in aanhouding deur die polisie vermoor word, is niks nuuts nie. Prokureurs en menseregte-aktiviste maak al die laaste tien tot vyftien jaar dergelike bewerings. Die polisie se reaksie is ook niks nuuts nie: telkens word die versekering gegee dat wangedrag deur lede van die polisie nie geduld sal word nie en dat alle bewerings deeglik ondersoek sal word. Die polisie het ook nog altyd ontken dat misbruike wyd versprei is en sê die klein aantal polisiemanne wat al weens dergelike oortredings gevonnis is, bewys dat moorde en aanrandings die geïsoleerde dade van 'n paar enkelinge is.

Die aantal vonnisse hou egter geen verband met die voorkoms van die aanrandings nie. Dit vind op 'n groot skaal plaas. Verdagtes word aangerand wanneer hulle gevang word en tydens ondervraging. Aanrandings vind daagliks plaas. Honderde polisiemanne is daarby betrokke. Die polisie weier om te erken dat dié dinge gebeur en om die nodige stappe te doen om dit te keer - hulle sê die bewerings is nie bewys nie. Die gevolg is dat die aanrandings en moorde voortduur.

Waarom word die betrokke polisiemanne nie voor die hof gedaag nie? Waarom is dit so moeilik om die bewerings te bewys? Die probleem lê by die gemeenskap se houding jeens die polsie, die manier waarop die bewerings ondersoek word en die manier waarop die kriminele regstelsel werk.

Streng vereistes word gestel aan die bewyse wat in kriminele sake voorgelê word - dit mag geen redelike twyfel laat nie. Die proses om 'n mens se skuld te bewys is moeilik en verskeie spelers moet 'n bydrae lewer. Die polisie moet 'n behoorlike ondersoek doen, die aanklaer moet 'n behoorlike en doeltreffende vervolging instel, die landdroste en regters moet 'n korrekte bevinding oor die feite doen en die wet toepas. Die stelsel werk goed wanneer dit gaan oor gewone misdadigers aangekla van roof, diefstal, aanranding of huisbraak. Die stelsel werk nie ewe goed vir alle misdadigers en alle misdade nie. Dis byvoorbeeld moeiliker om 'n verkragter skuldig te bevind omdat die staat moet bewys dat die slagoffer nie ingestem het nie - wat moeilik is, omdat instemming 'n gemoedstoestand is. Dis ook moeilik om 'n aanklag van intimidasie te bewys want dit kom gewoonlik neer op een mens se woord teen dié van 'n ander. Om in 'n kriminele hof te bewys 'n polisieman het 'n verdagte aangerand of vermoor, is miskien die heel moeilikste.

**DIE EERSTE REDE** hiervoor is dat die gemeenskap die polisie nie vertrou nie. Die meeste mense wat deur polisiemanne aangerand word, dien geen kriminele klag in nie. Hulle glo nie daar sal iets van kom nie en meen dit sal sake net vererger vir hulle. Hul vrese is nie ongegrond nie. Dien jy 'n klag in, stel jy jou bloot aan 'n teenaanklag deur die polisieman - gewoonlik weerstand teen arrestasie, aanranding van 'n polisieman of ontsnapping uit aanhouding. Mense wat kom kla, word dikwels die reg ontsê om 'n klag in te dien. Die polisie ondersoek geen bewering van aanranding as 'n klag nie ingedien word nie.

Van al die ingediende klagtes misluk talle omdat die polisie-ondersoek swak hanteer word. 'n Geslaagde vervolging word gegrond op 'n deeglike en behoorlike ondersoek. Die meeste ondersoeke na polisie-misbruike is inkompetent.

Daar is geen spesialis-eenheid wat bewerings teen die polisie ondersoek nie en die ondersoekbeamptes word gewoonlik uit dieselfde gebied getrek waarin die beskuldigde polisiemanne gestasioneer is. Weens 'n kultuur van solidariteit in die polisie is die ondersoeker onwillig om ondersoek in te stel na 'n kollega. Polisiegetuies sal lieg om 'n lid van die polisie te beskerm en as die ondersoekbeampte volhard of te veel druk toepas, sal sy kollegas hom vyandig behandel. Boonop is daar die probleem van polisie-onbevoegdheid, soos onderstreep in die Waddington-verslag oor die polisie-ondersoek na die Boipatong-slagting en die Trust Feed-geval en in baie ander sake waar polisie-betrokkenheid geïmpliseer is.

Wanneer 'n ondersoek afgehandel is, word dit voorgelê aan die Prokureur-generaal, wat moet besluit oor 'n vervolging. Hy maak volkome staat op die polisie-dossier. As die ondersoek behoorlik opgemors is en geen prima facie saak onthul nie, weier hy om te vervolg. Geen buite-party mag die dossier sien nie - so daar is geen beheer oor die gehalte van die ondersoek nie. As 'n vervolging beveel word, word die dossier oorhandig aan 'n aanklaer, wat moet verseker dat die polisieman aangekla en vervolg word. Die aanklaers in Suid-Afrika is oor die algemeen konserwatiewe witmense, dikwels goedgesind teenoor die polisie met wie hulle 'n hegte werkverhouding het. Ongelukkig is hulle ook in groot mate oorwerk, onderopgelei en onervare.

**WANNEER DIE SAAK** in die hof kom, maak die aanklaer daarop staat dat die staatsgetuies hulle goed van hul taak sal kwyt en geloofwaardig sal wees. In sake oor polisie-aanrandings is die klaers oor die algemeen mense wat self aangekla word van een of ander kriminele oortreding. Die verdediging kan maklik aanvoer die klaer wil die polisie inkrimineer om voordeel daaruit te trek. Die klaers word ook benadeel deurdat hulle swart is en in 'n vyandiggesinde en vreemde omgewing moet getuig waar die saak in Engels of Afrikaanse behartig word. Die klaers in dié sake is dus oor die algemeen nie goeie getuies nie en word maklik gediskrediteer. Omdat die aanranding van verdagtes gewoonlik in die privaat geskied, is daar selde onafhanklike getuies wat ondersteunende getuienis kan lewer.

Wanneer die getuienis aangehoor is, moet die landdros 'n bevinding oor die feite en die wet doen. Die wet bevoordeel die aangeklaagde polisieman baie: dit magtig die polisie uitdruklik om geweld te gebruik om 'n gevangene te beheer, om weerstand teen arrestasie te oorkom en om te keer dat die gevangene ontsnap. As die aangeklaagde polisieman 'n redelike saak kan uitmaak dat die aanranding op enige van dié gronde geregverdig was, is hy geregtig daarop om vrygespreek te word. Dat die aanranding plaasgevind het, word selde betwis. Die verweer van wettige regverdiging word maklik volgehou.

Die landdros moet die getuies se geloofwaardigheid bepaal en sy bevinding op die feite grond. Ook ons landdroste en regters kom uit 'n bevoorregte wit elite en dra al die vooroordele en voorafopgestelde idees van 'n elite. In die praktyk is hulle meer geneig om 'n gerespekteerde polisieman uit dieselfde taal- en kultuurgroep as hulle te glo, as 'n klaer wat self van een of ander misdaad aangekla is. Myns insiens het ons regstelsel in die presedente-reg moeite gedoen om regverdige gronde vir die aanranding van verdagtes deur die polisie te vind.

**LEDE VAN DIE** polisie kan verdagtes dus aanrand met min vrees dat hulle deur die kriminele howe gestraf sal word. Boonop is daar geen ander doeltreffende strafoptrede teen polisiemanne wat verdagtes aanrand nie en geen doeltreffende aansporing vir die polisie-owerheid om aanrandings te beperk nie. In die Suid-Afrikaanse wet is die skadevergoeding wat weens pyn, lyding en ongeskiktheid (die waarskynlikste gevolge van 'n aanranding) toegeken word, minimaal - baie minder as byvoorbeeld in die VSA. Dié klein bedrae is nie genoeg aansporing vir die polisie om iets aan die probleem te doen nie.

Die beginsel van tweedehandse aanspreeklikheid wat die minister verantwoordelik maak vir die optrede van lede van die polisie is nog 'n ontmoediging vir hom om te erken hy het 'n probleem in die mag of om te verseker dat oortreders verantwoording doen vir hul dade. Wanneer 'n klag ingedien word teen 'n polsieman, word die minister gedagvaar vir vergoeding. 'n Deeglike ondersoek wat die skuld van die betrokke polisieman bewys, sou onvermydelik beteken dat die minister skadevergoeding sal moet betaal en dit is slegte publisiteit vir die polisie.

Dié dilemma is 'n hoofrede waarom die polisie nie doeltreffende stappe doen om te verseker dat skuldige polisiemanne vervolg word nie.

Daar is verder geen doeltreffende strafmaatreëls teen polisiemanne wat by aanranding betrokke is nie. Dis roetine dat daar geen optrede is teen 'n polisieman wat van aanranding - selfs moord - aangekla word nie tensy hy in 'n kriminele hof skuldig bevind word. Statistieke deur die minister verskaf wys dat selfs polisiemanne wat skuldig bevind is, selde afgedank word. Dit gebeur gewoonlik eers ná 'n tweede vonnis. Wanneer in 'n siviele hof bewys is dat polisiemanne verdagtes geslaan of doodgemaak het, word selde teen hulle opgetree.

Die moorde op en aanrandings van verdagtes sal nie ophou voordat die polisie aanvaar hulle het 'n ernstige probleem en stappe doen om dit op te los nie.

Wat onmiddellik gedoen moet word, is om 'n respek vir menseregte in polisie-opleiding aan te kweek en 'n kultuur van diens in die mag te vestig. Die heersende polisiekultuur is onverdraagsaam en outoritêr.

Die Suid-Afrikaanse Polisie se beeld moet gewysig word sodat die publiek hul vetroue in die mag herwin en hul samewerking en ondersteuning daaraan gee.

'n Gespesialiseerde interne sake-eenheid moet gestig word om klagte teen die polisie te ondersoek. Dit moet twee takke hê - een opgelei en toegerus om klagtes doeltreffend te ondersoek en die ander om polisie-eenhede met 'n swak rekord van aanrandings te infiltreer - soos die onlusteeenhede, die veiligheidspolisie, moord en roof en die ontugeenhede. Intussen behoort onafhanklike ondersoekers van buite aangestel te word om alle huidige ondersoeke na polisebrutaliteit te moniteer.

Die wet behoort gewysig te word om die polisie te reg om geweld te gebruik te beperk. Aanklaers, landdroste en regters betrokke by dié sake moet spesiaal opgelei word om dié soort kwessie te kan hanteer.

Distriksgeneeshere, wat baie van die slagoffers van aanranding ondersoek, prokureurs, aanklaers, regters en landdroste moet hul sameswering van stilswye verbreek en hul stem laat hoor soos dr Gluckman en soos dr Wendy Orr 'n paar jaar gelede.

● *Jurie de Wet* is die skuilnaam van 'n bekende Johannesburgse prokureur



(Foto: WWF)

**renosters** het bewaarders

# op horings

Alle oë is nou op Suid-Afrika om die oorlewing van die twee Afrika renosterspesies te verseker. Die res van Afrika het ook wakker geskrik, maar dalk te laat, skryf **CHRISTELLE TERREBLANCHE.**

**DIE** prentjie vir die oorlewing van renosters lyk duister, selfs baie donker, ten spyte van 'n dekade van intensiewe bewaring en bewusmaking in Suid-Afrika. En die statistiek spreek amper vanself.

Zimbabwe het 'n jaar gelede sowat 1 500 renosters gehad. Vandag is daar 430.

In Kenia is daar 410 oor en in Namibia 400. Zambië het net ses oor.

Maar wat bewaarders eindelik laat regop sit het, was die jonste lugopname in Botswana.

Dié land se inheemse renosterbevolking het reeds teen die begin van die eeu uitgesterf. In 1974 het die Natalse Parkeraad 91 witrenosters aan Botswana geskenk in 'n poging om die spesies daar te hervestig. Aanvanklik het niks skeef geloop nie, maar sedert die vroeë tagtigerjare het Botswana toenemend die teiken van wilddiewe geword namate die getalle in die lande noord van Botswana begin daal het. As die 90 stuks natuurlik aangeteel het, moes daar nou sowat 240 gewees het.

In 1991 het die wêreldwye spesialisgroep oor renosters (deel van die International Union for the Conservation of Nature, IUCN) in Botswana vergader (drie ander renosterspesies kom in Indië, Java en Sumatra voor). Toe is geraam dat daar sowat 60 witrenosters en tien swartrenosters in Botswana oor is. Sedertdien het wilddiefstal drasties toegeneem en toe daar in September verlede jaar 'n lugtelling met behulp van die Suid-Afrikaans gebaseerde Renoster en Olifant Stigting gedoen word, kon net sewe witrenosters opgespoor word.

(Sedertdien is sowat tien deur wilddiewe doodgemaak.)

Botswana se departement van Natuurlewe het met 'n skok wakkergeskrik. Daar is aanbeveel dat die oorblywende renosters - indien enige - gevang word en in 'n kleiner, meer beheerbare reservaat beskerm word. Die IUCN is tans besig om die land te help met die formulering van 'n omvattende bewaringsprogram.

Verlede maand is 'n oorkoepelende poging aangewend en is vier renosters in die Chobe Nasionale Park gevang en in die nuwe Khama Renosterreservaat in Oos-Botswana vrygelaat. Daar word geraam dat nog een losloop in Chobe en moontlik nog vyf in die Moremi Wildreservaat oor is. Die swartrenostergetal word steeds op tien geraam, omdat geen bewyse onlangs van wilddiefstal gevind kon word nie.

**PETE HANCOCK,** die IUCN se verteenwoordiger in Botswana, sê renosters is 'n maklik prooi omdat hulle bysiende is en mense maklik naby kan kom om hulle te skiet. Hulle

spore is ook maklik om te volg.

Clive Walker, voorsitter van die Renoster en Olifant Stigting en bekende in bewaringskringe, skryf die geweldige verlies in Botswana toe aan die reusagtige oppervlakte waarbinne die renosters kon beweeg. Omdat die land droeër is as ander is sy parke ook groter om dit lewensvatbaar te maak. Die land het 'n mag teen wildiefstal op die been gebring om veral die noordelike dele te patrolleer - wat steeds 'n gebied van sowat 8 000 vierkante kilometer met baie swakker infrastruktuur as byvoorbeeld die Kruger-wildtuin in Suid-Afrika beslaan.

Die Botswana Weermag het nou ook ingespring en met tien keer meer mense begin om die gebied te fynkam, veral vir ivoorjagters. Botswana se olifantbevolking beloop steeds meer as 50 000.

Aanduidings is ook dat Botswana van alle Afrika-lande tot nou toe die kleinste bedrag vir die bewaring van wild begroot het, ondanks die feit dat sy per kapita-inkomste van die hoogste is. Ontstoke bewaarders regoor die wêreld het die land vingerswaaiend beskuldig van 'n gebrek aan politieke wil om diere te beskerm. Of dit waar is of nie, die toedrag van sake het reeds begin verander. Maar dit is dalk te laat.

Die koste van die bewaring van renosters styg steeds. Dit is onlangs beraam op tussen R1 000 en R2 000 per vierkante kilometer per jaar - 'naansienlike bedrag as in ag geneem word hoe hoog die nood van die inwoners van Afrika is. Walker verwerp die argument dat dié soort bewaring die tydverdryf van 'n wit elite en vermorsing van geld is.

"Renosters se waarde as toeriste-aantreklikheid kan nie onderskat word nie. Kenia het byvoorbeeld onlangs wetgewing aangeneem dat enige wilddief op die plek geskiet kan word. Dié land is selfs meer besorg as ons."

**INTUSSEN SIT SUID-AFRIKA** met 'n heelwat groter renosterbevolking as die res van Afrika tesame - bykans 5 000 wit- en 800 swartrenosters. Die verantwoordelikheid vir die bewaring van die oorblywende Afrika-renosters het duidelik op sy skouers geval.

Suid-Afrika is steeds 'n hoofroete vir handel in ivoor en renosterhoring wat veral deur Taiwan aangekoop word. Met die hulp van die Suid-Afrikaanse Polisie se anti-diefstaleenheid onder aanvoering van maj Piet Lategan, is wilddiefstal hier egter beperk. Ook die Kruger-wildtuin bestee aansienlike bedrae aan die bekamping van onwettige jagters en private en nasionale reservate neem toe.

Maar volgens Walker is daar spanning tussen internasionale bewaringsorganisasies en dié in Suider-Afrika oor hoe om renosters se oorlewing te verseker.

**CITES, DIE INTERNASIONALE** organisasie vir bedreigde diersoorte, het 18 jaar gelede reeds die handel in renosterhoring verbied. "Dit het nie één renoster gered nie," sê Walker. "Inteendeel, die handel het toegeneem en die mark word al hoe meer onversadigbaar." In dié tydperk het Afrika 80 persent van sy renosterbevolking aan wilddiewe afgestaan.

Suid-Afrika en die ander Suider-Afrikaanse lande, daarenteen, is ten guste daarvan dat die enigste oorlewingsmoontlikheid gekoppel moet word aan die wettiging van handel in die horing, gepaard met behoorlike beskerming van die diersoort in kleiner reservate.

"Ons het al hope renosterhoring bymekaargemaak vir die doel," sê Walker. "Maar dit gaar net stof op. As handel gewettig word, kan ons die Oosterse lande waarborg dat daar 'n gereelde toevloei van renosterhoring is, wat die aanvraag vir gesteelde horing sal laat afneem en hopelik sal stopsit." Internasionale organisasies is hewig gekant teen die metode.

In Namibia is 'n paar jaar gelede begin om renosters se horings af te sny, ten einde hulle teen diewe te beskerm. Dié poging word as geslaagd beskou, maar steeds deur bewaarders in Suid-Afrika as 'n baie ingrypende stap gesien. Zimbabwe het onlangs met 'n intensiewe onthoringsprogram begin. Namate wilddiewe en die internasionale gemeenskap hulle oë op Suid-Afrika begin rig, sal Suid-Afrika egter die stap moet oorweeg.

Volgens Walker verwag die wêreld 'n deurbraak van Suid-Afrika. Hy sê: "As ons die renoster gaan red, moet dit 'n kollektiewe poging wees. Samewerking tussen alle lande is nodig."

# kennis sonder insig

## Die erfenis van Christelik-Nasionale onderwys

Eerstejaars - veral Afrikaners - beland op universiteit met nie die vaagste benul wat dit beteken om vir hulself te dink nie, skryf **DR PIETER VAN VEUREN** van die Departement van Filosofie aan die Randse Afrikaanse Universiteit. Christelik-Nasionale Onderwys het die laaste halfeeu 'n outoritêre inslag aan skoolonderrig gegee - en dié stelsel moet verander word

**WAT** antwoord 'n mens 'n eerstejaarstudent wat jou vra: "Moet ek al die sinne in hierdie boek lees?"

Waar begin 'n mens verduidelik dat 'n boek eintlik uit gedagtes of denke bestaan - en dat dit eintlik die dénke is wat uit die boek gelees moet word? As 'n student dink dat 'n boek uit sinne bestaan, het daar iets sleg skeefgeloop met sy/haar skoolopleiding.

Voornemende studente verlaat die skool met die tradisionele "Three R's" - "reading, writing and 'rithmatic". Dit is baie belangrike lewensvaardighede - maar niks meer as basiese vaardighede nie.

Op skool reeds behoort leerlinge (of hulle hul voorberei op universiteitsopleiding of nie) ook meer gekompliseerde dénkvaardighede te leer. Denkvaardighede is nie soseer 'n stel vaardighede wat leerlinge naas lees, skryf en reken moet leer nie. Hulle is eerder vaardighede wat die leerling op 'n bepaalde manier laat lees, skryf en reken. En 'n mens kan maar byvoeg: praat en luister.

Op staatskole word geen geordende poging aangewend om leerlinge denkvaardighede te leer nie omdat 'n outoritêre ideologie en 'n geheue-oefening-styl van onderrig albei vyandig is teenoor selfstandige denke.

Christelik-Nasionale onderwys aan Afrikaanstalige skole het die laaste 50 jaar 'n outoritêre inslag aan skoolonderrig gegee. Die "Christelike" en "Nasionale" bestaan uit 'n versameling leerstellings wat 'n outoriteit het wat nie bevraagteken of bespreek mag word nie, en meestal die status quo regverdig.

Onderwys wat geheue-oefening as doel het, ontmoedig leerlinge om hulle redeneervermoë te gebruik. Dit is daarop afgestem om leerlinge te leer wát om te dink, eerder as hóé om te dink.

Leerlinge word byvoorbeeld nie geleer hoe om 'n gedig te interpreteer nie: hulle word die gedig én die "korrekte" interpretasie gegee om "uit die kop te leer".

Daar word aangeneem dat leerlinge kennis het as hulle leerinhoude kan herhaal. Hoe meer leerinhoude, en hoe meer besonderhede hulle kan absorbeer en op aanvraag reproduseer, hoe beter slaag onderrig in sy doelstelling.

Die model-leerling is dus 'n soort databank of hardeskyf in 'n rekenaar: hy of sy word gelaai deur lesse uit die handboek. Vrae aan die einde van 'n les in die handboek kan beantwoord word deur die regte sinne in die teks op te spoor en woordeliks te herhaal. Toetse bestaan uit vrae wat beantwoord word deur ontbrekende woorde in 'n pasklaar geformuleerde sin in te vul. Soos by 'n rekenaar kry die onderwyser die inligting waarvoor sy vra as sy die regte knoppies druk.

Met dié soort leerervaring agter hulle is leerlinge nie toegerus vir die arbeidsmark nie - en nog minder vir verdere opleiding of studie aan 'n universiteit.

**IS DAAR 'N UITWEG** uit die bose kringloop van uit-die-kop-leer en reproduseer van die tradisionele onderrigstelsel? Waar kan begin word om die stelsel te verander? 'n "Resep" gaan hier nie werk nie. Dus kan net 'n paar voorwaardes vir verandering genoem word:

- Leerlinge en onderwysers moet bevry word van die tirannie van die leerplaninhoude. Leerlinge kan nie sonder inhoude dink nie - maar hóé 'n mens "histories", "biologies", "wetenskaplik", "literêr", "wiskundig", ensovoorts dínk, behoort die hoofdoel van onderrig te wees.
- 'n Nuwe missie vir onderrig: nie om soveel inhoud as moontlik in leerlinge in te pomp nie, maar om hulle kritiese en kreatiewe denkvaardighede te leer waarmee hulle inhoude hul eie kan maak.
- Onderwysers moet opgelei en heropgelei word om minder angsvallig oor "inhoud" te wees en self kritiese en kreatiewe denkvaardighede te kan beoefen. Daardeur kan hulle modelle wees vir hulle leerlinge.

Oor watter denkvaardighede gaan dit spesifiek? Dit gaan basies om twee soorte vaardighede: die een is makrovaardighede, soos hoe om die denk-samehang van 'n opstel of 'n boek te ontsluit, hoe om 'n argumentatiewe opstel te skryf, hoe om analities te luister na 'n voordrag en self 'n logies-samehangende voordrag te lewer.

Die ander soort is mikro-vaardighede - hoe om tersake vrae te stel oor 'n onderwerp, hoe om inligting te evalueer, hoe om 'n steekhoudende argument te maak, hoe om probleem-oplossings te bedink, hoe om swak argumente te herken en te vermy, hoe om die implikasies of konsekwensies van iemand se standpunt eksplisiet te maak, ensovoorts.

Vaardighede soos dié kan nie soos net nóg "inligting" in leerlinge ingepomp word nie. Die aanleer van denkvaardighede vereis, soos die aanleer van enige vaardigheid, oefening. Net as take en leerinhoude só aangebied word dat dit die beoefening van denkvaardighede stimuleer, sal die vaardighede inderdaad by leerlinge gekweek word.

**VAARDIGHEDE ALLEEN** is nie effektief nie. As leerlinge nie die neiging het om hulle toe te pas nie, sal dit net nog 'n brok passiewe kennis in hul koppe wees. Daarom is dit noodsaaklik dat goeie denkgewoontes en denkdeugde gekweek sal word.

'n Goeie denkgewoonte is byvoorbeeld om denkvaardighede toe te pas; denkdeugde is byvoorbeeld intellektuele deursettingsvermoë, intellektuele vindingrykheid en die bereidheid tot self-kritiek.

Al dié dinge, veral goeie denkgewoontes en denkdeugde, neem tyd om aan te kweek. Hiervoor is daar geen "quick fix" nie. Des te meer rede dus waarom op skool daarmee begin moet word, en nie eers op universiteit nie.

Die genoemde denkvaardighede, denkgewoontes en denkdeugde is onmisbaar in die werksituasie, aan die universiteit en in die politieke en die ekonomiese lewe. Daar is eintlik geen onoorkomelike rede waarom leerlinge dit moet ontbeer nie.

● Dr Van Veuren is die skrywer van 'n boek oor denkvaardighede, Argumente-Kriteria-Kritiek (RGN, 1991).

VIVA GAME

GIVING YOUR DREAMS A BETTER CHANCE

DIE VIVA TRUST

Die Viva Trust is 'n organisasie sonder winsoogmerk wat deur Welsyn besit en bestuur word tot voordeel van gestremde mense, verwaarloosde en mishandelde kinders, bejaardes, die wat honger ly en benadeelde gemeenskappe. Sedert dit in 1991 tot stand gekom het, het Viva R15,2 miljoen vir Welsyn ingesamel.

# R304 000 000

## R304 miljoen gedurende 1992 versprei

Kagiso Trust

Die Kagiso Trust is 'n Suid-Afrikaanse ontwikkelingsorganisasie onafhanklik van die regering. Dit strewe om die nalatenskap van apartheid te oorkom deur te help om 'n billike, nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese gemeenskap sonder armoede tot stand te bring. Die Kagiso Trust het R297 miljoen aan gemeenskapsontwikkeling en onderwys gedurende 1992 toegewys.

HUNT LASCARIS TBWA FMC 555686

# OOR KOEITJIES EN KALFIES

## DIE PATRIARGE FEMEL OOR VROUEREGTE

Die parlementêre debat oor die NP se nuwe wette wat glo daarop gemik is om vroueregte te verseker was 'n klug, skryf **DR AMANDA GOUWS** *en* **MELANIE VERWOERD** - wat met weersin moes toekyk hoe die laaste bastion van patriargale mag gewigtige sake wat miljoene Suid-Afrikaanse vroue raak as 'nietighede' afmaak

**OP** 12 Februarie 1993 het ons die twyfelagtige voorreg gehad om die debat rondom die konsepwetsontwerpe op "Die bevordering van Gelyke Geleenthede", "Die afskaffing van Diskriminasie teen Vroue" en "Die Voorkoming van Gesinsgeweld" in die bastion van patriargale mag, ook bekend as die parlement, mee te maak.

Het 'n paar van die vroulike lede nie die erns van die saak aangespreek nie, sou die sottemy waarna ons moes luister in die geskiedenis opgeteken kon word as een van die mees irrelevante debatte ooit. 'n Mens sou selfs kon gelag het - as dit nie so tragies was dat die wetgewing daarop gemik is om die lewens van miljoene vroue te verander nie.

Tipies van die NP-styl om besluite namens ander groepe te neem, maak die party nou wette namens vroue. Geeneen van die organisasies wat al jare lank vroueregte op die agenda plaas of die vroue wat dit individueel bevorder, is geraadpleeg nie. Soos Dene Smuts, DP-LP, in haar toespraak uitgewys het, is haar herhaalde navrae deur halwe antwoorde begroet. As ander groepe geraadpleeg is, is dit in geheimhouding gedoen.

Dit is ironies dat die NP, wat al die jare nooit 'n woord oor vroueregte gerep het nie, nóú juis wetgewing om diskriminasie teen vroue te bekamp aanhangig maak. Wat vir die NP 'n verkiesingstrategie is, ontneem vroue die geleentheid om "empower" te word deur 'n bydrae te lewer tot die maak van wette wat hulle raak. Dit onderstreep die NP se minagting van organisasies soos die Vrouekoalisie, wat al verlede jaar 'n veldtog begin het om vroue op 'n grassroots-vlak by 'n Handves van Vroueregte te betrek. En dit onderstreep die oortuiging in NP-geledere dat onderdrukking reggestel kan word deur die afskaffing van diskriminerende wette en die uitvaardiging van nuwe wette. Die boodskap wat dit aan vroue stuur, is dat hulle "struggles" nie in ag geneem hoef te word nie en dat dit in elk geval nie saak maak nie.

**UIT DIE GEHALTE** van die debat het dit duidelik geblyk dat met enkele uitsonderings geeneen van die agbare lede wat toesprake gemaak het, die vaagste benul het waaroor vroueregte en die aard van diskriminasie teen vroue gaan nie - of dat hulle enigsins hul huiswerk gedoen het om dit vas te stel nie.

Dene Smuts het tereg opgemerk: "...the NP (and CP) put on public display the degree of ignorance in its ranks about the most fundamental aspects of the issue regarding the status of women. It has shown a lack of understanding and therefore of real committment".

Die kwessie is ook nie met erns benader nie - soos geblyk het uit die leë banke en die bespotting deur eindelose seksistiese opmerkings. Uit KP-geledere het die agbare lid Fanie Jacobs die voortou geneem met opmerkings soos: "Rowers dring aan op jou lewe of jou geld, vroue op albei." En asof dit nie genoeg was nie: "Van 18 tot 35 jaar het 'n vroue 'n goeie voorkoms nodig. Van 35 jaar tot 55 het sy 'n persoonlikheid nodig, en van 55 af vorentoe het die ou vrou kontant nodig."

Die skreiende paternalisme en seksisme uit KP-geledere word weerspieël in hul siening dat vroue dankbaar moet wees dat mans so gaaf was om hulle die "voorreg" toe te ken om selfs in die parlement te sit. Soos Jacobs dit stel: "Terwyl ons die reg aan vroue toeken [!] om oor landsake met ons mee te praat, wil ons dankie sê vir diegene daar buite wat veral elke dag hulle deel doen wat die besondere rol van 'n vrou betref - naamlik om na haar man en kinders te kyk."

Selfs oor swart vroue is die KP skielik die kenners - met die belaglike aanhaling: "[The African] woman is like a shadow. Go to her, she flees; leave her, she follows you".

Dit was duidelik dat die NP en die KP slegs politieke munt uit die saak wou slaan. Die KP het die hele debat ondergeskik gemaak aan die aanhaling van Marike de Klerk wat foutief deur David Frost aan dr Andries Treurnicht toegedig is, terwyl die NP by monde van minister Kobie Coetzee die verstommende vermetelheid gehad het om vroue wat al baie jare lank vir vroueregte veg, soos Dene Smuts en Carole Charlewood, daarvan te beskuldig dat hulle nie die erns van die saak besef nie aangesien hulle krities staan teenoor die proses van die wetgewing.

En om sy saak te versterk het Jacobs skielik van mense soos Helen Joseph en Helen Suzman "bondgenote" gemaak. Minister Rina Venter het ook nie beter gevaar nie. Sy het die kans gebruik om die ANC aan te val en daardeur haar onkunde oor die Nasionale Vrouekoalisie te wys. Sy beskuldig die "ANC-georienteerde Vrouekoalisie" van 'n politieke agenda. Maar die ANC Womens' League is slegs een van meer as 50 organisasies oor die hele politieke spektrum wat in twee jaar al méér vir vroueregte gedoen het as die NP in sy hele bestaan.

Slegs die DP-vroue het hul reputasies as kampvegters vir vroueregte gestand gedoen.



**DIE BELANG VAN** dié tipe wetgewing moet nie onderskat word nie - juis omdat dit die eerste keer is dat sulke wetgewing op die wetboek geplaas word. Maar binne die vernederende konteks van sotlikheid was dié debat teen-produktief. Die wetgewing raak die lewens van minstens 15 miljoen mense, maar hulle is nie geken in die opstel daarvan nie.

Omdat die opstel van die wetgewing in geheimhouding plaasgevind het, kon die implikasies daarvan ook nie deur vroue bespreek word nie. Die wetgewing sal beslis verreikende fiskale implikasies hê en indien die implimentering nie geskied soos dit moet nie, sou dit duur hofsake deur vroue tot gevolg kon hê. Die meerderheid van vroue in Suid-Afrika sou nie toegang (hetsy deur geld of deur geletterdheid) tot sodanige proses hê nie.

Dit is kommerwekkend dat die wetgewing nie die "gemenereg of die reg van inheemse groepe of sekere praktykreëlings (customs)" raak nie. Dit druis in teen die NP se onlangs aanvaarde idee van individuele regte en 'n mensregte-kultuur, omdat die wette vroue steeds onderhewig laat aan onderdrukkende kulturele praktyke. Die Universiteit van Kaapstad se verslag oor seksuele teistering het gewys hoe gevaarlik die regverdiging van kulturele gebruike is, bepaald wat geweld teen vroue betref. Sou 'n mens dit gelykheid kon noem as mans vroue op 'n gewelddadige manier "dissiplineer" aangesien kulturele praktyke mans in sommige gevalle dié mag gee?

**EN OP DIE OU END** het die minister steeds die hoogste gesag. Volgens die wetgewing kan die minister by kennisgewing in die Staatskoerant enige bedryf, beroep, ambag, instelling, persoon of kategorie persone, ooreenkoms, werk of kategorie owerheidshandelinge van die wetgewing uitsluit.

'n Gulde geleentheid het verlore gegaan om die gevolge van strukturele beperkings wat op vroue gelê word te debatteer. Die konteks van geslagsongelykheid wat veroorsaak word deur grootskaalse armoede, ongeletterdheid, seksuele geweld, die gebrek aan reproduktiewe vryheid, verkragting en seksuele teistering het skaars ter sprake gekom.

Pleks daarvan dat dié ernstige vraagstukke gedebatteer is (behalwe deur die paar vroulike lede wat dit hul erns gemaak het) is die geleentheid gebruik vir politieke gewin en trivialisasie. Trivialisasie was en is nog altyd die magtigste wapen van die patriargie se mcp's (male chauvinist pigs). In die woorde van Dene Smuts: "Trivialization has always been a problem. Hon members must please listen and learn, so that they can stop making idiots of themselves."

Mag die agbare lede ag slaan op dié woorde.

● Amanda Gouws doseer politieke wetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch en Melanie Verwoerd werk aan haar MA (Filosofie) oor Feministiese Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

# KINDERS, HOMOSEKSUELE EN DIE REG

Regsgeleerdes merk op dat daar al hoe meer sake in die egskeidingshowe beland waarin een van die ouers homoseksueel is en waarby kinders betrokke is. Wat doen die Suid-Afrikaanse reg by 'n egskeiding waar een van die ouers gay is? **JOANITA LUBBE** het gaan navraag doen.

**DIE** rede waarom dié soort egskeidingsake nou eers prominent na vore tree, sê verskeie regsgeleerdes, is omdat gays deesdae begin om hul regte op te eis.

Waar veral lesbiese ma's vroeër jare weens vrees vir intimidasie en verwerping, eerder sou toesien dat hul kinders na die ander ouer gaan, is dit vandag nie meer die geval nie.

Dit bring die regsprofessie onder druk omdat daar in Suid-Afrika min riglyne is. In die siviele reg in Suid-Afrika is daar geen verwysing na homoseksualiteit nie, en in die strafreg word dit net vermeld in terme van seksmisdade. Hierteenoor word homoseksualiteit sedert 1973 nie meer in die VSA as 'n afwyking beskou nie. Die Psigiatriese Vereniging in Suid-Afrika neig ook in dié rigting.

Kathleen Satchwell, 'n prokureur van Johannesburg wat verskeie sulke sake hanteer, sê in die personereg geniet homoseksuele dieselfde beskerming as heteroksuele. Die belang van die kind staan sterker as die seksuele oriëntering van die ouers. Dit beteken ook dat heteroseksualiteit voor die reg nie sinoniem is met goeie ouerskap of nie-promiskuïteit nie.

Sy sê hoewel heteroseksuele pare ongetwyfeld bewys het dat hulle homoseksuele kinders kan grootmaak, daar nog geen bewys is dat homoseksuele pare homoseksuele kinders grootmaak nie.

Ander regsgeleerdes het bevestig dat by egskeidings waar 'n homoseksuele ouer betrokke is, die algemene reël dieselfde geld as by heteroseksuele egskeidings, naamlik die vraag wat in die beste belang van die betrokke kind of kinders is.

Satchwell sê terwyl etlike lesbiese moeders toesig en beheer oor hul kinders verkry, weet sy nie van een homoseksuele pa wat daarvoor aansoek gedoen het nie.

'n Pretoriase advokaat, Frans Viljoen, wys daarop dat dié houding regshistories strook met die Victoriaanse opvatting dat manlike homoseksuele gedrag strafbaar gestel is, selfs met die dood, terwyl lesbiese gedrag daarteenoor nie gekriminaliseer is nie. Dit is doodgewoon as ondenkbaar geag.

**TERWYL DIE REGSPOSISIE** van gay ouers hier dikwels nog in 'n grys gebied val, was daar in Amerika 'n hele paar rigtingaanduidende uitsprake. In twee gevalle (Curidle vs Reagan en Nancy S vs Michele G) het dit gegaan het oor die regte van die nie-biologiese ouer in 'n lesbiese verhouding. In albei die sake is beslis dat die biologiese ma of die ma wat die kind wettig aangeneem het, die status van "wettige ouer" het. Die ander ma/ouer het dus geen aansprake op die kind in so 'n verhouding nie.

In die saak ACC vs CID het 'n nie-biologiese ma toegangsregte van haar nie-biologiese seun verkry. Sy en haar lesbiese metgesel het saam 'n skenker uitgesoek en nadat die seun gebore is, vier jaar lank saamgewoon. Na hul "egskeiding" het die biologiese ma die nie-biologiese ma twee jaar lank besoekregte toegelaat en daarna geweier. Die hof het beslis dat hoewel die nie-biologiese ma nie 'n ouer in die gewone sin van die woord is nie, daar 'n "spesiale soort verhouding" tussen haar en die seun bestaan en dit in die beste belang van die seun is dat dié verhouding voortgesit word.

Hierenteen het die hof teen 'n homoseksuele man beslis wat na sy egskeiding aansoek gedoen het om toesig oor sy kinders sodat hy hulle kon gay grootmaak.

**VOLGENS DR WILLEM** Schurink en Avanthe Schurink, spesialisnavorsers by die RGN, lyk die huwelikstatus van homoseksuele volgens navorsing wat in 1988 gedoen is, soos volg:

| | |
|---|---|
| Nooit getroud | 88,9 persent |
| Getroud | 2,9 persent |
| Getroud maar vervreemd | 0,8 persent |
| Geskei | 6,9 persent |

Verdere navorsing van die Schurinks toon dat 8,3 persent van die homoseksuele verhoudings stabiel is, en langer as 10 jaar duur. 'n Verdere 12 persent duur 5 tot 10 jaar, en 20,7 persent duur tussen 2 tot 5 jaar. Volgens die navorsing is die meeste verhoudings dus van korte duur, naamlik 52 persent.

Die navorsers sê die syfers kan misleidend wees omdat die navorsing nie onderskei tussen mans en vroue nie. Vroue staan egter vas daarop dat dié syfers nie vir hulle geld nie omdat lesbiese verhoudings veel stabieler is as homoseksuele verhoudings.

Satchwell glo ook dat gay vroue om dié rede beter geskik is om as ouers te dien.

Verskeie lesbiese vroue waarmee onderhoude gevoer is, beweer homoseksuele mans is meestal erg promisku en kan daarom glad nie as geskikte ouers of pa's beskou word nie. Hulle sê baie beslis dat dit nie lesbiërs geld nie. Voorts is vroue van nature meer geskikte ouers omrede hul emosioneel sterker en beter toegerus is om kinders groot te maak. Soos 'n sielkundige dit stel: "Mans wil hulle lewe lank rondjol en speel en dit geld ook heteroseksuele mans".

**DIE STABILITEIT VAN** 'n verhouding behoort volgens Viljoen 'n rol te speel in 'n nuwe definisie van die huwelikstruktuur. Hy stel voor dat die idioom van die "huwelik" uitgebrei word. Nuwe insigte moet geskep word sodat die klem op die inhoud van 'n stabiele en permanente verhouding sal val en nie meer op die definisie van die vorm nie. 'n Groter verskeidenheid van verhoudings kan dan geakkommodeer word wat die stigma van gay verhoudings sal minimaliseer.

Prof Aubrey Theron van die departement Kriminologie aan UP, sê navorsing van Richard Green toon dat 'n lesbiese lewenstyl geen uitwerking op die kinders se eie seksuele oriëntering het nie, en die probleem eerder lê by die gemeenskap se gebrek aan begrip, bevooroordeelheid en stigmatisering wat die kind negatief beïnvloed.

Ondanks uiteenlopende standpunte van sielkundiges of homoseksualiteit gemaak of gebore is, het hulle wel 'n voorbehoud oor die wenslikheid daarvan om 'n kind in 'n homoseksuele verhouding groot te maak of in 'n verhouding met net een homoseksuele of lesbiese ouer.


'n Vroulike sielkundige van Pretoria sê 'n huis bly 'n huis met al sy gewone waardes en dis is wat enige kind nodig het om gesonde rolidentifikasies te doen. Sy het 'n saak hanteer waar die lesbiese ma haar twee kinders gekry het ná haar egskeiding, maar eindelik besluit het om hulle op te gee. Sy het gevoel haar lesbiese lewenstyl het soveel negatiewe houdings by die skool, vriende en familie ontlok, dat sy die kinders nie langer daaraan wou blootstel nie.

**'N PRETORIASE PROKUREUR** wat verkies om anoniem te bly, sê 'n gay mens behoort geen gesinsregte te hê nie en ook nie kinders nie omdat so 'n leefwyse die funksie van die huwelik in die samelewing heeltemal misken.

Hoewel hy glo dat gays nie geskik is om ouers te wees nie, meen hy 'n hof sal 'n lesbiese ma toesig en beheer oor haar kind gee, mits sy nie ander beletsels teen haar het nie. Oor gay pa's is hy baie skepties. "Ondervinding moes al geleer het dat hulle 'n jong seun sal molesteer of ten minste in hul leefwyse sal inlei."

Wat individuele standpunte oor dié saak ookal is, is dit 'n feit soos 'n koei dat al meer homoseksuele mense besig is om openlik na vore te tree en op hul regte te begin staan. Gay ma's kan en wil kinders hê en kan voortplant na hartelus sonder dat die wet hulle kan keer. Die Suid-Afrikaanse regstelsel sal dus noodgedwonge sake soos dié moet leer hanteer.

● Die RGN is besig met vigsnavorsing en het gevra dat homoseksuele en ander belanghebbendes, hetsy ten gunste van of teen gay regte, met hulle in aanraking kom. Inligting sal te alle tye vertroulik gehou word. Bel dr W Schurink (012) 202-2417 of Avanthe Schurink, (012) 202-2408.



Hoekom trou 'n vrou en kry kinders terwyl sy haarself as lesbies beskou? **JOANITA LUBBE** het dié vraag aan 'n vrou gevra wat op die punt staan om van haar man te skei en aansoek gedoen het om toesig oor hul twee kinders te behou.

# DIE KRINGLOOP WORD VOLTOOI

**Hoe het jy uitgevind jy is gay?**
Ek het verlief geraak op my beste vriendin. Ek het oor haar gevoel soos ek nog nooit oor enige ander mens gevoel het nie. Ek en sy was vir jare lank meer as net beste vriendinne, maar die seks het heelwat later eers ter sprake gekom.
**Hoe het dit gekom dat jy dan getroud is?**
Ek het geweet ek is gay, maar het gedink dis net 'n fase waardeur jongmense gaan. Ek kom uit 'n baie konserwatiewe huis en die verwagtinge van die gemeenskap en my ouers het my gedwing om te trou. Ek was selfs verlief op die man waarmee ek getroud is. Ek het eers later besef dat 'n verhouding met 'n man my nie tot dieselfde mate vervul - op fisieke en geestelike gebied - as met 'n vrou nie.
**Is homoseksualiteit volgens jou 'n afwyking?**
Ek dink dis net 'n ekstra vorm van seksualiteit.
**Vind jy seks met 'n man afstootlik?**
Nee, maar eintlik is die seksuele deel daarvan eintlik baie onbelangrik - not unimportant, but disimportant.

> 'Een van my vriendinne het van kleins af haar **Barby Dolls** dik gevry en vir **Ken** in die kas gelos.'

**Hoe lank het dit jou geneem voordat jy besef het jy hou meer van vroue as van mans?**
Om 'n oudisie vir 'n rolprent te doen, maak jou nog lank nie 'n rolprentster nie. Om van 'n ander vrou te hou, of om oor haar te fantaseer, maak jou nie gay nie. Jy moet emosioneel en seksueel die kringloop voltooi. Soms word net die een beklemtoon ten koste van die ander en dan beweeg jy in 'n grys gebied. Dis nie altyd maklik om die seksuele en die emosionele bymekaar te bring nie, soos in enige verhouding. As jy gelukkig is, kan dit dadelik gebeur, maar anders kan dit 'n leeftyd neem. Een van my vriendinne het van kleins af haar Barby Dolls dik gevry en vir Ken in die kas gelos. Sy het geen probleem met haar seksuele identiteit nie.
**As jy geweet het wat gaan gebeur, sou jy steeds kinders gehad het?**
Ja, ek moet nog die gay-vrou ontmoet wat nie kinders wil hê nie.
**Wat sê jou familie?**
Hulle dink dis net lelike vroue wat lesbies raak omdat hulle nie 'n ander keuse het nie. Hulle verstaan nie hoekom ek wat gewild is onder mans, 'n vrou bo 'n man kan verkies nie. Die feit dat my man geld het, mal is oor my en my baie goed behandel, verbyster hulle. Hulle loop heeltyd na redes en soek en wag dat dit sal verbygaan.

> My pa weet nou nog nie en my suster weier om met my te praat. Sy het vir my 'n **"get well soon"**-kaartjie vir my verjaardag gestuur.

**Hoe sien jy jou toekoms - met kinders - in 'n gay gemeenskap?**
Ongelukkig sien die straight-gemeenskap net die gay raak wat sigbaar "anders" is - die vroue wat butch is met 'n houdingsprobleem. Hulle lê rond in gay clubs en wag vir 'n pick-up. Baie van my gay vriende is dokters, advokate en lektore. Ons hou private partytjies wat ook deur my ingeligte straight vriende bygewoon word. Ek sien dus geen rede hoekom kinders binne die milieu nie heteroseksueel kan wees nie. Dis nie dat ek my kinders gay wil grootmaak nie. Nie ek of enige van my heteroseksuele vriende wat geskei is sal hulle kinders aan die intimiteit van hul verhouding blootstel nie. Die probleme wat gay pare het, is identies aan die probleme wat heteroseksuele pare het.
Ek is in die gemaklike posisie dat my vriendinne wat my tydens my huwelik geken het, steeds my vriende is. Een het my selfs gevra hoekom ek nie op haar verlief geraak het nie. Ek is nog presies dieselfde mens al het ek my seksvoorkeur openlik verander. Ek is dieselfde ma as wat ek voorheen was en ek is dieselfde vriendin. My sekslewe het niemand geraak toe ek heteroseksueel was nie en ook nie nou nie.
**Is jy nou gelukkiger as toe jy getroud was?**
Ek is trots daarop dat ek die moed gehad het om uit die closet te klim en na al die jare van 'n konvensionele huwelik, eerlik te wees oor waar my toekoms lê.
**Wat was vir jou die moeilikste nadat jy openlik begin sê het jy is gay?**
Die dag dat ek besef het alle gay mense voel nie noodwendig soos ek nie. Die eerste ruk na ek uit die kas geklim het, wil jy vriende maak met alles en almal wat gay is, want dit bevestig jou identiteit. Eers later as die stof gaan lê, begin jy met nuwe oë na hulle kyk en dan geld jou ou norme weer. Een van my vrindinne sê in haar eerste verhouding was die feit dat dit 'n vrou is alleen genoeg. 'n Ander vriendin wat in 'n baie sensitiewe omgewing werk, het 'n prostituut gehuur om vir haarself te bevestig dat die seks so goed was soos die emosionele ervaring. Dit is ironies hoeveel van my jarelange straight vriendinne wat uitgevind het ek is gay, erken dat hulle oor vroue fantaseer en dat hulle gay verhoudings gehad het.
**Hoe het jou man hierop reageer?**
Soos my ma. Hulle wou weet hoe kon ek kinders hê as ek geweet het ek is gay. Hulle wou weet of ek as kind gemolesteer is. My ma het haarself blameer en my man wou daaroor onderhandel. My pa weet nou nog nie en my suster weier om met my te praat. Sy het vir my 'n "get well soon"-kaartjie vir my verjaardag gestuur.
**Weet jou kinders?**
Dit het my 20 jaar van lang nagte en baie pyn geneem om op die punt te kom waar ek gemaklik is met myself. Dit is moeilik om nou weer die situasie deur hulle oë te moet sien. 'n Kind wil hê sy ma moet konformeer, sy moet 'n kombi ry en in die skool se tuckshop werk. Om van hulle te verwag dat hulle met dieselfde gemak moet aanvaar ek is gay as wat ek dit nou doen, sal hulle van 20 jaar se insigte beroof. Daar is geen kortpad as dit kom by pyn nie en veral my seun moet nie nou weet dat ek van vroue op albei vlakke hou nie, want hy sal dink ek hou nie van mans nie en ook nie van hom nie. Ek hoop ek sal instinktief weet wanneer om hulle te vertel. Ek wil hulle self vertel soos wat ek gekies het om my man self te vertel. Ek het lank probeer om straight te wees omdat dit makliker gelyk het, maar ironies genoeg het ek in 20 jaar nooit straight geword nie, maar altyd gay gebly. Ek is so gemaklik daarmee, ek kon dit nie aangeleer het nie. Dit is soos om linkshandig te wees teenoor iemand wat regs is.




After 30 years in television **Sir David Frost,** who delighted/irritated South Africans in his series of interviews with political leaders on CCV last month, is not sitting back and relaxing. He is back at the interview table in Britain, hosting a new BBC series, *Breakfast with Frost*. **STEVE WEINMAN** interviews the interviewer on the art of making people speak out

# HOW *NOT TO* MAKE PEOPLE SHUT UP

**STUDIO** TC2 was where the 23-year-old David Frost first said, "Hello, good evening and welcome" to the British public, hosting a satirical programme called *That Was The Week That Was* which could pull 12 million people to the BBC on a Saturday night. Thirty years on, David Frost, sleeker, better padded, is back in TC2 for the launch of *Breakfast With Frost*, his weekly news review and interview programme.

*TWTWTW* floated into existence on a tide of mulled claret. This time the press have been fuelled with bucks fizz and croissants and are gathered around the beaming presenter on the edge of the elegant set. He is clearing up confusion about his early career. "No, I didn't talk to Dr Savundra on *The Frost Report*, that was *The Frost Programme...*"

But then, some of the reporters were hardly born when these programmes were made and over the years there have been so many Frost titles: he has been variously *On Thursday*, *On Friday*, *On Sunday*, *Over England*, *America*, *Australia*, *New Zealand* and *Canada*; there was *A Degree Of Frost*, *Frost's Weekly*, *The Frost Interview* and so on while in the USA he has hosted *The David Frost Show* and others.

Two weeks after the launch of *Breakfast With Frost* he has another title. In recognition of his services to television he becomes Sir David Frost. He describes the honour as a bolt from the blue.

"Someone said you have been in television for 30 years now and I said yes and I am going to be in it for another 30. I think to be honoured in mid-career is terrific."

Breakfast With Frost takes over from *Frost On Sunday*, which ran for nine years on TVAM, the recently defunct independent breakfast TV company he co-founded. Although its early-morning slot never drew big audiences it won many a Monday newspaper headline and for Sir David what was reportedly the highest salary in British TV.

With *Breakfast With Frost* he has struck an unusual deal in that he, rather than the BBC itself, is paid repeat fees directly by the satellite service BSkyB. Most importantly, it can be seen on World Service Television in Europe, Asia and the Middle East.

Frost is also making programmes for independent television in Britain. In the USA (and more than 30 other countries) he presents the monthly *Talking With David Frost* on PBS. He has produced seven films and written 15 books. His wide-ranging business interests centre on his company Paradine Productions. If Sir David Paradine Frost is not a seriously rich man, he has no excuse.

He has long been the perfect model of a modern media man. In the '60s, when the big names in so many fields of activity rose, as one commentator caustically put it with reference to Frost, without trace, his face was everywhere. According to an opinion poll in 1970 only the Queen (who gave him the OBE that year) and Harold Wilson (whom he had precociously invited to breakfast) were more widely recognised.

Frost's father, a Methodist minister, was a gifted communicator. David, born in 1939, preached as a boy in his father's church. He chose to go to the local grammar rather than public

school. He loved cricket and soccer but turned down a contract as a professional footballer with Nottingham Forest at 16 because he was set on university.

Years later he captained a charity team on FA Cup Final day. "I realised as I walked out on to the sacred turf that I had hit on the right way of getting to Wembly - via television rather than on merit." He still talks of football with real passion.

**FROST WENT UP TO CAMBRIDGE** to read English in 1958. He did all the right things, editing the campus magazine Granta and becoming secretary of theatrical group Footlights. He was doing impressions of Prime Minister Harold Macmillan in a nightclub in 1962 when the BBC's Ned Sherrin signed him up for *TWTWTW.*

The British government revealed recently that Macmillan had never found the programme as subersive and dangerous as was popularly believed at the time. "It is a good thing to be laughed over. It is better than to be ignored," were his words. But with an election looming the controversial show was taken off in 1963 and Frost was offered big bucks to take it to the USA. By the end of the decade he was doing five programmes a week there, returning to Britain at weekends.

It was *The Frost Programme*, in front of a live audience, which cemented his reputation. When his guest was Emil Savundra, a conman who had left half-a-million car drivers without cover or compensation in an insurance scam, Frost grilled him, lost his temper and stormed off in disgust. The press dubbed it "trial by television".

He never lost control again. We sit at one end of a massive boardroom in the shadow of St Paul's Cathedral: Frost puffs on a large cigar and considers the art of the interviewer. "TS Eliot said a work of art has a life of its own," he says. "I am not suggesting that the interview is a work of art necessarily but it does have a life of its own."

He regards his style as intellectually rigorous, probing rather than confrontational, although he does bare his knuckles on occasion, most recently with Labour politician Robin Cook and US presidential candidate Pat Buchanan.

But after the first *Breakfast With Frost* there were suggestions in the UK press that the man who has interviewed the last five British prime ministers and the last five US presidents had been too cosy with his latest guest, Britain's premier John Major.

Has this upset him? "No, no, it goes with the territory." He points in justification to the headlines in the following day's papers based on Major's answers. After 30 years in the business, Sir David Frost is not so much defensive as philosophical.

"Essentially your role is as a catalyst. The only way you can really judge a question is by the answer it provokes, not by what it does for the ego of the interviewer. There is a form of rather self-serving and spurious adversarial style that in fact just shuts the person up.

"You do have to go on the attack if facts are being done a disservice but in general you have got to try to draw the other person out and get them to come over on television as they do in what is laughingly known as real life."

He talks about knowing when to stay silent so that the interviewee will come up with something more interesting. "But there is another form of silence where the person has just blind forgotten what the hell they were going to say. That silence, if you leave it hanging in the air, feels like an eternity. A lot of this is instinctive - as is the physical thing in an interview."

Ah, the physical thing. Back in 1977 John Birt, now the BBC's Director General, produced Frost's famous series of interviews with Richard Nixon, bought by virtually every country in the world. Frost had stipulated that at least six of the 30 hours of discussion should cover Watergate but in several of the sessions felt that the former US president had been filibustering. Time was running out.

On the way to the next interview, according to Frost, Birt said to him: "Now today you have really got to do that physical thing you do."

"That was as definite as he could make it," says Frost. "I can't analyse it, it is to do with leaning forward, with body language." He lunges towards me suddenly and I must have reacted with mild alarm, not expecting a demonstration. No wonder Nixon came clean and ended up apologising for Watergate. "These are not things that can be taught, they are more instinctive than anything because if you lean forward at the wrong moment it is a useless technique."

On *Breakfast With Frost* I noted how a casually lobbed question prefixed "By the way ...." had threatened to wrong-foot Britain's Labour leader. "John Smith said to me afterwards: 'You have a way of asking beguiling questions with potentially lethal consequences'. I said I could think of no higher compliment," says Frost, scribbling down the quote; even after 30 years it does no harm to collect fresh ammunition.

Deep research, he reckons, is vital. "One of the mistaken theories with interviewing is that people think the more preparation you do the more shackled you must be to your prepared plan. The reverse is the case: the more preparation you do, the more liberated you are to go with whatever the person comes up with."

**FOR OCCASIONAL USE** when a tricky subject has to be raised, Frost advocates the "in at the deep end" gambit. But success is not guaranteed. "Over the years I have made a lot of friends as a result of interviews. I have rarely lost friends through interviews but I did in the case of Henry Kissinger." Two 45-minute sessions on successive days were scheduled for a programme on the presidential aide's memoirs in 1979. "I know him well, I warned him he must remember this was a professional assignment and I would be putting testing questions.

"I decided I would do Vietnam and Cambodia on day one so that we could relax on other things like China, where his role was not so questionable. Now as it happens the result of the fist session was that he was extremely upset and tried to have it retaped, so in fact we didn't get it out of the way at the beginning at all, quite the reverse.

"The bewildering thing was that this was two years after the Nixon interviews and I had pursued the same line of questioning with Kissinger as I had with Nixon - in a programme which Kissinger had congratulated me on. If he had seen it he should have been prepared. It was no ambush."

Questions must be testing. "If someone says: 'don't you agree that your entire life has been totally wasted?', that is easy, you say: 'No I don't actually, and I am the one who is living it.' But if you say: 'Among all your many achievements, which do you regard as your greatest mistake?' then you have got more chance of getting somewhere."

This is the moment to ask about Sir David Frost's biggest mistake. Oddly, it transpires that although he often uses this example he has not been asked this question before but any hopes of having trapped the master interviewer into astonishing revelations are quickly dispelled. His mistakes are disappointingly of the variety apparently described in Washington circles as "inside the beltway".

One concerns a professor who in the late '60s came up with the first wide-ranging doubts about the contraceptive pill. After heated debate it was decied in the interests of free speech to have him on Frost's US show. Most of the theories were later disproved and Frost feels he might have rung alarm bells unnecessarily.

The other "big mistake" falls into a similar category. *The David Frost Show*, which began in the USA in 1969, was to be a "talk variety" show until Frost started mixing in current affairs and stretching eight-minute chats into high-rating 90-minute specials.

When the BBC ran six of the best as *Frost Over America* it had to omit those which were no longer topical - like a confrontation with Vice-President Spiro Agnew - and stick largely to showbusiness celebrities, like golden couple Richard Burton and Elizabeth Taylor.

"The reaction was what I had anticipated, people saying: Has Frost gone soft? Has he mellowed in America? Well the answer was that you do interview Richard Burton and Elizabeth Taylor or a legend like Jack Benny in a different way to how you would interview Saddam Hussein or someone but that point never got across."

**ONE CANNOT HELP WISHING** one's own mistakes reflected so well on oneself. Few regrets, then. Frost is contented, looking forward to his next 30 years. "It is a great privilege to be talking to the people on the screen that you would love to talk to off it anyway and getting paid for it is obviously terrific."


Off-screen too, life is sweet. His relationships were once meat and drink to the gossip columnists and his first marriage, to Peter Sellers' widow Lynne Frederick in 1981, lasted less than two years. But in 1983 he married Lady Carina Fitzalan-Howard, daughter of the Duke of Norfolk. They have three sons, Miles, Wilfred and George and homes in Hampshire and Chelsea.

"My life is that much more contented now with Carina and the three boys than it was before and for me that pattern has worked out - playing the field, getting married at 43 and then having a family for the first time, Carina having a family for the first time. Wonderful."

Remaining ambitions at the halfway stage? "I think life is improvisations on a theme and the goal is a general one: to carry on doing the things you enjoy and believe in and keep looking out for new challenges or new frontiers and try to be there. A year ago I didn't ever know I would be back with the BBC." Which was your best interview? he was asked in TC2. the answer was well-rehearsed: "The next one."

(This article appeared in the March issue of *BBC Worldwide*, a monthly magazine.)

"John Smith said to me afterwards:
'You have a way
**of asking beguiling questions**
with potentially lethal consequences'.
**I said** I could think of no
**higher compliment."**



charlie

# CHAPLIN

# die nar as filosoof

**Charlie Chaplin** is die universele nar. Reeds voor die Eerste Wêreldoorlog word sy koddige figuurtjie dadelik herken en sy woordlose komedie deur derduisende mense verstaan. Richard Attenborough se biografiese rolprent oor die speler wat Hollywood help skep het, word vandag uitgereik. Die waardering wat **ANDREA VINASSA** vandag vir Chaplin koester, is nie aan die regisseur te danke nie...

**EK** was nog nooit 'n bewonderaar van Charlie Chaplin se manewales en sy goedkoop humanisme nie. Ek is 'n kind van die sixties en seventies, toe rolprente al hoe meer na dirty realism begin neig het die Carry On-klomp, Peter Sellers, die Goon Show en Monty Python was my generasie se gunstelingkomediante. Geesdriftige onderwysers het Chaplin by ons keelgatte afgedwing en ons moes die swart-en-wit stilprente soos onsmaaklike medisyne sluk.

Noudat ons almal bietjie grootgeword het en effens meer van pyn en patos weet, is dit moontlik, en sekerlik nodig, om sy kuns met meer waardering te aanskou.

Noudat ek Richard Attenborough se oor-eerbiedige biografie van Chaplin gesien het, wil ek graag wéér na sy werk kyk, merendeels omdat Chaplin (die movie) 'n halfgebakte glamour-prent is wat in twee opsigte teleurstel: wat sy kuns betref, word te min aandag gegee aan hoe Chaplin sy komedies gekonseptualiseer het; en wat sý private lewe betref, draai Attenborough lekker doekies om.

Die prent is propvol oppervlakkige besonderhede, maar slaag nie daarin om die wese van Chaplin se genialiteit vas te vang nie. Attenborough deins ook terug van die gure besonderhede van Chaplin se private lewe: hy sê nie dat hy eintlik 'n pedofiel was nie. Nee, Chaplin se voorliefde vir tienermeisies word ineengevleg met J Edgar Hoover se paranoïese vervolging van Chaplin die politieke dier.

Attenborough verval, soos die geval was met *Gandhi* en *Cry Freedom*, in 'n onkritiese, liberalistiese ophemeling van mense met, volgens hom, bewonderenswaardige waardes. Chaplin is baie interessanter as die man wat *The Great Dictator* gemaak het of die man wat deur die McCarthy-regering die land verbied is.

### ATTENBOROUGH TRAP LELIK KLEI

Wat Attenborough nie insien nie, is dat Chaplin se private lewe nie aan sy artistieke genialiteit afbreuk kan doen nie - ons is tog grootmense! Soos 'n mot om 'n kers draai Attenborough en sy draaiboekskrywers so al om die wese van Chaplin.

Dis nogal verbasend dat die draaiboek nie beter is nie. Nadat Bryan Forbes 'n eerste draaiboek met genoeg stof vir 'n ses-uur-lange minireeks voorgelê het, het die romanskrywer William Boyd die werkende draaiboek daaruit gesny. Daarna het Tom Stoppard dit herskryf. William Goldman - wat onder meer *A Bridge Too Far* en *Butch Cassidy and the Sundance Kid* geskryf het - het dit toe beetgekry. Tussen hulle het die mense wat voor en agter die kameras gewerk het, meer as 'n dosyn Oscars gewen. Hoe het dinge dan verkeerd geloop?

Attenborough se groot fout was om 'n fiktiewe uitgewerskrywer (gespeel deur Anthony Hopkins) te skep wat in 'n reeks gesprekke met die verrimpelde Chaplin veronderstel was om die wisselvallige onderdele van sy rolprent saam te bind. Die insetsels wat in Switserland afspeel, onderbreek die reeds problematiese ritme. Eintlik moes Chaplin 'n jongmensfliek gewees het - Chaplin het 67 van sy 88 prente gemaak voor hy 30 jaar oud was.

Attenborough trap lelik klei in die oumens-tonele waarin daar tee gedrink en gemompel word. Robert Downey jr, wie se vertolking van die jong Chaplin asembenemend is, is begrawe onder 'n hoop grimering, terwyl die regisseur poog om die waarheid uit hom te torring. 'n Beter oplossing sou wees om Warren Beatty in sy *Reds*-truuk te gebruik - hy het "talking heads" verfilm waarin mense jare ná die hoofkarakter se dood teenstrydige herinneringe ophaal.

Attenborough slaag nie daarin om ons te laat voel hóé beroemd Chaplin was nie en hóékom hy so beroemd was nie. Daar is twee groot leemtes: daar's nie genoeg tonele van Downey as die Little Tramp nie; en te min inligting oor hoe Chaplin as regisseur en draaiboekskrywer gefunksioneer het.

Ander leemtes is die afwesigheid van Chaplin se boesemvriend Fatty Arbuckle en die Little Tramp se basterbrak.

### CHAPLIN IN DICKENSIAANSE LONDEN

Chaplin se kombinasie van die vaudeville-nar, uitgeworpe filosoof en natuurlike aristokraat het sy oorsprong in East Lane, Walworth, waar hy op 16 April 1889 gebore is. 'n Mate van onsekerheid en geheimsinnigheid omring sy geboorte - daar bestaan geen geboortesertifikaat nie en Chaplin het vroeg in sy loopbaan volgehou hy is in Fontainebleau, Frankryk, gebore.

Sy pa was 'n ballade-sanger in die Londense music halls tot hy ondergekry is deur alkoholisme - 'n kenmerk van music halls. Sy pa is dood toe Charlie 12 was en sy ma, 'n onsuksesvolle sangeres, moes alleen haar twee kinders grootmaak.

Sy kinderdae was pure Dickens, en Attenborough se uitbeelding van die agteruitgang van mevrou Chaplin is puik - danksy Sven Nykvist se stemmingsvolle visuele herskepping van die laat-Victoriaanse tydperk. Een van die prent se uitmuntende aspekte is Geraldine Chaplin se vertolking van haar geestelik versteurde ouma. Chaplin en sy broer Sydney (ook 'n ster-komediant, iets waaroor Attenborough swyg) het lang tydperke in kindertehuise deurgebring.

Dié vernedering wat Chaplin as kind in Dickens se Londen ervaar het, het later neerslag gevind in sy hunkering na 'n volmaakte wêreld en veral 'n volmaakte vrou. Sommige historici skryf sy obsessie met maagde en jong meisies daaraan toe dat hy as tiener nooit verlief geraak het op meisies van sy eie ouderdom nie. Omdat hy sy sielkundig onstabiele ma moes oppas, het hy te vinnig grootgeword, meen hulle.

Historici sê ook die sosiale en politieke vervolging waaraan hy onderwerp is, was die gevolg van 'n onbewuste reaksie deur die publiek en die owerhede op sy paradoksale beeld - arm en goedhartig op die silwerdoek; ryk en boos in die regte lewe.

Dit het alles begin toe Sydney en Charlie vir ene Fred Karno gaan werk het. Charlie het tydens die Amerikaanse toer van 1912-13 die wonders van die rolprent ontdek. Mack Sennett (Dan Akroyd), die skepper van die Keystone Kops, het hom 'n kontrak aangebied. Eers het hy glad nie tuisgevoel in die nuwe medium nie en Sennett se slapstick-komediante het sy verfynde styl te stadig gevind. Attenborough sê dit nie vir ons in die prent nie. Hy sê Chaplin het dadelik die rolprent-idioom gesnap.

### DIE EERSTE PRENTE

Sy eerste prent, *Making a Living* (1914), waarin hy die rol van 'n dandy gespeel het, was taamlik middelmatig, maar in sy tweede prent, *Kid Auto Races at Venice*, het hy die kostuum aangetrek waarvoor hy beroemd sou word.

Volgens die legende is die Tramp-kostuum eers geleen en toe by ander Sennett-komediante gesteel: Fatty Arbuckle se groot broek; Charles Avery se klein jassie; Arbuckle se oom se derby-hoed; Ford Sterling se stewels wat so groot was dat hulle aan die verkeerde voete gedra moes word; en Mack Swain se snor, effens geknip.

Chaplin skryf later: "Ek het geen idee gehad van die karakter nie, maar toe ek die klere aantrek en die grimering aansit, het ek dadelik geweet watter soort mens hy was. Ek het hom begin leer ken en teen die tyd dat ek op die verhoog geloop het, was hy gebore."


In die daaropvolgende 22 jaar sou die karakter verfyn en uitgebou word: die held van *City Lights* (1931) en *Modern Times* (1936) is baie meer kompleks as die Little Tramp van Sennett se eerste slapstick-prentjies, maar die buitelyne van die karakter - die reeks emosies van gevoelloosheid tot hoë sentiment, en sy uithouvermoë en feilbaarheid - was van die begin af neergestip.


Chaplin het in 1914 altesame 35 rolprente gemaak. Vanaf nommer 12, *Caught in a Cabaret*, het hy met die regie begin help. Vanaf nommer 20, *Laughing Gas*, is hy aangestel as sy eie regisseur.

Die prente was primitief, vol simpel grappe oor beskonkenheid, onwettige flirtasies, tandartse, jaloerse mans, dom polisiemanne, dinamiet, roomkoeke, ens. Maar Chaplin het reeds met *The New Janitor* begin om meer subtiel as verteller te werk te gaan.


Chaplin het vinnig vooruitgang gemaak en 'n kontrak met Essanay aangegaan. Hy het in 1915 vir Roland Totheroh, die kameraman wat 30 jaar saam met hom sou werk, en Edna Purviance, wat vir agt jaar sy leading lady sou wees, ontmoet. Chaplin het al hoe meer ambisieus geraak en in dié jaar het hy ook 'n klein boot opgeblaas om aan Shangaied 'n dramatiese klimaks te verleen.

In *Police* (1916) het hy die sosiale ironie ingevoer wat hy later in *The Kid* (1921) en *The Pilgrim* (1923) sou vervolmaak. Toe hy weg is by Essanay, het hy by Lone Star 'n salaris van $10 000 per week gekry. Dit was steeds 1916 en hy het *The*





## "Charles Chaplin is the only artist who holds the secret weapon of mortal laughter..."



*Floorwalker, The Fireman, Behind the Screen, The Pawn Shop, The Vagabond, One a.m.* en *The Rink* gemaak. In 1917 het hy *The Cure* en *The Immigrant* gemaak - in dié prente het hy sy vermoëns tot drama en patos uitgebou.

In 1918 het hy sy eie ateljee gebou. Hier sou hy 24 jaar lank werskaf en dis waar hy sy meesterstukke verfilm het: In *A Dog's Life* (1918) het hy sy sosiale satire verskerp deur ooreenkomste te tref tussen die Tramp en die basterbrak. Mense het hom van swak smaak beskuldig toe hy 'n komedie skep oor soldate aan die front in die Eerste Wêreldoorlog, *Shoulder Arms*.

*A Day's Pleasure* (1919) is 'n slice-of-life-komedie oor die ongeluk wat 'n man tref wanneer hy sy gesin op 'n piekniek neem. Een van die kinders is gespeel deur Jackie Coogan, wie se skitterende toneelspel Chaplin se *The Kid* begeester het. Dis 'n melodrama oor 'n ongehude moeder en hoe die Tramp haar kind langtand aanneem. Attenborough se behandeling van dié prent laat ook veel te wense oor.

### DIE SPITS VAN SY LOOPBAAN

Ná *The Kid* het Chaplin besluit om sy tuisland te besoek. Hy was skaars 30 jaar oud en die beroemdste man ter wêreld.

Terug in Amerika het hy twee middelmatige prente - *The Idle Class* (1921) en *Pay Day* (1922) - verfilm, maar met *The Pilgrim* het die kritici hom weer op die hande gedra. Dis die verhaal van 'n ontsnapte bandiet wat 'n priester se klere steel en aangesien word vir die nuwe predikant van 'n eng dorpie. Chaplin kon die draak steek met hul dweepsug en skynheiligheid.

Daar is tientalle plekke waar Attenborough swyg oor insiggewende besonderhede oor die oorvleueling van Chaplin se geesteswêreld met sy kunsvorm. 'n Voorbeeld is die oorsprong van *The Gold Rush* wat hy in 1925 verfilm het.

Een Sondagoggend het Chaplin gaan ontbyt eet by Mary Pickford en Douglas Fairbanks. Hulle huis het uitgekyk op Alaska en die Chilkoot-pas. Chaplin is getref deur "... 'n uitsig op die Chilkoot-pas met 'n lang ry prospekteerders wat teen die sneeubedekte berge opklouter... dit was 'n wonderlike tema, het ek gedink, genoeg om my verbeelding te prikkel. Idees en komedie-aksie het begin ontwikkel en al het ek nie 'n storie gehad nie, was een aan die broei."

Verdere begeestering het gekom van 'n boek oor die Donner-ramp waarin 160 pioniers op pad Kalifornië toe in die Sierra Nevada vasgesneeu gesit het. Hongersnood en koue het hulle tot mensvretery gedryf en hulle het ook hul mokassins gebraai en geëet.

Chaplin is altyd deur die makabere gefassineer en dié tragiese gebeurtenis het sy beroemdste komiese uitvindsel geïnspireer - die eet van 'n stewel asof dit 'n gourmet-gereg was. Hy het later gepeins: "It is paradoxical that tragedy stimulates the spirit of ridicule because ridicule, I suppose, is an attitude of defiance: we must laugh in the face of our helplessness against the forces of nature - or go insane."

Attenborough se weergawe is die politiek korrekte, sanitêre Chaplin. Daar word gefokusseer op die melankoliese, terneergedrukte Chaplin en dis ten koste van die wreedaardig eerlike een wat die mens se geneigdheid tot boosaardigheid deur middel van galgehumor uitgedruk het.

In die jare dertig het Chaplin baie minder prente gemaak. Toe hy aan *City Lights* (1931) begin werk het, het klank reeds die loopbane van ander grootse komediante van die stilprent verwoes. Hy kon nie sy internasionale gehoor vervreem deur dialoog te skryf nie. *City Lights* is dus 'n stilprent met musikale begeleiding en is gegrond op 'n reeks komiese variasies met 'n blinde meisie en die Little Tramp wie se pogings haar haar sig teruggee - sodat sy sy patetiese werklikheid kan sien.

Volgens Chaplin het klank "die wêreld se mees antieke kunsvorm, die pantomime, vernietig. [Klank] verwoes die grootse skoonheid van stilte".

*Modern Times* (1936) is as stilprent gekonsipieer. Met uitsondering van die ster se stem - vir die eerste keer gehoor as hy 'n onsin-liedjie sing - is die enigste klank die stemme wat uit die televisie-skerms en luidsprekers stort.

Die Little Tramp het in *Modern Times* sy buiging gemaak.

Kritici het niks van die prent gehou nie - hulle het gekla dat Chaplin 'n self-aangestelde filosoof is. Hy is ook betig omdat hy klank verwerp het. Allerlei sinistere politieke implikasies is aan die prent toegeskryf en dis in Italië en Duitsland verbied. Die Sowjet-Unie het ook afkeur uitgespreek - dit was op stuk van sake 'n satire oor moderne produktiwiteit.

Chaplin het protes aangeteken: "Ons enigste doel was om te amuseer. Dit was net my ou Charlie-karakter in die omstandighede van 1936. Ek het geen politieke motiewe nie.

"Dit het uit 'n abstrakte gedagte ontstaan, 'n impuls om iets te sê oor hoe die lewe gestandardiseer en gekanaliseer word, waarin mans in masjiene verander word."

Hoewel *Modern Times* die Amerikaanse Depressie uitbeeld, is die temas vandag steeds ter sake - industriële reglementering, stakings, dwelmmiddels, demonstrasies, die rigiditeit van burokratiese instellings - èn die beste van Chaplin se prente is tydloos.

David Robinson, Chaplin se biograaf en die kritikus wat sy prente waarskynlik die beste ken, sê oor *Modern Times*: "The full genius of Chaplin's comedy, however, appears in the scene where he obligingly picks up the red warning flag which has fallen off a passing lorry. He runs after it, quite unaware that a mass demonstration has formed up behind him. It is impossible to say whether the scene is comic or tragic. Either way, it remains one of the great symbolic representations of man as victim of his fate."

Met *Modern Times* het Chaplin hom die kritiek op die hals gehaal dat hy as komediant buite die perke van sy "opdrag" werk. Dieselfde is gesê van *The Great Dictator*, 'n satire oor totalitarisme.

Die Duitse film-kritikus en sielkunde-professor Rudolf Arnheim het in 1940 sy teleurstelling met Chaplin se *The Great Dictator* uitgespreek: "Charles Chaplin is the only artist who holds the secret weapon of mortal laughter. Not the laughter of superficial gibing that self-complacently underrates the enemy and ignores the danger, but rather the profound laughter of the sage who despises physical violence, even the threat of death, because behind it he has discovered the spiritual weakness, stupidity, and falseness of his antagonist. Chaplin could have opened the eyes of a world enchanted by the spell of force and material success. But instead of unmasking the common enemy, fascism, Chaplin unmasked the single man, *The Great Dictator*. And that is why I feel that this good film should have been better."

### DIE LAASTE PRENTE

Chaplin het *Monsieur Verdoux* (1947) as sy beste prent beskou - maar Attenborough ignoreer die prent. Dis in dié tyd dat hy skuldig bevind is in 'n vaderskap-eis - die bloedtoets wat sy onskuld kon bewys, is nie in die hof aanvaar nie - en deur regeringsagente, die Hearst-persgroep en die American Legion as kommunis gebrandmerk is. Resensente het die prent so gehaat (en dit op morele grondslag veroordeel) dat Chaplin dit uit die teaters verwyder het. Die enigste Amerikaanse kritikus wat dit aangeprys het, was James Agee van *The Nation*. Hy het gesê dis "een van die beste prente wat nog ooit gemaak is... Chaplin se vertolking is die beste stuk spel wat ek nog gesien het."

Toe dit in 1964 weer in Amerika vertoon is, het resensente gesê "die prent is 17 jaar te vroeg gemaak".

Chaplin het in die ouderdom van 50 sy vierde vrou ontmoet - die 17-jarige Oona O'Neill (wie se pa, die dramaturg Eugene O'Neill, nooit weer met haar gepraat het nie) het agt van Chaplin se 11 kinders gebaar.

Attenborough poog om die vryerige sy van Chaplin se persoonlikheid die hoof te bied, maar doen dit so oppervlakkig dat hy dit maar kon gelos het. Elkeen van die vroue in sy lewe kry sowat vyf minute se silwerdoek-tyd om hul mooi gesigte en swierige klere te vertoon. Dis ook al. Daar is geen intimiteit in die vertelling van sy rampspoedige liefdeslewe nie.

In die ouderdom van 77 het Chaplin sy laaste prent gemaak: *A Countess from Hong Kong* (1967) was 'n onsuksesvolle romantiese komedie met Marlon Brando en Sophia Loren. Hy het nooit afgetree nie. Toe hy dood is, het hy voorbereidings getref vir *The Freak* en musiek gekomponeer vir *A Woman of Paris*, die ernstige drama wat hy in 1923 verfilm het.

Ondanks Downey se briljante vertolking - sy nabootsing van Chaplin se balletiese bewegings is spookagtig eg - kom Chaplin voor as 'n droewige en moedswillige mens wie se kreatiwiteit deur allerlei huislike probleempies ondergrawe word en nie as een van die silwerdoek se onoortroffe talente nie.

# DIE *EISTEDFODD-JUFFROU* EN DIE DIGTERS

## Nie in die donkerste dae van Dertig het 'n Malherbe of 'n Pienaar so 'n vertoning van swak smaak en swak oordeel gelewer as **Joan Hambidge** in die afgelope paar weke nie, sê **LIBERTYN**

**EK** sien dat Joan Hambidge heer resensie van *Met die aarde praat* deur TT Cloete nou opgevolg het met 'n verduidelikende brief in *Die Burger* en 'n betuttelende rubriek in *Beeld* (25 Feb). Dit alles - al haar moeitetjies, al ons verdriet - om lesers daarvan te oortuig dat ons eenvoudig móét vasstel wie "eerste staan" onder die Afrikaanse digters, en dat die eerste onder hulle TT Cloete is.

En dan blykbaar nie naastenby ***primus inter pares*** nie. O nee, in haar ywer om as herout van die Potchefstroomse pryspoeëet op te tree, verskuif Hambidge die ander kandidate in abrupte, selfvoldane sinnetjies na die tweede rang.

Ek het in hierdie rubriek nog maar min oor Hambidge te sê gehad. Die provokasie was soms daar, maar ek het gedink dat met 'n bietjie inspanning die banaliteit van haar uitsprake, die verpestende invloed van haar rubriek, agter die horison van die waarneembare gehou kon word.

Met hierdie jongste *hubris* van haar, om sooos 'n wafferse eistedfodd-juffrou aan te dring dat ons volgens 'n stelletjie erbarmlike kriteria moet bepaal wie die beste sou wees, blaas Hambidge weer hard in almal se nekke. Iemand moet in belang van die openbare smaak en die vlak van meningswisseling vir haar sê: hou tog op, asseblief.

Ek sal dit natuurlik nie ongestraf doen nie, want Hambidge is wraaksugtig. Haar rubriek is byna weekliks 'n bewys van die feit dat sy niemand ooit vergewe nie.

**OM MEE TE BEGIN**, is Hambidge se onderwerp verpletterend banaal. In 'n half besope toestand aan die einde van 'n vermoeiende jaar, op 'n warm dag onder 'n boom, kan 'n mens denkbaar nog redekawel oor wie die beste Afrikaanse digter is, lewend of dood. Maar nie in beskaafde geselskap nie, al het Engelse kritici volgens Hambidge - bid jou dit aan! - "eenstemmigheid" bereik dat TS Elliot die "digterlike indoena" is.

Ek wil die gedagte aanmoedig dat die nageslagte maar "beslissend" (Hambidge se woord) moet oordeel oor die betreklike waarde van Eybers en Breytenbach, Stockenström en Van Heerden en Cussons, of wie ook al. Want dan is ons al dood en hoef ons nie aan sulke praatjies deel te neem nie. Intussen sal ons aanhou lees en geniet waar ons kan, dankie.

Die onderwerp is banaal en die half gebakte uitsprake wat vir "argumente" moet deurgaan, sou by 'n knap voorgraadse student al aansienlike verleentheid wek. So praat die wildbewaarders wanneer hulle jou waarsku teen die Groot Vyf, die gevaarlikste diere in die wildernis - en vergeet dat die seekoei meer mense as enigeen van hulle doodmaak.

**BREYTENBACH SOU TE** ek-gesentreerd wees na Hambidge se smaak. Daar sal mense wees wat onthou dat AP Grové drie dekades gelede ook al dié klag uitgespreek het na aanleiding van "bedreiging van die siekes". Wat toe 'n kritiese ontsporing was, het nou onverskoonbaar geword.

Het dit Hambidge gehelp om baie boeke te lees oor postmodernisme, metafisika of oor die feit dat ook die ekkerigste "ek" maar 'n sosiale en tekstuele konstruksie is? Dit lyk nie so nie. Blymoedig karring sy voort, in 'n kritiese stemming wat sy self "uitbundig" noem.

Stockenström, lees 'n mens, is sonder "die deernisvolle blik op die mens wat die groter digter tog behoort te hê". Hoeveel deernis is daar in Shakespeare? "Deernis" is een van die halfsagte begrippe wat 'n mens net met die grootste omsigtigheid in die brose mond neem; dis nie die hamer van die afslaer by 'n literêre veiling nie. Bowendien, iemand wat geen deernis sien in "Vlug en aankoms" of "Met my wysvingertop" nie, is iemand wat nie kan lees nie.

**WANNEER SULKE DONSHAEL** as ernstige kritiek poseer of as 'n vraagstuk van belang aan die lesерspubliek opgedis word, is daar êrens 'n groot skroef los. Eybers sou te eenselwig wees vir Hambidge, haar temas te "klein". En Achterberg dan, of Emily Dickenson, twee digters by wie Hambidge leen, helaas sonder om ook by hulle in die leer te gaan.

Om Eybers teenoor Cloete af te speel, kom Hambidge ook aangedraf met die afgesaagde ou storie van die *condition humaine*, en met kletspraatjies oor "metafisika" by Cloete. Vir haar is dit blykbaar 'n norm dat iemand wat "groot" wil wees, oor die heelal moet skryf.

Nie een van hierdie digters hoef teen Hambidge se krenterige opmerkinkies verdedig te word nie. En oor Cloete hoef ek my ook nie uit te laat nie, behalwe miskien om te sê: as ons 'n blad gehad het soos die *New Yorker*, sou sy beste gedigte daarin nie sleg te pas gekom het nie.

Hoe onbehaaglik tog dat 'n mens gevra word om die manipulasie van prosa ter wille van vernuftige rym en woordvondste, die ditjies en datjies in *Met die aarde praat*, as "groot" poësie aan te sien! Dis 'n potsierlike oordeel, nog potsierliker gemaak deur die pedanterie van Hambidge se mededelings.

**WANNEER LAAS HET** enigiemand dit gewaag om 'n sin soos die volgende neer te skryf: "Hierdie kritikus wil dan nou eens en vir altyd die kwessie van die Groot Digter uitklaar"? Wie was al ooit dwaas genoeg om te sê dat ons ten slotte "presies weet hoe die kanon daar uitsien"?

En wanneer iemand terugpraat, soos Barend Toerien gedoen het, het sy ook nog die arrogansie om te impliseer dat hy maar net nie van haar of TT Cloete hou nie. "Van die argumente," skryf sy, "het ek klinkklaar gestel in *Die Burger* van 9 Februarie en mnr Toerien het nie teruggeskryf nie - en so, klaarblyklik, word geïmpliseer dat daar geen teenargumente is nie. Hambidge sal die laaste woord hê. Klinkklaar.

Ek wil nie namens Toerien praat nie, maar daar is natuurlik altyd die moontlikheid dat iemand stilbly uit minagting - of uit moedeloosheid.

"Maar hier is meer as blote smaak óf mening op die spel," skryf Hambidge, en ek wil haar gelyk gee: hier is inderdaad 'n kritikus se hele geloofwaardigheid op die spel. Ek het onlangs deur *Rapier en knuppel* geblaai, en nie in die donkerste dae van Dertig het 'n Malherbe of 'n Pienaar so 'n vertoning van swak smaak en swak oordeel gelewer as Hambidge in die afgelope paar weke nie.




H O N D

*Twee nuwe boeke by 'n onafhanklike uitgewer wat nou begin blaf*

AS DIE NOOD HOOG IS
*Wilhelm Liebenberg*

Plofbare seks, manipulasie, verraad ... Teen die agtergrond van die beklemmende Noodtoestand aan die Oos-Kaap ontvou 'n boeiende verhaal van seksuele en politieke spanning, intrige en hartstog.

*By jou boekwinkel:* R39,99

DIE ORANJE BOEK
*Dirk Winterbach*


Die debuutbundel van die sosioloog, digter en beeldhouer Dirk Winterbach ... en 'n verrassende bydrae tot die nuwe 'groen' poësie in die Afrikaanse letterkunde.

*By jou boekwinkel:* R32,00

✎ *Bestel hierdie twee boeke nou — en kry 10% korting*

☐ *AS DIE NOOD HOOG IS* – Wilhelm Liebenberg R36,00 BTW en posgeld ingesluit
☐ *DIE ORANJE BOEK* – Dirk Winterbach R28,80 BTW en posgeld ingesluit

Maak tjeks en posorders uit aan HOND BK en stuur aan Posbus 208 Groenkloof 0027
*Laat twee weke toe vir aflewering*



# kleedrepetisie
## vir die dood

**Koos Prinsloo** se derde kortverhaalbundel, ***Slagplaas,*** is aan die een kant ontvang as groot letterkundige werk wat van die begin af sy plek in die Afrikaanse letterkunde ingeneem het. Aan die ander kant is daar beskuldigings dat hy hom met pornografie, godslastering en ander onwelvoeglikhede besig hou. ***RYK HATTINGH* HET MET HOM GESELS**



## Ja, *Slagplaas* was 'n omstrede manuskrip.

Tafelberg het my drie jaar lank gelek om dit vir hulle te gee, ongeag die feit dat ek 'n bloutjie met hulle geloop het met *Die hemel help ons*. En toe ek teen my sin, en ná 'n aanbod van 'n voorskot, uiteindelik my manuskrip vir Tafelberg gee, het hulle gesê die seksuele is te erg in sekere van die verhale; hulle wou ook nie 'n sogenaamde senior skrywer wat by hulle publiseer, op wie se briewe een van die verhale dàn kwansuis gegrond is, aanstoot gee nie; en hulle het ook nie die voorskot vir my gegee nie. Omdat Taurus toe nie meer bestaan het nie, is ek Human en Rousseau toe... Hulle was baie geesdriftig oor die manuskrip, maar soos dit hier te lande gaan - jy weet, 'n uitgewer hier is mos nie 'n ou wat sy eie besluite neem nie, die integriteit van die skrywer word, lyk dit vir my, nie juis erken nie. My ervaring in die buiteland is: my Hollandse uitgewer het *Slagplaas* gelees en gesê ja, ons gee dit volgende jaar uit, ek hou baie van die boek. Hy het dit nie eers aan drie letterkundiges gaan voorlê om oor die werk te oordeel nie. Hy het sy eie oordeel gebruik. Hy is 'n uitgewer. Human en Rousseau het probleme gehad met die een verhaal, "Die poort van hemelse vrede". En hulle het met my onderhandel en ek wou nie kop gee nie en uiteindelik het hulle besluit OK, hulle sal dit publiseer. Maar dit was eers nadat hulle die versekering gekry het van drie hoogleraars in die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde. So dis 'n illusie wat geskep word dat die Nasionale uitgewerye sedert 2 Februarie 1990 so óóp en vry is en alles kan nou maar gaan en ons het nie meer die dwingelandy van 'n PW Botha nie. Hoewel, ek moet toegee, Human en Rousseau het dit gewaag om die manuskrip uit te gee...

**Het hulle 'n sekere legitimiteit aan die boek gegee?**

Ja, maar die gevaar is dan altyd dat die boek in mense se hande beland op wie die boek nie gemik is nie. Dit is 'n gesofistikeerde letterkundige werk. Dit kan baie maklik verkeerd gelees word. En daai voortvarende lesers loop hulself lelik vas, omdat hulle nie oor die equipment beskik om die boek na behore te lees nie. Ek is nié 'n middelmoot-skrywer nie. Ek sou miskien verskriklik graag een wou gewees het, maar ek is nie. Ek het 'n soort van gesofistikeerde, elitistiese - al daardie sogenaamde goor goed - opleiding.

**Dink jy omdat Human en Rousseau die boek gepubliseer het, het dit in verkeerde mense se hande beland?**

Dis maar net 'n pipe dream om te dink jy kan dit uit sekere hande hou, want die boek is in die mark... Ek dink die onnodige reklame wat dit gekry het met die belaglike insidentjie rondom Ralph Rabie het dit wel in die verkeerde hande laat beland. Want kyk, die media is 'n donder, 'n mens moet dit onthou. Ek dink dikwels is kunstenaars, wat eintlik private mense is, naïef. Want die media is totaal meedoënloos.

**Die media het nie 'n hart nie...**

En hoewel die skraapmerke op my gesig na 'n week gesond was, het daai indringing in my privaatheid deur die media... Het dit my nogal 'n rukkie gevat om te verwerk. Ek voel nou eers weer normaal en emosioneel op die been.

**Het ons die einde van die insident gesien?**

Nee. Wat my so ontstel is dat daar so 'n outrage is... Ek kry aantygings van vriende, vyande, kennisse rondom die etiek van die uitbeelding van 'n karakter wat sou gegrond wees op 'n mens in die werklikheid. Dis vir my ontsettend vreemd dat mense nie outraged is deur 'n aanranding nie. Die sogenaamde etiek ontstel hulle verskriklik, maar geweld het so gemeenplasig geword hier by ons. My punt is: 'n Mens slaan nie mense in die openbaar nie. Refrase, 'n mens slaan nie aan mense nie. Ek sou kon dink geweld kan losbars in enige intieme verhouding, en ek het begrip daarvoor, maar wanneer dit premeditated is, het ek geen respek daarvoor nie.

**Die wêreld deel nie daai sentiment met jou nie.**

Nie die wêreld waarin ons is nie, maar ek dink 'n bietjie meer van 'n normale samelewing sal outraged wees. Daar's baie mense wat my vra: nou hoe ver sal jy nou gaan? En dis vir my 'n interessante en baie wesenlike vraag, hierdie verhouding tussen feit en fiksie. Soos ek dit sien sal alle skrywers moet ophou skryf as hulle nie meer van die werklikheid, hulle kennis van die mens, hulle kennis van verhoudings, kan gebruik maak om kuns te skep nie. Dis tog in wese wat kuns is. Man, Dante het sy vyande in die hel uitgebeeld. Daar's so 'n mooi storie van ou Tsjekof wat 'n verhaal geskryf het en 'n klomp mense het gesê hulle herken in die werklikheid die vrou op wie hy die karakter gegrond het. Toe was sy antwoord: Die karakter is baie mooier en baie jonger as wat daai mens in die werklikheid is. En in die Afrikaanse letterkunde, ag daar is die mooi voorbeeld, en gruwelike voorbeeld, die karakter wat Emma Huismans geskep het: die breëboud filosoof van die Noorde. Dis 'n ontsettende portret, en 'n klomp mense het beweer hulle weet wie die mens is op wie dit gegrond is... Maar dis nie vir my die ter saaklike vraag nie. Daai skindervraag is 'n menslike vraag, maar nie iets wat ek dink by die hare ingesleep moet word nie. Daarom, natuurlik sal ek niemand ontsien in die skep van 'n kunswerk nie, veral nie myself nie. Maar ook nie my of jou ma sal ek ontsien nie. Ek sal hulle uitbeeld na die beste van my vermoë en funksioneel binne daai verhaal. Binne perke. Natuurlik gaan ek niemand belaster nie. Natuurlik het ek my manuskrip voorgelê om 'n regsmening voordat ek dit gepubliseer het. Net om seker te maak dat ek nie dalk êrens die perke oorskry nie.

**Ek sien *Slagplaas* is weer terug op die Pretoria Top Twenty.**

Daarvan hou ek. Daarvan hou ek. Kyk, dat *Mot-op-Griet* op sy plek gesit is, is vir my lekker. Dat 'n ernstige, esoteriese, moeilike, Afrikaanse, letterkundige, "aanstootlike" kortverhaalbundel so 'n sleg geskrewe middelmoot-seksboekie op sy plek kan sit, gee my hoop dat daar lesers is wat nog goeie oordeel het.

***Slagplaas* is aan die een kant ontvang as groot letterkundige werk wat van die begin af sy plek in die Afrikaanse letterkunde ingeneem het. Aan die ander kant is daar beskuldigings van pornografie en dat jy jou met smut besig hou. Seedy, skokkend... Mense sê hulle wil bad as hulle *Slagplaas* klaar gelees het. Hoe voel jy daaroor?**

Man, ek het in Holland dieselfde soort reaksie gekry. Dat daar 'n Christelike blaadjie was wat oor *Die hemel help ons* gesê het die verhale is miskien literêr goed, maar eties onaanvaarbaar. So dis nie iets wat beperk is tot die Suid-Afrikaanse omgewing nie. Maar ek dink net die leser wat daai soort aantyging maak, moet net sy hoek, sy invalshoek, baie duidelik maak. Sedeprekies beïndruk my nie. Want ek is nie 'n Christen nie. Dis nie hoe ek kies om na die wêreld te kyk nie. Ek dink nie die Christendom kan die omvangrykheid en die grootsheid en verskrikking van die heelal beskryf nie. Dis maar net 'n poging, soos alle ander diskoerse 'n poging is, om die dood af te weer. Daai groot onbekende. So noem my 'n twyfelaar, maar in dié stadium van my lewe verkies ek daai soort van hoek dat alles maar 'n toevalligheid is. Dit gee my 'n bietjie ruimte. Wat my ontstel van daai soort prekerige kritiek is dat dit die normstelsel is waarmee die Afrikaner grootword en dat hulle veronderstel so lyk die wêreld. Daar's 'n soort arrogansie daaraan.

**Reageer jy in *Slagplaas* bewustelik teen die Christendom?**

Ja, want ek reageer teen 'n klomp vorms van onderdrukking. As iemand my moes vra waaroor gaan *Slagplaas*, sou ek sê dit gaan oor stilte, dit gaan oor bly stil, belowe jy sal niemand sê nie, belowe jy sal jouself help verdruk. Dis 'n reaksie teen daai dinge. My ervaring van die Christengodsdiens is 'n patriargale god wat beheer uitoefen en op

die ou end eintlik jou kreatiwiteit wil doodmaak. En ek reageer baie sterk daarteen. Ek dink dit het my lank gevat om uiteindelik die moed te kry om by daai punt uit te kom. Die ou sielkundige Alice Miller het baie vir my beteken. Ek het haar nogal gelees in die tyd toe ek aan van die verhale geskryf het, die boeke waarin sy onvoorwaardelik die kant van die kind kies. So *Slagplaas* is ook vir my 'n teks waarin ek rou oor die verlies aan 'n god, rou oor die verlies aan ouers wat in 'n mindere en 'n meerdere mate nooit daar was nie...

**Jou nie gehoor het nie...**


Omdat hulle ouers hulle nie gehoor het nie. Jou gebliksem het omdat hulle ouers hulle gebliksem het.

**Wat sou die ideale verhouding tussen kinders en ouers wees, of sommer tussen mense in die algemeen?**

Wat vir my belangrik is, is dat mense mekaar nie idealiseer nie. Daai verliefdheid van ouers op hulle kinders en van kinders op hul ouers is vir my 'n ongesonde romantiese verwagting. Ek sou graag wou sien dat dit baie meer demokraties is. Idealisties miskien, maar ek dink dis moontlik.

**En uiteraard ook die ding van geweld wat in die gesin vasgelê word...**

En hoe geweld geërotiseer word deur lyfstraf. Wel, lyfstraf wys daar is 'n betrokkenheid as die ouer die kind miskien slaan. Daar is interaksie. En ek sou interaksie verkies bo 'n verhouding waar daar niks tussen twee mense aangaan nie. Maar daar is altyd die gevaar dat jy op die ou einde 'n perversie kan skep. En, sê ou Alice Miller, perversies is altyd 'n simptoom van behoeftigheid...



**Ek slaan jou omdat ek jou lief het...**

Kan ek maar vir jou 'n paar quotes lees?

**Gaan voort.**

Ek hou vreeslik van daai een karakter in "Nawoord", die laaste verhaal in *Slagplaas*, wat sê: I quote therefore I am. Dis so 'n ou na my hart. Hoekom ek wil quote? Dit gaan terug na die vraag van werklikheid en fiksie, en in Kosinski se laaste roman, wat in Amerika vergete geraak het en nooit in Suid-Afrika uitgekom nie, ek het dié boek in New York in die hande gekry, *The Hermit of 69th Street, The Working Papers of Norbert Kosky*, net nog 'n masker vir die skrywer self. Dis vir my baie mooi. Op 'n plek sê Kosky, die hoofkarakter: "A novel is to be read for its characters, not for the character of the man or woman who wrote it. No matter what the author's character." Ek wil sommer byvoeg: Or the author's intention.

En dan quote Kosky verder vir Proust wat sê: "A book is like a huge cemetery where on most tombs one can no longer read the blotted-out names." Ek dink dis dáái gebrek aan onderskeid wanneer dit kom by 'n skandaal, wat my my neus laat optrek, wat my laat dink dis onbehoorlik dat buite-literêre skinderpraatjies, veronderstellinkies skielik ingesleep word by die beoordeling van 'n literêre teks.

O, en dan die arme post-modernisme, dit het skaars 'n naam gekry of almal begin dit uitkak. Nou wil ek 'n lansie breek vir die post-modernisme. Hier's 'n boek, *Post-Modernist Fiction* deur Brian McHale, hy skryf pragtig oor die teorieë. As iemand my sou vra: wat doen jy in *Slagplaas*? En dis nou by nabetragting dat ek dit sê. Wanneer jy 'n boek sit en skryf bereken jy dit tog nie. Ek reageer ook nou as pseudo-intellectual en as leser. Ek sou sê in *Slagplaas* besweer ek die dood, en dit klink miskien vreeslik hoogdrawend, maar ek wil ou McHale aanhaal oor die selfrefleksiewe teks, die meta-teks: "Texts about themselves, self-reflective, self-conscious texts are also, as if inevitably, about death, precisely because they are about ontological differences and the transgression of ontological boundaries." Hy haal hier 'n ander ou aan wat dit op 'n ander manier sê: "The shattering of the fictional illusion leaves the reader 'outside' the fictional consciousness with which he or she has been identifying, forcing the reader to give up his consciousness and, by analogy, to give up her or his own, in a kind of dress rehearsal for death." Ek dink dit is by uitstek wat die meta-fiksionele teks kan doen. Dit verbreek daardie illusie van die hiernamaals, dit verbreek daardie illusie waarna mense so verlang, 'n teks wat 'n storie is, wat invoeg, wat jou entertain, wat 'n verhaal in die ou tradisionele sin van die woord is. Mense wil nie hulle onskuld prysgee nie. Ons is almal bang vir die dood.

'n Ander ding wat ek wil sê, is dat daar nie iets soos oorspronklikheid bestaan nie. All writing is rewriting.

Maar ek het ook kritiek teen die post-modernisme. In die plaaslike omgewing het dit gelei tot 'n geweldige literêre inflasie. Daar's verskriklik baie aan gehalte ingeboet omdat die post-modernisme jou so maklik kan verlei tot die ingooi van allerhande tekste sonder dat dit werklik gemotiveer is. As ek mense kan uitsonder: Aucamp, Cloete en natuurlik Hambidge.

**Hoe voel jy nou?**

Baie lekker. Toe ek die bladsyproewe die eerste keer gelees het, reeds afstand oor die boek gehad het, het ek besef ah, ek is tevrede met wat daar staan, ek hou van die stemtoon wat daar is. Dit staan nie meer so geweldig onder die dwingelandy van dit wat ek op universiteit geleer het van hoe letterkunde moet lyk nie. Dis asof ek my eie stemtoon gevind het. Dis ook miskien noodwendig as 'n mens hier in jou middel-dertigs rond is dat 'n mens skielik besef hoe verganklik jy is.

***Slagplaas* het baie mense ontstel...**

Dit lyk my wat mense in *Slagplaas* ontstel, is twee dinge: die foto van die ma aan die einde van "Die affair" en die sogenaamde godslasterlike gedeeltes in "PCP". In "PCP" is daar die gruwelikste beskrywings van goed wat gebeur het in die Tweede Wêreldoorlog. Dit ontstel lyk my niemand nie. Dresden, Hamburg, Hirosjima... en as mense gaan kyk, daardie sógenaamde godslasterlike uitinge lê midde-in dié beskrywings. Ek het hulle spesifiek dáár laat uitkom, nadat jy die beskrywings gelees het van hierdie gruwels.

Die ander vraag oor die paspoortfoto... Dat mense nie kan onderskei dat dit niks te make het met die persoon van my ma nie, was vir my nogal vreemd. Dit is tog funksioneel binne die teks, maar ek dink dit is vir mense nodig om die illusies van die gesagstrukture van die nukliêre gesin in stand te hou, en ek dink dit word in die verhaal uitgedaag. Dis baie moeilik om jou ma net te sien as 'n ander mens. Wat vir my so ontroerend is in daai verhaal, nou by nabetragting, is dat die verteller sy eie weerloosheid sien in daardie foto. Daar is 'n paar ouens wat dit al gesê het. Roland Barthes sê in *Camera Lucida* die koms van fotografie is een van die grootste omwentelings in die kulturele geskiedenis van die Weste. Want daar kry jy dit nou reg om die mens te verontmenslik in 'n oomblik. Daardie aanhaling voor in *Slagplaas* het ek baie noukeurig gekies. Jy dra nie by tot iemand se voortbestaan nie, jy dra by tot sy dood wanneer jy 'n afbeelding van hom of haar maak.

**Die sogenaamde primitiewe mense weet dit al sedert die koms van die kamera.**

Een van die goed wat my óók ontstel het, is dat ek van uitgewers, vriende, joernaliste, die soort van afwagting gekry het dat die boek verbied gaan word, omdat dit die geskiedenis is van die afgelope dertig jaar...

**Ek het self so gedink.**

Wat my so daarvan ontstel is hoe daai program in ons koppe ingegraveer is.



**As die sensuurraad ingespring het, sou almal, ek ook, gesê het: maar ons het dit verwag. Miskien glo ons tog nog in 'n god of 'n pa wat van buite sal ingryp om ons teen die groot verskrikking te beskerm.**

Van 'n konfrontasie met die self... En hoe op gods aarde kan jy heel word as jy nie daardie reis na binne standhóúdend onderneem nie. Hy's nooit verby nie. Dis een lang proses. Daarom my klem op vertwyfeling. Dat 'n mens nooit kán weet nie.

**Dis eintlik 'n oeroue houding jeens die werklikheid. Sou jy sê dat jy mense doelbewus van hul geloof wil beroof? Wil jy mense laat twyfel?**

Ja, want ek dink daardeur word hulle geestelik baie meer gesond. Dis vir my verskriklik lekker om 'n heiden te wees. Daar is te min heidene in ons kulturele wêreld. Peter Blum... Dis so ongelooflik bevrydend om te weet daar was hierdie ruim gees in die Afrikaanse kulturele bestel, en dis ook ons verdiende loon dat hy hier weg is. Breyten is 'n ander pragtige voorbeeld van wat in die volksmond 'n heiden is. Want waar ek op die kragstasie grootgeword het, 'n baie industriële, vreemde omgewing, was die ontdekking van Breytenbach en Antjie Krog se skryfkuns op sestien vir my een van die grootste bevrydings. Ja, dit en musiek het my weer laat lewendig voel. Daardie ou Natalse jeugkoor waarin ek gesing het. Die musiekinspekteur, ou Hein de Villiers, hy het nie geworry of jy die s'e en die t's tegelyk sing in daardie koor nie. Hy het geworry of hy jou raak, of dit vir jou lekker is, of dit nuut is dit wat jy doen.

**Die mense wat jy onthou is nie dies wat jou verdruk het nie...**

Dis nie die skoolhoof met die lat nie, dis die Afrikaans onderwyser wat 'n dronkgat was. 'n Bliksem wat soms onredelik was, maar hy het passion gehad, en deernis.

# PLANT 'N BOOM



Die selonsroos *(Nerium oleander)*
a 'n bloeiende takkie
b vrugdraende takkie met peule wat tosselsade vrystel
(Uit: *Plant Invaders: Beautiful but Dangerous*)

**SIENDE** ons verlede week die byle uitgehaal en onder die indringers begin kap het om plek te maak vir ander, inheemse bome, kan ons dié week net sowel voortgaan daarmee. Dié week waai die selonsrose *(Nerium oleander)* wat so geil en giftig in ons tuine en valleie groei.

Die selonsroos word sedert die klassieke tye as sierplant gekultiveer en skrywers soos Dioscorides, Pliny en Galen verwys na die giftige eienskappe van die plant. Die selonsroos kom natuurlik voor in die suidelike Mediterreense streek van Europa, van Portugal tot die Arabiese Skiereiland. Ongelukkig het dié Europeër op 'n imperialistiese toer gegaan en die laer Himalajas van Indië, die suidelike VSA, noord-Mexiko, Australië en Suid-Afrika binnegedring.

Hoewel die selonsroos reeds 150 jaar lank in Kaapse tuine groei, het dit maar eers onlangs ontsnap. Nou groei dit in die Baviaanskloof naby Willowmore, in riviervalleie van die Sederberge en in die Oudtshoorn- en Ladismith-gebied.

Alle dele van die selonsroos is dodelik vir die mens, dier en voël. Sterfgevalle is aangeteken nadat selonsroos-tandestokkies en -papspane gebruik is. 'n Enkele blaar of blom wat gekou word, is genoeg om 'n kind te laat sterf. Die rook van 'n selonsroosvuur is giftig, en selfs heuning van dié plante moet liefs vermy word.

Die beste manier om dié plant te bestry is om dit geheel en al uit te haal. Wees net versigtig dat daar nie takke of iets in die drinkwater val nie.

Die generiese naam *Nerium* is afgelei van die Griekse woord *neros* (klam) en verwys na die soort habitat wat die plante verkies. Die woord *oleander* is afgelei van die Italiaans *oleandro* wat verwys na die plant se olyfagtige blare.

Haal jou selonsroos uit en raak ontslae van ál die plantmateriaal. Gooi so 'n bietjie kompos in die gat waar die imperialis gegroei het, en plant 'n olienhout.

\- RYK HATTINGH

# FYNPROE MET NETTIE PIKEUR

## MIS OOR DIE SEE, VYE AAN DIE BOOM

en sampioendrome

**WAAROOR** droom jy as die mis oor die see opkom? vra vrind Marthinus. Hy woon nes ek op die baai, en nou die aand sit ons en kyk hoe 'n dik wit wolk van 'n mis, 'n regte seemansnagmerrie, soos 'n kombers oor die blou aandsee rol.

Ek droom dit word herfs in die Boland, seg Marthinus ewe poëties. Dit ruik na droë blare en appels op die solder, en die laaste van die kruie word nou droog sodat ons hulle oor foccacia-brood kan strooi met stukke olywe.

Nee wag! roep hy skielik. Ek droom van sjokoladeroomtert en druiwekorrels in brandewyn ingemaak, en pinot noir by seekos... Weet jy hoe maak 'n mens sjokoladeroomtert? Nee, antwoord ek, voor ek 'n trui vir die skielike koue mis gaan haal. Skryf solank neer. En hier is dit, agterstevoor vandag, want ons begin met die poeding.

Dis nie poeding nie, sê hy heftig. Dis tert wat jy met koffie of likeur bedien.

### SJOKOLADEROOMTERT

Klits 180g botter met 180ml suiker tot glad en voeg 9 (ja, nege) eierdooiers by. Smelt sowat 150 g gewone sjokolade in 'n dubbelkastrol, klits die eierwitte tot styf en voeg by die mengsels. Voeg ook 'n pakkie gemaalde amandels by. Verdeel die mengsel in drie en bak in vlak koekpanne vir sowat 20 minute, of tot gaar.

Nou maak jy die room: Klits 3 eiers met 4 eetlepels dik room en voeg 3 lepels suiker by, maak dit alles in 'n dubbelkastrol warm, en oppas vir skif. Hierby rasper jy nog soveel sjokolade as jy wil by (hy het sommer Flake gebruik, te lekker om te krummel, sê Marthinus) en plak die drie dele van die koek met die roommengsel opmekaar.

**NOG 'N HEERLIKHEID** van laatsomer is vye. Daar is mense wat weemoedig raak oor die reuk van 'n vyeboom. Ek hou van 'n ryp vy so af en toe, maar het nog nooit 'n passie vir hulle ontwikkel nie. Ek het al dikwels onder 'n vyeboom deurgeloop en te laat agtergekom ek het op 'n vrot vy getrap. Gaan met die vyeskoen huis toe, en binne ommesientjie is jou mat vol miere.

Onsin, sê Marthinus. Weet jy hoe lekker is vye in room? Pluk hulle en trek die skilletjies af. (Hoe, wonder ek, maar vra nie, in dié mood is ou M onstuitbaar); sny hulle in snytjies en plaas op 'n mooi bord. Nou gooi jy 'n glas goeie portwyn gemeng met 'n paar druppels Van der Hum bo-oor en eet dit smaaklik op met room, of Woollies se ekstra-dik joghurt.

Waar op aarde kom jy aan dié wonderlike resep? vra ek. Dit klink outyds én eksoties. Dit is, seg Marthinus sedig, nes ek. My Ouma het dit vir gaste voorgesit met glasies portwyn, regte Portugese port, want destyds was plaaslike port ondrinkbaar.

Ek vra toe verder vinnig uit oor die vyejellie, want as Marthinus eers oor sy Ouma begin praat, ken hy g'n maat of perk nie. (Ons oumas had een ding gemeen: sy Ouma Jacoba en my Ouma Kate het elke aand van hul getroude lewe in aandrokke verklee vir ete, juwele en al, maak nie saak of dit net Oupa was vir ete nie. Marthinus sê Ouma Jacoba het vier keer per dag verklee, maar ek dink hy sit aan.)

Vyejellie is nog 'n gunsteling, en ek ken dit nogal. Ek het 'n resep daarvoor in Elizabeth David se Summer Cooking opgespoor, en aangesien dit nou vyetyd is, probeer dit gerus.

Elizabeth David noem in haar resep dat vye so skaars is in Engeland dat dit 'n malligheid is om enigiets met hulle te doen behalwe net so opeet. Snaaks nè? Hier pluk jy 'n oortollige vyeboom soos onkruid uit, as jy hulle nie gereeld terugsnoei nie, neem hy jou tuin oor.

### VYEJELLIE

Neem 500g kleinerige vye (sy sê kookvye, maar dis nou te laat vir hulle, en ek meen rypes nou sal net so goed werk), verwyder die stingels, en gooi baie warm, maar nie kokende water oor. Laat staan vir 'n minuut of twee, en dreineer die water. Sny die vye in klein stukkies, en meng suiker half om half met vye per gewig, rasper suurlemoenskil oor, asook die sap van een suurlemoen. Plaas in 'n pan en laat stadig kook tot die stroop dik word en die vye helder word. As dit te dik word, voeg 'n bietjie water by. Wanner dit koud is, giet die vyejellie in flesse en maak dig toe.

Dit klink eintlik vir my soos vyekonfyt, maar ek sou dink as mens dit alles deur 'n doek syg, sal jy jellie kry.

Marthinus se gedagtes dwaal soos 'n sprinkaan, jy kan nie byhou nie. Skielik begin hy kla oor sampioene. Is dit nog nie sampioentyd in die Nuweland-bos nie? Nee, dis darem nog nie winter nie, dis eers ná die eerste winterreën dat ons sampioene kan gaan soek. Maar het hy geweet gewone ou supermark-sampioene smaak wonderlik wild as jy hulle met wingerdblare gaarmaak?

Sowaar? roep hy uit. Ek hét hoeka sampioene in die yskas en kom ons gaan skaai 'n handvol blare uit my buurman se prieël, dan wys jy my hoe.

Dis eintlik doodmaklik: Jy neem 'n erdebakkie, of 'n oondvaste glasbak. Maar my ou Mosambiekpotjie werk die beste. Smeer met botter, voer met gewaste wingerdblare, en pak die sampioene net so in die bakkie. Drup bietjie olyfolie, sout en peper bo-oor, en pak styf toe met nog wingerdblare. Bak in 'n matige oond vir so 30-40 minute. Die sampioene smaak wonderlik, en die sous is ambrosyn.

Ons het die sampioene met brood opgeëet en die korsies in die sous gedruk. Toe kyk die goddelose Marthinus my skuins aan. Dink jy die boerejongens wat ons in Januarie gemaak het, is al reg vir eet? Nee, sê ek ferm, die korrels moet lank in brandewyn lê, nog minstens drie maande.


Nee wat, dis veels te lank. Kom ons drink die brandewyn solank, dan top ons die fles weer op.

En daar sit ons op dié stoepmuurtjie, tuur oor die bedekte see, en drink slukkies brandewyn tot ons die Vlieënde Hollander om die baai sien seil.

HOW LOW CAN YOU GO?
OUR FRESH PRODUCE COMES FROM BELOW C-LEVEL
Sfuzy's
SEAFOOD RESTAURANT
Seekosrestaurant
MILPARK
TEL 7265803 / 7268406

# braingain

**The pharmaceutical market is slowly being infiltrated by legal drugs that can, say users, boost human intelligence and increase memory. Can the brain be broadened and upgraded by neuro-enhancing drugs - or is the new global trend in 'smart drugs' just a flaky research concept being glamourised by a few trendy neuronaut biochemists in search of new chemical stimulants? CHARL BLIGNAUT reports**



Eric Kirsten... "In a way the drinks are educating people..." (Foto: SALLY SHORKEND)

**"FOR** those treading the new edge, reality is something to be enhanced, altered, or tailored to our needs;" says American writer Julie Erlich about designer "smart drugs" and other trendy trips of the information age. "The only limitation is your brain, and as tens of thousands will attest, there are ways to broaden your bandwidth, upload your memory and upgrade your hardware: the millenium is almost here - and so are smart drugs."

Smart drugs are an evolving medical trend aimed at improving mental and physical performance in the hectic modern existence. They are referred to as chemical cognitive enhancers which (as with their energising vitamin sidekick "smart drinks") are said to improve memory, metabolism, concentration, alertness, problem-solving ability, as well as delay the diminishing of cognitive powers brought about by aging. The "breakthrough" has been made by identifying and isolating specific processes and agents associated with the brain's biochemical activities. Idealistic hope for a technological superman or irresponsible medical hype?

**FOR SOME YEARS** now biochemists and neurologists have been researching and developing drugs which they classify as Nootropics. This class includes the smart drugs Piracetam, Pramiracetam, Oxiracetam, Aniracetam and Idebenone. The drugs look like conventional medication and have no toxic effects. If the dosage is too high, the drugs render ineffectual. Though the American Food and Drug Administration (FDA) has not yet approved the list of Nootropic drugs submitted to them, a loophole in the FDA policy allows certain of the drugs to be administered in treating Aids and other diseases. Other more widely used smart drugs include Hydergine, Vasopressin, Deprenyl, Dilantin and Lucidril, of which only Hydergine has been approved by the FDA.

Smart drugs aren't necessarily "new drugs". Many of the so-called smart drugs have, in fact, for a long time been used for other medical purposes and this fact has granted smart drugs some integrity. Piracetum, for example, said to enhance cerebral metabolism, is prescribed in Europe, Japan, and China for stroke and memory impairment. Others have been used to treat cancer, senile dementia, Alzheimer's disease, Parkinson's disease, diabetes and epilepsy. Thus many of the drugs were originally intended to treat ailments related to memory impairment and are now finding other, more general usage. The aim of distributing these exclusive drugs is to allow the man on the street the chance to utilise the drugs to enhance daily performance.

**AND SMART** drugs seem to be picking up followers. The US TV programme Nightline recently estimated that 100 000 Americans use smart drugs and over 100 cognitive enhancers are currently being developed by major pharmaceutical firms such as SmithKline, Parke-Davis and Du Pont. There are believed to be even more users in Japan than in the States and another large group in the UK. Users abroad include Aids and Alzheimer's sufferers, drug rehabilitants, students, yuppies, and 30- and 40-somethings who believe smart drugs give them a mental edge. And smart drugs are proving particularly popular among young people who dance all night to house and techno music in clubs and at events called raves.

Many of these people have a history of drug abuse. Particularly in America and the UK, the Eighties saw a massive intake of the designer drug Ecstasy (or MDMA, an illegal drug which has a psychoactive effect that dissolves inhibitions, breaks down physical and perceptual barriers, and promotes feelings of interconnectedness and well-being). Many of these people (and there are literally millions) were beginning to feel burnt out. Smart drugs, they say, help them regain focus. And many other health conscious citizens have joined them in turning their backs on conventional medication and are administering their own health kick.

**THE THEORY** (or a significant part of it) behind smart drug functioning is as follows. The function of neurotransmitters is to carry messages between brain cells. The brain's supply of neurotransmitters - particularly dopamine, serotonin and norepinephrine - are depleted by drug and alcohol intake, stress and aging. The neurotransmitters can be restored by their precursors, which are certain amino acids (notably tyrosine and phenylalanine). When amino acids combine, they form proteins which are necessary to the life of all cells and tissues in the body. Some of these are the body's essential brain foods when converted into neurotransmitters. Thus by acting upon neurotransmitters the drugs act upon the brain's ability to process messages. There's talk of neurobaths and upgrading the functioning of the brain by stimulating its transmitters, of lucid dreaming, yogatronics, neurocomputation, creative imagineering and other visions of an extropic futopia.

The development of smart drugs grew out of the work of Life Extension gurus Durk Pearson and Sandy Shaw, who promote the use of nutritional supplements as a way to optimize mental functioning and neutralize immune-destroying, age-accelerating agents. Pearson and Shaw began marketing their "designer mind foods" and slowly franchises and companies distributed the products. Today they're a serious new health trend. Smart products can be ordered through the mail in the States and cost between $10 and $30 with names such as Memory Feul, Thermogen Tea, Radical Shield and Blast.

You won't have more profound thoughts when you take smart drugs, but you can improve brain-cell metabolism and oxygen availability. This is not the only smart drug research underway. New treatments like nerve-growth factor and human hormone growth provide possibilities for countering the decognitive aging process by stimulating the growth of new neurons and the regeneration of old ones.

**ALTHOUGH SOME** leading biochemists, scientists, neurologists and psychologists continue to be excited by research, many equally respected researchers say that ▶

we do not yet have the technology to prove a serious significance in the development of smart drugs. They say the drugs are minimally effective and variable, but are safe and may allow an approximate 5 percent improvement in quality of life.

But there are also no other treatments along Nootropic lines on the market. A debate is raging between smart drug developers and the FDA. Just getting a new drug approved costs an estimated $231 million and 12 years of clinical trials. The FDA, whose purpose is cautionary stringency, is concerned that the lines between nutrients and drugs are becoming blurred. Smart drug developers say that's partly the point. They also object to the FDA approving disease-treatment drugs while ignoring lifestyle-related drug development. Optimists hold that there is enough breakthrough in smart drug development to step up research. Smart drugs are an indication of the evolving knowledge of brain chemistry. There's lots of work to be done. But one day... One day, say optimists, our kids will be popping mental enhancers with their breakfast.

## think**drinks**

**WHATEVER** the prospects for the smart drug debate, "smart drinks" have meanwhile proven popular, effective, accessible and inexpensive. They've been grooving along in the club and dance party scene abroad for a number of years. They're basically vitamin drinks that serve the purpose of energising, revitalising, detoxifying and mentally focussing the user. Bees have honey, marathon runners have energy packs, so ravers got themselves smart drinks.

In South Africa the smart drink scene has been happening in clubs and at raves for quite a few months. One of the managers of the Johannesburg club Fourth World, Eric Kirsten, has pioneered the local (underground) commercialisation of the drinks for people who are raving to the new dance music and doing all night parties at the club. Smart drinks are becoming more popular than alcohol in clubs. Fourth World even has a smart drink bar upstairs and in the United States there are smart bars and chill rooms popping up all over that are devoted to smart drinks and smart drugs.

"My drinks aren't unique - I took a concept from abroad that fascinated me and shared the fascination," says Kirsten, a graphic designer. He'd been watching a segment on CNN about people raving on vitamins and started researching the possibility of concocting the drinks here. He got hold of a chemist friend and, because some of the ingredients are difficult and expensive to gain access to in South Africa, worked out equivalents to substitute those ingredients. The contents of his smart drinks are readily available over the counter in most pharmacies.

Kirsten's drinks were initially marketed, as they are to trendoids around the world, with names such as Brain Gain, C-Plus, Mental Muscle, Psuper Psonic Pcyber Ptonic, JimSang, Renew-U (smart drink contents mixed with fruit juice) and Energy X-ilir (a fructose & glucose energy powder). These were launched at an Energee Rave at the club in November last year. Then Kirsten combined the ingredients of the above to produce a basic smart drink. The drink costs R5.

Give or take a few legal ingredients that he's not going to disclose, Kirsten's smart drink comprises of Vitamins B1, B3, B6 & B12; the Amino Acids phenylalanine, tyrosine & tryptophan, pyroglutamate and L-carnitine; natural ginseng (one without the alcohol) and ginkgo biloba. Mix that up with fruit juice and you've got a glass of power booster (that shouldn't be taken daily or in high dosage) with no side-effects.

In fact, the effects of the drinks are geared solely at enhancing your health. The drinks provide energy (a viable substitute for drug-induced energy, if not a trip); they enhance mental functioning and they revitalise the amino acids and vitamins that are depleted in the body (by alcohol, various chemical substances and stress).

Kirsten's latest drink is more of an energy booster than mental upper. He got hold of British-produced natural plant extracts in syrup form (not unlike what insects would extract from flowers) and formulated them to produce a drink called X4W (experiment for Fourth World).

Kirsten has been approached by companies that want to commercialise his drinks further, but has so far not been willing. He's sceptical because the drinks would then be marketed for sports, gyms and pharmacies. Instead he wants to maintain the club vibe and environment for which the drinks are intended.

"In a way the drinks are educating people that there is a better way," he says, "...people, particularly young people, are under increasing stress and mental pressure. And then peer pressure tells you to smoke, drink and do drugs. People come to Fourth World to have fun and relax. Let them do it in a healthy way. On Monday morning you can say, wow, my body actually feels replenished."

# SMARTER DRUGS

### NOOTROPICS:

The class of cognitive enhancing drugs. Derived from the Greek meaning "acting on the mind", chemically related to the GABA system of neurotransmitters which regulate the electrical and chemical balance of the brain. Nootropics include the following smart drugs:

### PIRACETAM:

The original Nootropic, developed in the 1960s. Effective for treatment of dyslexia and memory disturbances in people undergoing electric-shock therapy.

### PRAMIRACETAM AND OXIRACETAM:

Developed to treat Alzheimer's disease.

### ANIRACETAM:

Developed to treat age-related memory impairment and attention deficit syndrome in children.

### IDEBENONE:

Leading Nootropic in Japan. Widely prescribed for cognitive enhancement and Alzheimers. Has antioxidant effects which neutralize immune-destroying agents.

## OTHER SMART PHARMACEUTICALS:

### HYDERGINE:

Synthesised in the 1940s by LSD discoverer Albert Hoffman. The only cognitive enhancer approved by the FDA. It increases the brain's ability to utilize oxygen.

### VASOPRESSIN:

Derived from hormone secreted by pituitary gland, originally to treat diabetes, widely researched for its effects on memory and mental alertness. Elevates mood, counteracts mental effects of illegal drugs and alcohol, which suppress the release of vasopressin. It's a nasal spray which goes directly into the blood stream (a bit of a rush and hence illegal).

### DEPRENYL:

Originally developed in Hungary to treat Parkinson's. Touted as "the anti-aging aphrodisiac" - lengthening lifespan and increasing libido. It enhances the brain's release of dopamine - the lack of which is implicated in the aging process. Enhances mental functioning, has antidepressant effect (it's related to amphetamines, but is non-addictive, nontoxic). Side effects include insomnia, drowsiness, nausea.

### DILATIN:

For control of epileptic seizures, stabilizes electrical activity in brain cells. Users think it is able to improve IQ scores, long-term memory and verbal intelligence. Users also say it counteracts jetlag and eases obsessive thinking.

### LUCIDRIL:

Breaks down to DMAE (a natural nutrient also found in seafood) in the bloodstream. Alertness, memory enhancement, brain oxygenation. It may delay aging due to its antioxidant effect. Helps remove age spots. Numerous side effects (insomnia, drowsiness, nausea, minor depression).

# SMARTER NUTRIENTS

### AMINO ACIDS:

*Phenylalanine:* An essential amino acid, converts to tyrosine in the body and stimulates the central nervous system.

*Tyrosine:* Stimulates mental functioning by converting to the neurotransmitter dopamine (associated with mood elevation) and then to norepinephrine (believed to stimulate the "flight" or "fight" response).

*Tryptophan:* A precursor to the neurotransmitter serotonin which promotes feelings of well-being and relaxation. Tryptophan has been distributed as a non-addictive anti-depressant and sleeping tablet (but declaimed by the FDA because 17 users died when the drug was manufactured in Japan. Neuronauts say the manufacturing process in Japan caused the trouble).

*Pyroglutamate or glutimic acid:* Fat extracts from foodstuffs believed to have cognitive-enhancing and mood-elevative effects.

*L-Carnitine:* Facilitates the action of the neurotransmitter acetylcholine (essential for memory function) and serotonin, perhaps related to the body's nerve-growth factor.

*Arginine:* Causes the pituitary gland to release natural growth hormone, aiding the burning of fat and the growth of muscle

### VITAMINS:

*B-1 (thiamine):* Antioxidant effects.

*B-3 (niacin):* Apparent memory improvement.

*B-6:* Necessary for the manufacture of certain neurotransmitters.

*B-12:* Stimulates RNA synthesis in nerve cells.

### HERBS AND EXTRACTS

*Ginkgo biloba:* Extracted from the tree of the same name, users say it improves cerebral circulation and enhances mental functioning.

*Ginseng:* Chinese medication, said to improve brain functioning, concentration, memory. It can cause high blood pressure if misused.

*Ephedra:* Traditional Chinese herb used for its stimulating effect (used in decongestants and tea).

*DMAE* (dimethylaminoethanol): Natural nutrient found in human brain and seafood, used for mood elevation and memory improvement.

*Choline:* Essential for memory function, precursor to neurotransmitter acetylcholine.



Act III, 1993, 'n tapisserie ontwerp deur Deborah Bell, Robert Hodgins en William Kentridge en geweef deur Marguerite Stehens se wewery.

# die stryd tussen die woord en die beeld

Die kunstenaars **Deborah Bell**, **Robert Hodgins** en **William Kentridge** se kort en kragtige animasieprent *Easing the Passing (of the hours)* - tot 13 Maart in die Goodman-kunssaal te sien of te kry op videoband (R450) - het 'n dag in die lewe van 'n bedreigde diktator as tema, maar die eintlike onderwerp is die toevoeging van tyd tot die visuele beeld.

'n Mens is gewoond daaraan om tyd in die rolprent en TV-prent as 'n verhalende element te ervaar. 'n Opeenvolging van gebeure vertel 'n storie. Bell, Hodgins en Kentridge se animasieprent - geskep op 'n rekenaar en 'n boeiende "vermensliking" van dié stuk tegnologie - maak jou bewus van watter oorheersende rol verbale taal in die vertelling speel in kommersiële speelfilms en animasieprente. Die ironiese gevolg is dat selfs mense wat heeldag sit en televisie kyk in dié era van elektroniese media, nie noodwendig visueel geletterd raak nie. ('n Mens "kyk" dikwels nie eintlik televisie nie, jy "luister" as 't ware met jou oë: die dialoog, die verbale begrip neig om 'n veel groter rol te speel as visuele suggestie. "Talking heads" is 'n tipiese TV-begrip.)

In hul animasieprent onderdruk die drie kunstenaars verbale taal, voer hulle as 't ware namens die beeld (die sigbare, maar onsegbare) 'n stryd teen die woord (die onsigbare, maar segbare). Daar's geen verbale dialoog nie - maar die prent onderstreep dat 'n storie nietemin vertel word deur die verloop van tyd bewus te beklemtoon.


Die visuele episodes in die dag van in 'n diktator se lewe word telkens ingelui deur 'n stilbeeld van 'n opskrif in 'n notaboekie ("11 am: a quiet morning in the palace", "1.46 pm: the general averts a diplomatic incident"; "4.30 pm: an assassination attempt", ens). Dié opskrifte en hul lineêre tydsverloop verteenwoordig in 'n sekere sin die antagonisme van die "betekenisvolle" woord teen die "sensuele" beeld, die drang om die sintuiglike ervaring logies te orden. (Die "diktator" in die prent verwys ook na die woord, die abstrakte ideologie wat die fisieke werklikheid gedurig wil onderwerp.)

In die visuele "episodes" wat volg op dié geskrewe opskrifte (futiele pogings om die woord tot visuele letters te reduseer), veg die beeld terug teen die verbale begrip. Die verloop van tyd word in die beeldsekwensies nie bloot verhalend gebruik nie, maar veral ▶

om die visuele suggestiwiteit van die beeld te probeer verhoog, om 'n ekspressiewe, organies lewende tekstuur te gee aan 'n uitbeelding geskep deur 'n elektroniese medium.

Enigiemand wat al 'n oorspronklike skildery of skets vergelyk het met 'n foto of afdruk daarvan, verstaan die probleem wat ter sprake is. Die organiese lewenskrag, die taktiele ruimtelike suggestiwiteit wat oorgedra word deur die kwas- of penhale - die "handskrif" - van die kunstenaar gaan in die afdruk se gladde oppervlak verlore. Die beeld verloor ook lewenskrag omdat dit "bevrore" word tot 'n beweginglose oomblik - terwyl die oorspronklike skildery nie 'n geslote oomblik is nie. Tyd lewe in die kunstenaar se "handskrif", die opeenvolging van merke waardeur die beeld saamgestel word, verteenwoordig 'n proses van vertolking waarin 'n ruimtelike beweeglikheid opgebou word wat die plat vlak van die seildoek of papier ontken. In 'n afdruk gaan dié suggestie van tyd en ruimte verlore: jou oog dring moeilik dieper as die gladde oppervlak.

Bell, Hodgins en Kentridge gebruik werklike tyd (die opeenvolging van beelde) om die plat vlak van die videoskerm op 'n soortgelyke manier te weerspreek. Sonder om 'n ongepaste "skilderkunstigheid" aan die medium van rekenaar-animasie te probeer gee, word die skerp omlyning van die kommersiële animasieprent vermy: buitelyne "flikker" organies, die skielike sny ("cut") van beeld na beeld wat gebruiklik is in die speelprent word vervang deur 'n letterlike metamorfose van beeld na beeld wat net deur animasie moontlik is. ('n Kop verbrokkel en verander in 'n pyp-stellasie, 'n kandelaar verander in 'n stewel, ens.) Die kunstenaars het aansienlike sukses behaal in hul poging om die taktiele ruimtelikheid van die beeldende kuns aan die elektroniese rolprent oor te dra. In hul onderdrukking van verbale dialoog swaai hulle egter nie volslae na die kant van die suiwer visuele nie: musiek word gebruik om stemming te verhoog.



Shadow Play, 'n werk in gemengde media deur Deborah Bell en William Kentridge.

Hulle stel verskeie uitvloeisels van hul rekenaar-animasie ten toon om te wys dat die kruisbestuiwing tussen beeldende kuns en elektroniese medium na albei kante kan geskied. In sketse soos Bell se "Salome While She's Dancing" en Bell en Kentridge se "Shadow Play" boots die houtskool-buitelyne die "gebroke" lyne op 'n rekenaarskerm na (skuins lyne vorm sulke trappies en blokkies) met 'n nogal sensitiewe, atmosferiese effek.

Laserdrukker-weergawes van tonele uit die animasieprent word ook vertoon. Hierin word gepoog om die verloop van tyd in die prent te ewenaar deur reekse tonele in 'n collage te plaas - maar die suggestiewe, ruimtelike effek van beweging gaan verlore. Die kleure wat op die videoskerm gloei as suiwer uitgestraalde lig, verloor in dié drukstukke ook hul lewenskrag.

Dis Hodgins wat die wisselwerking tussen beeldende kuns en elektroniese medium die suksesvolste benut in 'n grafiese kunswerk - "Moments of Madness", saamgestel uit ses gekleurde laserdrukke. Die kleure is so intens gehou dat dit steeds lyk na uitgestraalde, eerder as weerkaatsde lig en die fyn "elektroniese" strepies van die laserbeeld (dink aan die strepies op 'n TV-skerm) word so sensitief en atmosferies ingespan soos die lyne van 'n ets. Dié hoogtepunt wys watter organiese lewenskrag wél in 'n elektroniese medium bereik kan word.

Die groot tapisserie "Act III", gesamentlik ontwerp deur die drie kunstenaars en geweef deur Marguerite Stephens en haar mede-wewers, onderstreep dat die rekenaar-ontwerp, waarin alle lyne en vorms deur kolletjies op die skerm opgebou word, verrassend nou aansluit by die eeue-oue medium van die tapisserie, waarin die lyne en vorms opgebou word deur derduisende afsonderlike knope - met 'n soortgelyke "trappies en blokkies"-effek.

- JOHANNES BRUWER


## TRAINING CO-ORDINATOR

The Educare Development Unit requires the services of an Educare Co-ordinator. The operations of the unit focus on training pre-school assistants and other Educare workers and on providing an advisory and support service for backyard crèches, pre-schools and other Educare centres.

**Duties will include:**

— Supervision of trainers and courses;
— Preparation and finalisation of courses;
— Staff development; and
— Presentation of courses.

The Training Co-ordinator will be based in Bloemfontein. A competitive salary and benefits which will include assistance with relocation expenses will make up an attractive package.

## TRAINERS

The Educare Development Unit requires the services of two trainers.

**Duties will include:**

— Presenting courses (Elementary and Advanced Educare Courses);
— Evaluating the training;
— Attending study groups;
— Doing field-visits and giving support to trainees; and
— Evaluating trainees for certification.

The two trainers will be based in Bloemfontein. A competitive salary and benefits which will include assistance with relocation expenses will make up an attractive package.

The ideal candidates will have knowledge of pre-school education and care as well as a lively interest in adult education. Appropriate post-matric qualifications and a proven record of being able to take the initiative are essential.

Suitable candidates are invited to apply in writing before 17 March 1993 to:

The Manager
Educare Development Unit
P.O. Box 3564
Bloemfontein
9300

Telephonic enquiries should be directed to:
Mr. L. Saul
Manager: EDU
Tel.: 051-324892

INCE

# klipoog on the week's *tv*

## No sign of our lives

***Klipoog:*** A strange thing happened in my sitting room the other night.

***Imaginary Psychiatrist:*** So tell me about it.

***Klipoog:*** It was somewhere in the dim but persistent past (Wednesday 7 pm, TV1). I was watching the screen, quietly minding my own business, waiting for a new 13-part local drama series called *Stolen Lives* to start, when suddenly I seemed to zoom in on a vision.

***Imaginary Psychiatrist:*** (Kindly, infuriatingly paternalistic) What do you mean a vision?

***Klipoog:*** I don't know, it seemed a bit weird.

***Imaginary Psychiatrist:*** (Kindly, infuriatingly paternalistic) What do you mean weird?

***Klipoog:*** I was in a vast room, draped with white gauze curtains. The floor was strewn with roses. Porcelain puppets were falling from somewhere, breaking their faces among the petals.

***Imaginary Psychiatrist:*** Are you kidding? Who was the director?

***Klipoog:*** (Kindly, infuriatingly paternalistic) What do you mean director?

***Imaginary Psychiatrist:*** Well, where were those puppets falling from? Somebody must have been throwing them.

***Klipoog:*** (Gets up, goes to window, stares through Venetian blind, lost in introspection) Anyway, there was a blurring mist everywhere, a sense of nostalgia somehow combined with a foreboding of impending doom, if you know what I mean.

***Imaginary Psychiatrist:*** Is it all coming back to you?

***Klipoog:*** I heard soft and eery music by Lindsay du Plessis. I heard a young girl singing, evoking memories of my childhood - not clear-cut, detailled memories, just, well... a kind of vague glimpse at the idea of memories which would later be revealed, hints of repressed trauma, if you know what I mean.

***Imaginary Psychiatrist:*** Well it would be a lot easier if you would tell me who the director was.

***Klipoog:*** Would it help if I told you about the dead body? The one I hated and loved?

Imaginary Psychiatrist: If you really have to. Feel free. Don't mind me.

***Klipoog:*** I didn't write the script, you know.

***Imaginary Psychiatrist:*** Well, who did?

***Klipoog:*** (Ignores him) The little girl dragged me through the blurring mists filled with phantoms. She told me not to be afraid, they couldn't stop me because I wasn't real. They didn't seem to care about me, though.

***Imaginary Psychiatrist:*** (Gently probing) Is there any particular reason why they should?

***Klipoog:*** She dragged me into a boudoir and showed me the body. It was lying in bed as if asleep. White lace curtains fluttered around its face. I felt love and hatred.

***Imaginary Psychiatrist:*** (Bombastically) I think I know why. It was because this was the body of the woman who had deceived you and everybody else all those years, the woman who had pretended to be your mother - but who had in fact bought you, with disconcerting ease, from your real mother. Your real mother covered up the transaction by pretending to leave you in your brother's care, knowing full well the brat wouldn't keep his eye on the pram, giving the woman who had bought you the chance to slip in and whisk her purchase away. And when your mother who had sold you came back she pretended to be surprised at the empty pram and lived happily for a while on the earnings.

The woman who bought you was very rich. She had lost her own baby because she didn't stay on the patio and rest as her husband had told her to do when he left her in her pregnant state to go on a business trip. Instead she got bored and went for a pleasant little drive in her Rolls-Royce and was almost halfway across the country when a tyre got punctured. And when she helped her domestic servant, whom she had brought along just in case, to change the tyre, the spare wheel slipped and - well, she just couldn't very well tell her hubby she had had a miscarriage because of her galavanting about in the countryside. So she bought you and when he came back from his trip she pretended your were his (having sworn her domestic servant to secrecy in a liberal but intimidating tone of voice).

Of course things would have been fine if she hadn't left a letter to you when she died, telling you everything except where to find your real parents. I know you blame her for that, but you must try to understand her position. If you knew all about them and their whereabouts, what would you be searching for in the rest of the episodes? And if she hadn't written any letter at all, well you might have been blissfully ignorant of the Dark Secret - but on the other hand we would never have met. And you wouldn't be sitting there, painfully searching your memory for clues to the truth, wringing your hands -

***Klipoog:*** So are you going to watch it again next week?

***Imaginary Psychiatrist:*** (Kindly, infuriatingly paternalistic) I might.


AFRIKAANS AS STEREO 100-104 FM

**AFRIKAANS STEREO: HOOGTEPUNTE DIÉ WEEK**

*KLANKBORD* - MENSE, MENINGS EN MUSIEK
TYD: MAANDAG 8 MAART, 9.15 NM.
DIE ATKV SE KAMPUSTONEEL WORD KRITIES BESPREEK DEUR VIER TEATERMENSE - JOHAN VISSER, INGRID LINDE, IAN ROSSOUW EN MARINTHA LABUSCHAGNE.
AANGEBIED DEUR SUSAN BOOYENS EN DAWID VAN LILL.

*BURE - KUIER OOR DIE KULTUURGRENSE*
TYD: DONDERDAG 11 MAART, 10.15 VM.
DIE AANBIEDER EVERT SNYMAN GESELS MET INTERESSANTE MENSE MET VERSKILLENDE KULTURE.

*SKRYWERS EN BOEKE*
TYD: DONDERDAG 4 MAART, 9.15 NM.
TT CLOETE SE SESDE DIGBUNDEL, *MET DIE AARDE PRAAT*, WORD BESPREEK. DAAR IS OOK ONDERHOUDE MET DR CELESTINE PRETORIUS OOR HAAR VERRUKLIK GEÏLLUSTREERDE BOEK, *DIE GESKIEDENIS VAN VOLKSKUNS IN SUID-AFRIKA*.
AANGEBIED DEUR DANIËL HUGO.

*DIE VOLK AS DIGTER*
TYD: VRYDAG 12 MAART, 7.15 NM.
ONS OU AFRIKAANSE VOLKSLIEDJIES IS SOMS BAIE LANG VERHALENDE NOMMERS, MAAR SOMS OOK BAIE KORT. IN DIÉ UITSENDING, AANGEBIED DEUR PIETER GROBBELAAR, KAN U VAN ALBEI SOORTE HOOR.

*Orrelmusiek* IS STEUREND EN OPRUIEND.



*As Johannes Kerkorrel laat waai, gaan party mense se harte staan. Ander se voete begin jeuk.*
*Afrikaanse musiek is lankal nie meer 'n eentoondeuntjie nie. Want Afrikaanssprekendes dans nie meer almal na dieselfde pype nie. Die klanke het uitgespat in 'n duisternis nuwe rigtings en by Afrikaans Stereo vang ons dit alles op. Ons luister met 'n fyn oor en voer jou die beste terug.*
*In stereo.*
*Simfonieë, nuwe klanke, volkswysies uit 'n verre, vergete verlede, jong stemme, vars stemme, kabaret, musiek uit die stamlande, wysies van oral. Ons lei jou 'n hele nuwe wêreld binne en vertel jou dinge oor musiek, oud en nuut, wat jou ore sal laat tuit.*
*Ons dink onafhanklik en ons saai landwyd uit op 100/104 FM: Diepteprogramme, insigprogramme, nuus, musiek, drama, humor. Ons is reg om 'n hele paar nuwe snare te roer.*

*r a d i o s o n d e r g r e n s e*

AFRIKAANS AS STEREO 100-104 FM

LINDSAY SMITHERS FCB

# MARKET THEATRE

832-1641

DAVID KRAMER AND
TALIEP PETERSEN'S
*FAIRYLAND*
ONS IS READY VIRRIE
JO'BURG
DIRECT FROM A 2 YEAR
SELLOUT SEASON IN
CAPE TOWN

**LAAGER THEATRE**
832 1641

*THE SHOW'S NOT OVER TIL THE FAT LADY SINGS*
CREATED BY JENNIE
REZNEK AND MARK
FLEISHMAN
DIRECTED BY MARK
FLEISHMAN

**UPSTAIRS THEATRE**
832-1641


*THE HÊPPIE HAWKER*
STARRING SOLI
PHILANDER
AS
D. C. DIAMOND
DIRECTED BY LORRAINE
JAFFIT

**KIPPIES**
832 1641

*UMBONGO*
UNTIL 13 MARCH

**FLEA MARKET**
SPEND YOUR SATURDAYS AT THE ORIGINAL JOHANNESBURG FLEA MARKET WHERE YOU CAN ENJOY LIVE ENTERTAINMENT WHILE YOU BROWSE BARGAIN HUNT IN OUR EXCITING SELECTION OF STORES.

**GRAMADOELAS RESTAURANT**
SERVING AN ASSORTMENT OF DELECTABLE, SPICY, AROMATIC DISHES FROM THE WHOLE AFRICAN CONTINENT.
PHONE: 838-6960



## off the wall and out to lunch

Jennie Reznek and Mark Fleishman have returned home from numerous festivals abroad with *THE SHOW'S NOT OVER 'TIL FAT LADY SINGS*, which opened this week. Fleishman, who also plays the suave, icily contemporary Voice, directs with flair. They tread a tightrope between casual understatement and over-the-top showmanship and pull off a genuinely funny, uniquely absurd and seriously moving piece in the shadow of potential corniness.


Reznek features as a body-suited, red-nosed Belinda. She's a fat breath of fresh air. Belinda's done the diets, agonised the mirror, marched to free fat and now wants to fly (as in aeroplane, as in life). At the airport she's 300 kgs over and spends the rest of the time pondering the question of giving up personal baggage and littering the stage with food, diet books, caricatures, ghosts, accessories and asides. Reznek does a gem. Makes a critic want to go, charming enchanting endearing blah blah.

The team aren't scared of the bottom line on the eating disorder agony. And they're not scared of the ecstasy of transcending the real. There are disguises and honesties and the richest mixture of theatrical traditions to be seen on the local stage in many moons. *The Fat Lady* grabs an audience and doesn't lose them, shakes, stirs and emerges triumphant. Life affirming, sure, it also affirms the growth of the local theatre experiment. Five stars and then some shooting. See it in the Laager at the Market Theatre until 27 March. – **CHARL BLIGNAUT**

# perfeksie

**Die Chinese Akrobatiese Sirkus** gaan gehore by die Standard Bank Arena tot 14 Maart verstom, sê **CHARL BLIGNAUT**

DIE ideale sirkusaanbieding (en die lekkerste vermaak) gebeur wanneer die opvoerders 'n toertjie begin aanbied en die gehoor sit oopmond en dink, jis ek het nie geweet dis moontlik nie - en dan word die toertjie nog verder gevoer, al hoe moeiliker, sodat die inleiding mak lyk en jy maar net verstom in jou sitplek kan sit en af en toe hande klap en cheer.



Die Chinese Akrobatiese Sirkus voer 'n reeks toertjies op wat ons tevore net op TV gesien het en die groot verskeidenheid van die toertjies dra by tot die sukses van die aanbieding.

Eintlik moet jy self gaan kyk. Dié artieste is van die wêreld se beste sirkus-akrobate en die hele vertoning wentel om die Chinese tradisie van balanseerkuns. In een toertjie, byvoorbeeld, lê nege vroue op die grond en elkeen balanseer ses wentelende borde. Maar dié vroue verskaf net 'n agtergrond vir die hoof-balanseerder. Jy sal dertien vroue sien balanseer op een fiets, piramides van balanserende stoele met mense daarop, seuns wat deur hoepels vlieg en rol. Jy sal selfs die wêreld se hoogste sprong (2,50 meter) beleef.

Dié kunstenaars is perfeksioniste: hulle is nie net gesteld op volmaaktheid in afsonderlike toertjies nie, maar ook in die opvoering as geheel. As 'n toertjie nie slaag nie (en dit gebeur met so vier van die heel moeilikstes), dan herhaal hulle dit voor die gehoor totdat dit slaag.

En die moeilikheidsgraad van die groep is nie al suksesvolle bestanddeel van hul vertoning nie. Daar's ook hansworse, monsters, uitstekende kostuums en humor. Maar die Chinese Akrobatiese Sirkus is ook 'n moderne sirkus. Daar's geen diere nie en hulle ontwikkel aanhoudend nuwe toertjies wat nooit tevore opgevoer is nie.

Die sirkus kom uit Rooi China, is in 1949 gestig en bestaan uit 34 lede (die jongste is 14 en die oudste 47). Hulle het al in 21 lande getoer en wen gereeld goue medaljes in die wêreld se voorste akrobatiese en sirkus-kompetisies. Hul reise deur die wêreld is daarop gemik om vriendelike betrekkinge tussen China en ander lande te vestig. 'n Enorme banier verskyn aan die einde van hul vertoning, met die woorde: "The People's Republic of China welcomes it's friendship with The South Africa." Mag die stadion elke aand volgepak wees.



# hoog en laag

**CHARL BLIGNAUT** kyk na program twee van die IGI Life/Vita **Dans-sambreel,** tans op die planke in Wits se hoofouditorium

**DIE** eerste helfte van die Dans-sambreel se tweede program is 'n teleurstelling. Al wat my 'n paar dae later bybly, is 'n wasige mengsel pastelkleurige kostuums, oordramatiese beligting en musiek wat sleg gemeng is (en jy dink, dankie tog, dis verby, maar daar kom nóg 'n snit en hulle dans nóg).

Maar, daar's hoop. Die laaste item voor pouse is 'n nuwe stuk deur Sonja Mayo (sy't die 1985 Vita vir choreografie gewen) met die titel *In The Corridors of my Mind*. Majo het saamgewerk met 19 studente uit die Jo'burg skool vir kuns, ballet, musiek en drama (nou bekend as die National School of the Arts). Dramatiese musiek word deur Philip Glass en Art of Noise verskaf. Dis 'n eksperimentele werk met 'n sterk teatrale aanslag en die soort stuk wat die grense van eietydse dans probeer verstrek. Die openingstonele toon 'n taamlik tipiese avant-garde benadering (kom terug, Robyn Orlin, dis weird sonder jou) wat wel die gehoor uitdaag. Dis die groep-formasies en vloeiende massa-bewegings wat die stuk op dreef kry. Majo bewys dat sy 'n eietydse metafoor kan kommunikeer en sy en die studente bied een van die aand se hoogtepunte.

In die tweede helfte was daar nog 'n paar verrassings. Kim Thackwray se *Who Says?* is van haar voortreflikste stukke choreografie tot dusver. Die stuk - terug in die mimiek-mode en uitstekend opgevoer - is heerlik lig, maar tegnies moeilik. Ook Sylvia Glasser se nuwe stuk, *African Spring*, het beïndruk. Dis die gewone suiwere, groot, African, Glasser ding, maar dié keer het sy die "curio"-aanslag van die dansritueel vernuftig opgestuur deur die tradisionele bewegings en kostuums in die konteks van klassieke musiek te laat opvoer. Die ironie van haar benadering lewer unieke kommentaar. Waarop is ek nie so seker nie.

Moeketsi Koena van die Soweto Dansteater blink uit in sowel Glasser se stuk as Merle Bracher se *To Render Visible*. Hy's seker van die belowendste jong dansers op vanjaar se fees.

Uiteindelik was daar ook Griffiths Matlala se *Ons Dak Nie, Ons Pola Hier*, waarin die Arco Dance Theatre itgeblink het. Weereens is dit die stem van die straat en die maniese, heerlike viering van dans. Twaalf jong elektries gelaaide dansers uit die townships.

FALL OUT

SHELTER

## club culture & [technobriefs]

- A new progressive club for Pretoria (there's already Backeroo's) opens tonight (Friday) at 600 Van der Walt street, Berea Park. It's called ALIEN NATION. Some hot DJ's will be playing from Soul & Progressive House to Hardcore rave. Also chill rooms, holographic funk, VR kits, fractiles, fireworks, bodypaint, a space training centre, UV reactions, smart drinks. Open Wednesday, Friday and Saturday.
- And a new Pretoria art group, ZING FACTORY, has just been launched with the aim of showcasing contemporary arts. "The accent in the 90s," they say, "falls on creative functionality". Their first exhibition, called Reflection, draws from the work of 20 young artists. You can see the work at their venue in The Village Centre (corner Esselen & Meintjies), Sunnyside, Pretoria.
- The Johannesburg club FOURTH WORLD is now open on Wednesdays for a chilled evening of innercity inspiration. Open from 9pm until 2am for sexed, dreamed, dubbed and tranced new House sounds.
- DON SEARLL will be exhibiting a show called HAPTICS at the Everard Read Contemporary Gallery in Rosebank from 13 March. Sensory perception and multimedia. The show promises to lead local art into a more progressive mode. State of the art laser holograms, computerised 3D design and video, infra-red photography, laser sculptures, virtual reality. Be there.
- 2 UNLIMITED, the Dutch techno duo, are touring South Africa. They've had a bunch of dance hits and deserve a local sellout just for toppling Whitney Houston's *I Will Always Love You* from its number one spot on the British charts last week. UNDERCOVER will also be touring soon after. Catch 2 Unlimited on 12 & 13 March at the Waterfront, Cape Town; at Backeroo's in Pretoria on 17 March and at Caesar's Palace in Jo'burg on 18 & 19 March. Tickets from R25 - R40.

- CHARL BLIGNAUT



FOTO: Sally Shorkend

# WIE WIL MOS 'N *HOLLYWOOD* ster WEES?

Sy't 'n "groot en raucous" familie sowel as dramastudies by Stellenbosch oorleef, toe moes **Cindy Samspon** elf karakters speel in die Breughel Teatergeselskap se *Asjas Passie* - 'n vertaling van Dario Fo se drama. Daarna kry sy 'n rol in Petersen & Kramer se *District Six - The Musical.* Nadat Ilse van Hemert haar die rol van die slaaf aangebied het in Truk se *Houd den Bek* het sy besluit om haar Hoër Onderwys Diploma aan die Universiteit van Kaapstad te staak en Johannesburg toe te trek.

Toe volg 'n rol in die koor van die pantomime *Aladdin*, 'n werk as kontinuïteits-aanbieder op M-Net en 'n rol in die ensemble van Brecht se *Caucasian Chalk Circle* in die Markteater onder regie van Gerard Schoonhoven. Toe besluit Sampson sy wil in 'n teatergroep werk en beland in Naruk se Loft-geselskap. Eintlik wou sy in musicals speel en sy't vir 'n Naruk-musiekspel 'n oudisie afgelê. Die mense het gese sy's great, maar was huiwerig om haar die rol te gee want sy't min ervaring in musicals. Haar vraag aan hulle was: moet sy dan eerder terugkom en 'n oudisie aflê as sy 35 is? Sy is nou terug op die planke in die Markteater in Kramer & Petersen se *Fairyland*.

Sy't geen enorme behoefte om oorsee te gaan werk nie. Wie wil mos 'n Hollywood-ster wees? Sy's ook nie te seker van verhoudings nie - al die goeie mans is al gevat. Sy soek geld. Sy't 'n fantasie van sing in 'n rokerige kroeg in 'n rooi rok met 'n man by die klavier en sy's gelukkig. Aan die ander kant wil sy net elke dag in die bed kan klim en sê, ja, dit was 'n goeie dag. Sy's verstommend op die verhoog. Sy kan sing, sy kan dans, sy kan act, "It's like organic."

\- CHARL BLIGNAUT



# Die Wilhelm Tell-roetine

David Cronenberg, regisseur van onder meer *Dead Ringers* en *The Fly*, se ***Naked Lunch*** het pas by die Labia in Kaapstad begin draai. **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** betree die dwelmbenewelde wêreld van Interzone

**ACID** is een ding wat jy nié moet vat voor jy David Cronenberg se Naked Lunch gaan sien nie. Grillerige goggas, monsters met buise op die kop wat 'n taai wit vloeistof afskei (waaraan verslaafdes suig), slymerige pienk organismes... Aliens se "bitch" is meer aptytwekkend.

Maar dít is nogal in die tradisie van Dead Ringers en The Fly, Cronenberg se vorige twee redelik aangeprese films. En soos Dead Ringers (waarin die uitstekende Jeremy Irons die rolle van tweelingbroers vertolk het) en in 'n mindere mate The Fly, is die oogmerk nie horror nie - eerder 'n visuele voorstelling van wat sielkundig skrikwekkend is.

'n Mens ril by die onverwagse aanskoue van die slikkerige verskynsels - maar eintlik meer vir dit wat in die hoofkarakter Bill Lee (Peter Weller) se psige aangaan. Want dis waar Naked Lunch afspeel: in Lee se koorsige dwelmbenewelde brein. Cronenberg het die draaiboek deels op William Burroughs se boek en deels op Burroughs se eie dwelmbelewenis in die vyftigerjare gegrond.



THE shy and vulnerable star of Jesus of Montreal and Black Robe is working his metaphysical stuff again in The Silent Touch which opens on the Ster-Kinekor circuit later this month. This film is significant because it is the first one to benefit from The European Co-production Fund which was set up in 1990 with support from British Screen Finance, the Danish Film Institute and the Swedish Film Institute. It is not surprising, therefore, that it is something of a Europudding. Set in Denmark, produced by a Londoner (Mark Forstater), directed by a Pole (Krzysztof Zanussi), with a cast of international actors from Canada (Bluteau), England (Sarah Miles), Sweden (Max von Sydow) and Denmark (Sofie Gabrol).

The Silent Touch, a comedy melodrama, concerns the remarkable friendship between an infirm classical composer (Von Sydow) and a young musicologist (Bluteau). The French-Canadian actor who blew us away with his performance of the actor-descended-from-heaven in Jesus of Montreal, again plays a character, part angel, part homo sapiens, with healing powers.

Bluteau's London performance of a psychotic male prostitute in Being at Home with Claude is legendary in Thespian circles. Clive Hirschorn of the London Sunday Express wrote that "Bluteau exudes star quality. His mesmerising performance... only whets one's appetite to see him in something the equal of his compelling talent". But what's left after you've played Christ and a psychotic male prostitute?

**MAAR TOG IS** dié nie jou tipiese dwelmfilm nie - hoegenaamd nie. Lee is 'n insek-eksterminееrder met 'n verskil: hy mainline gereeld met torgifpoeier. 'n Gewilde tydverdryf in die Lee-huishouding, die Wilhelm Tell-roetine, dwing Lee om ondergronds (onderbreins?) te gaan na Interzone: 'n donker, nagmerrieagtige wêreld in Lee se brein.

Die inspirerende Judy Davis speel twee Joans: Lee se vrou asook 'n verbeelde Joan in Interzone. Die Interzone-Joan is vasgevang in die Black Meat-burokrasie: Black Meat is die dwelm in omloop - Fadela, 'n bose lesbiër, en 'n slinkse dokter (Roy Scheider) is in beheer van dié dwelm en dus ook van die verslaafdes.

Gou word dit duidelik wat Lee se probleem is: seks. Meer presies: sy eie onderdrukte homoseksualiteit. Lee se dwelmgeïnduseerde hallusinasies neem die kyker deur sy langsame transformasie tot aanvaarding van homself. Dit doen hy deur die skryf van sy boek Naked Lunch - op tortikmasjiene wat kan praat en vyandelike under cover tikmasjiene so af en toe verslind (Lee dráf deur die tikmasjiene). Elke uitgeperste bladsy dryf nog 'n demoon weg.

Weller se vertolking van Lee is meesterlik onderbeklemtoon. Sy onthutsing met die wêreld, sy onvermoë om die realiteit te verwerk en sy gevolglike vervanging daarvan met 'n weersinwekkende gruwelwêreld word oortuigend empaties geïnterpreteer. Vreemd om te dink dat sy "groot" rol dié van Robocop is.

Judy Davis vertolk haar karakter kenmerkend koel dog sensueel. Sy beeld die desperate torgifjunkie ronduit: haar eie vervreemding spreek tot die kyker.

**DIE FILM IS** geskiet in somber kleure; slegs die gedrogte is in pastelkleure getooi. Die beligting herinner aan Barton Fink; Lee se uitrustings ook: hy lyk soos 'n staatsamptenaar in sy donkerbruin pakke en vyftigshoed.

Wat opval is die fyn net-net hoorbare jazzmusieklyn wat deurlopend in die agtergrond speel. Verbystering word by die kyker ontlok: oënskynlik onskuldige tonele is met onrus belade en die gevoel van verdoeming verlaat jou nooit.

Niks in die film is voor-die-hand-liggend nie: die reis is moeilik en met tye onverstaanbaar: talle tonele laat jou in 'n dwaal. Naked Lunch is alles behalwe ligte kykgenot.

